# Die “Profetiese Dialoog” van Bevans en Schroeder - ’n missionale ekklesiologie vir jonger generasies in die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Deur: Nicholas Ivan Delport

Studieleier: Prof. CJP (Nelus) Niemandt

Kursus: MTh (Godsdiens- en Sendingwetenskappe)

April 2014

© University of Pretoria

# Plagiaatverklaring:

Hiermee verklaar ek, Nicholas Ivan Delport,  die volgende:

**Studentenommer:** 26244269

**Studie Getiteld:** In gesprek met “Profetiese Dialoog” van Bevans en Schroeder - ŉ missionale ekklesiologie vir jonger generasies in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

- Dat ek bewus is van die Universiteit se beleid insake plagiaat.
- Dat die werkopdrag my eie oorspronklike werk is.
- Dat ek aan al my bronne die nodige erkenning gegee het.
- Dat ek nie van iemand anders se opdrag gebruik gemaak het nie.
- Dat my taak nie tot ander se beskikking was nie.

______________________________

Voorletters, van en studentenommer



© University of Pretoria

**Universiteit van Pretoria - Nicholas Ivan Delport**

**Student:** Nicholas Ivan Delport

**ID:** 8610315031086

**Studente no:** 26244269

**Titel:** Die "Profetiese Dialoog" van Bevans en Schroeder - 'n missionale ekklesiologie vir jonger generasies in die Nederduitse Gereformeerde Kerk

## Opsomming


In hierdie studie word daar gebruik gemaak van Stephen Bevans en Roger Schroeder se boeke *Constants in Context, Theology of Missions for Today* (2004) en *Prophetic Dialogue, Reflections on Christian Mission Today* (2011). Die doel van die navorsing is om by te dra tot die vorming van 'n missionale ekklesiologie wat toepaslik en toeganklik is vir jonger generasies in die Nederduits Gereformeerde Kerk en wat kan help om die rol van dié kerk in Suid-Afrika te beskryf. Bevans en Schroeder se verstaan van die missionale aard van die kerk kan insigte help vorm wat jonger teoloë in die NG Kerk kan help om 'n eie missionale ekklesiologie te ontwikkel. Profetiese dialoog word in gesprek gebring met die heidige Suid Afrikaanse konteks.

Die gaping van die konteksbeskrywing in Suid-Afrika gaan deur middel van Dion Chang (2012) se studie *New Urban Tribes of South Africa* bestudeer word. Die beskrywing help om die kultuur verskille en generasie groepe in Suid Afrika beter te identifiseer en te beskryf vir die raamwerk van hoe om in 'n profetiese dialoog te kan tree met die huidige konteks. Richard Robert Osmer (2008:46) beskryf dat die belang van enige studie is om 'n deeglike raamwerk te skep van individue, families, gemeente en die gemeenskap buite die kerk sodat daar duidelike leiding gegee kan word vanaf binne die kerk. Chang het wel 'n kommersiële aanslag en fokus, maar die wyse waarop hy die verskeie generasies (*Tribes*) beskryf, gee sinvolle agtergrondskennis van hoe die meerderheid mense in Suid-Afrika funksioneer en hulself ook beskryf. Chang se beskrywing is 'n toepaslike literatuur studie vir die navorsing en bring waardevolle kennis tot die huidige beskrywing van 'n Suid Afrikaanse konteks.


## Abstract


The books by Stephen Bevans and Roger Schroeder,*Constants in Context, Theology of Missions for Today* (2004) and *Prophetic Dialogue, Reflections on Christian Mission Today* (2011) will be the main literature for this thesis. The purpose for using their books is to




© University of Pretoria

help form a relevant and approachable missional ecclesiology for the younger generation in the Dutch Reformed Church. Their description of the missional nature of the church help shape the insights of younger theologians in the Dutch Reformed Church and can lead them to develop a deeper missional ecclesiology.

The context for this thesis will be based on Dion Chang's (2012) study *New Urban Tribes of South Africa.* Chang's description on the South African culture helps to clarify the context of how the younger generation in South Africa think live their lives. Richard Roberts Osmer (2008:46) writes that the importance of any study is to have a detailed description of the community. This includes individuals, families, congregations and the whole community which we live in. The focus of Chang's book does have a more commercial focus but his description is still focused on how the younger generations live their lives and how they think about the world they live in. His study is still very relevant insights for this study and helps brings deeper insights to the people the Church will have to minister today and in the near future.

**Kern woorde:**

- Profetiese dialoog
- Ekklesiologie
- Missionale Kerk
- Tafelgesprek
- Leefstylteologie
- Proklamasie
- Getuie
- Geregtigheid
- Liturgie
- Sending



© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

bl.

## Hoofstuk 1

## Inleiding tot Navorsing

1.1 My posisie as Navorser....................8
1.1.1 Inleiding en Agtergrond tot die Navorsing....................10
1.1.2 Navorsingsdoelwitte....................11
1.1.3 Navorsingsgaping....................12
1.1.4 Navorsingshipotese....................12
1.1.5 Navorsingsfokus....................13
1.1.6 Metodologie....................13
1.1.7 Profetiese Dialoog....................15
1.2 Hoofstukindeling....................20
1.21. Hoofstuk 1: Inleiding tot Navorsing....................20
1.2.1 Hoofstuk 2: Die Begin van Kerk was Sending....................20
1.2.2 Hoofstuk 3: ‘n Ontluikende ekklesiologiese perspektief van sending....................21
1.2.3 Hoofstuk 4: Sending in die vorming van ʼn leefstylteologie....................21
1.2.4 Hoofstuk 5: ʼn Antropologiese perspektief van Dion Chang se beskrywing oor die nuwe generasie in Suid-Afrika....................23
1.2.5 Hoofstuk 6: Missionale Teologie, Almal vir een en een vir almal....................24
1.2.6 Hoofstuk 7: Sintese en Konklusie....................24

## Hoofstuk 2

## Die Begin van Kerk was Sending

2.1 Inleiding....................26
2.2 Sending as Profetiese dialoog....................26
2.3 Die Oorsprong van Kerk was Sending....................27
2.4 Sewe kenmerkende fases van Handeling....................32
2.5 Van die eerste Foute....................38
2.6 Kritiek op “Sending as profetiese dialoog”....................40
2.7 Opsomming....................41

## Hoofstuk 3

## ʼn Ontluikende ekklesiologiese perspektief van Sending

3.1 Inleiding....................43
3.2 Die Bekende en Nuwe Insigte van Missionale Ekklesiologie....................43



© University of Pretoria

3.3 Inkulturasie..........................................................................................45
3.4 Triniteit en Kerk as Gemeenskap...................................................................51
3.5 Opsomming...............................................................................................54

## Hoofstuk 4

## Sending as profetiese dialoog in die vorming van 'n leefstylteologie

4.1 Inleiding...................................................................................................56
4.2 Jesus se sending vorm die kerk...................................................................56
4.3 Verskuiwings binne 'n leefstylteologie..........................................................60
4.4 Van 'n Interne na 'n Eksterne Bedieningsfokus...............................................61
4.5 Van programontwikkeling na Mensontwikkeling...............................................63
4.6 Van Kerk na Koninkryksgevormde leierskap....................................................65
4.7 Opsomming...............................................................................................69

## Hoofstuk 5

## 'n Antropologiese perspektief van Dion Chang se beskrywing oor die nuwe generasie in Suid-Afrika

5.1 Inleiding...................................................................................................71
5.2 'n Nuwe Seisoen vir 'n nuwe konteks...........................................................72
5.3 Chang en sy metafoor van 'n *Cappuccino Country*........................................72
5.4 Die verskeie groepe binne die *Cappuccino Country*…....................................73
5.5 Die nuwe generasie in gesprek met Sending as profetiese dialoog...............77
5.6 Opsomming...............................................................................................81

## Hoofstuk 6

## Profetiese dialoog as 'n Tafelgesprek

6.1 Inleiding...................................................................................................83
6.2 Die Tafelgesprek as metafoor vir die Missionale kerk....................................83
6.3 Gebed en Liturgie om die Tafelgesprek.........................................................87
6.4 Opsomming...............................................................................................90

## Hoofstuk 7

## Gevolgtrekking van Sending as Profetiese dialoog

7.1 Sintese en Konklusie...................................................................................91

Literatuurlys................................................................................................102



© University of Pretoria

**Afkortings:**

**NG Kerk: Nederduitse Gereformeerde Kerk**

**CTU: Catholic Theological Union**



© University of Pretoria

# Hoofstuk 1

# Inleiding tot Navorsing

## 1.1 **My posisie as navorser**

*Without dialogue, without a willingness to "let go" before one "speaks out", mission is simply not possible.*
(Bevans & Schroeder 2004:loc8326)

In hierdie navorsingstuk word die werk van twee bekende missioloë bestudeer en hoe hul perspektiewe ook teologiese nadenke in Suid-Afrika kan help om 'n nuwe missionale teologie te vorm. Ek skryf die navorsingstuk as jong teoloog in die NG Kerk om myself en ander beter te help verstaan, asook om ontwikkelings oor kerk en sending te probeer begryp. Ek het my BTh en MDiv verwerf aan die Universiteit van Pretoria en het die grootste deel van my lewe ook in Pretoria gewoon, nadat my ouers vanaf die Vrystaat hierheen verhuis het.

Ek was van kleins af betrokke by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) en was deel van verskeie bedieningspanne en kampe. Reeds op hoërskool was ek bewus van my roeping om teologie te gaan studeer, maar ek het nooit werklik besef watter avontuur op my wag nie - een wat my lewe verryk en gevorm het tot die persoon wat ek vandag is. Ek was 'n lidmaat by NG Moreletapark waar ek geleer het dat Christenskap nie 'n godsdiens is nie, maar 'n persoonlike verhouding met Jesus. Dit het baie sin gemaak, maar ek het gevoel daar moet meer wees as net dit. In my matriekjaar het ek besluit om eers vir 'n jaar betrokke te wees by sending voor ek met my teologiese studies sou begin. Ek het toe vir die jaar ingeskakel by 'n sendingskool, naamlik FTLT (Focus, Team, Leadership, Training) waar deelnemers aan hierdie program oplei word vir sendingwerk in van die moeilikste geografiese gebiede in Afrika en ook hoe om sinvol kruiskultureel die Evangelie te verkondig. Vir die praktiese deel van my opleiding het ek saam met 'n span vir 3 maande in Malawi in 'n tent gaan bly en daar die mense begin evangeliseer. Ek het self ook 'n sendingskool gestig waar vandag steeds nuwe sendelinge opgelei word.

Nadat ek my studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, is ek in 2011 gelegitimeer as 'n proponent in die NG Kerk. Ek het tans nog nie werk nie en weet dat



© University of Pretoria

baie van my klasmaats ook nog nie beroepe ontvang het na gemeentes nie. In my 2de studiejaar het ek besef dat daar mense is wat glad nie die Evangelie hoor in hul eie konteks nie. Ek het 'n vriend begin help om 'n nuwe styl van bediening te begin en is tans steeds betrokke daarby. Die bediening staan vandag bekend as *3rd Place Church*. Dit sou in die vroeër jare beskryf kon word as 'n ontluikende kerk, maar dis 'n plek waar mense om die Woord kan sit en daaroor gesels, waar mense se spiritualiteit kan groei en verryk word. Dit is altyd belangrik dat mens sal besef dat *3rd Place Church* nie mense teiken wat iets teen die kerk het nie, maar deel vorm van die kerk se hart om ander te bereik en ook die brûe wat dalk gebrand is, te herbou.

Ek is dus steeds 'n proponent in die NG Kerk en is betrokke by *3rd Place*. Tans help ek ook uit by die NG gemeente Pierre Van Ryneveld om my proponentskap te behou tot ek iewers as 'n tentmaker 'n pos kan kry. Ek voel dat dit deel van my roeping is om 'n band te vorm waar die nuwe styl van kerk wees en die tradisionele styl van kerk wees mekaar sal vind en saam sal werk. Ek poog nie om vrae te beantwoord wat konflik tussen 'n nuwe en tradisionele styl probeer hanteer nie, maar fokus eerder op maniere om die Evangelie op 'n geloofwaardige en kontekstueel relevante wyse aan mense te bring. Dit is vir my belangrik om altyd nuut en vars oor die kerk en Christen wees te dink d.m.v. missionale teologie. Dit is iets wat diep binne my hart leef. Daarom skryf ek 'n navorsingstuk wat gemik is op jong teoloë in die NG Kerk en hoe missionale teologie hulle kan help om binne hul eie konteks steeds die Woord te kan bedien, al is dit binne of buite die normale strukture van die lewe.

As navorser en jong teoloog besef ek die realiteite van vandag is uniek en radikaal anders as in die verlede. Die kompleksiteit in ons land t.o.v. kulture, tale en afkoms maak dat mens sensitief omgaan met mekaar en ook dieper moet beweeg as net oppervlakkige verhoudings. In hierdie navorsing word die konsep van "Sending as profetiese dialoog" benut, veral omdat dit fokus op die hele mens en nie net op verskeie godsdienstige sake nie.

Bevans en Schroeder se siening rondom sending as 'n profetiese dialoog het baie vir my beteken en my gehelp om my denke rondom kerk en sending te verbreed en so ook die relevansie van kerk en sending in die huidige konteks te verstaan. Daarom hoop ek dat hierdie navorsing as inspirasie sal dien en meer mense sal motiveer om die boodskap van God se redding in hulle bepaalde konteks oop te breek.



© University of Pretoria

### 1.1.1 Inleiding en Agtergrond tot die Navorsing

"I believe in Christianity as I believe that the sun has risen: not only because I see it, but because by it I see everything else."
— C.S. Lewis
(Goodreads 2013)

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van Bevans en Schroeder se boeke *Constants in Context, Theology of Missions for Today* (2004) en *Prophetic Dialogue, Reflections on Christian Mission Today* (2011). Beide Bevans en Schroeder kom uit 'n Rooms Katolieke agtergrond en uiteraard speel die belangrike besluite van die Rooms Katolieke kerk 'n groot rol in hulle navorsing. Roger Schroeder is in 1979 gelegitimeer en het later sy doktorale studie in Missiologie voltooi. Vandag is hy 'n professor in die vak- gebied wat fokus op inkulturasie. Heidiglik is Schroeder die voorsitter van die Missionale afdeling van die "Catholic Theological Union - CTU" (CTU 2013). Stephan B. Bevans is 'n professor in Sending en Kultuur waar hy reeds ses en twintig jaar lank aan die CTU klas gee. Hy was ook die vorige president van die ["American Theological Society of America'] en het regoor die wêreld verskeie lesings aangebied (CTU 2013). Beide die outeurs se ervaring in die sendingveld en akademie is van groot waarde vir hul vakgebied en kerk.

Jeanette Rodriguez (2013) skryf in 'n artikel *A Respons to Stephen Bevans* dat die konsep profetiese dialoog wat Bevans voorstel, algeruime tyd deel van die teologiese diskoers is, maar daar ook kritiek op die konsep uitgespreek is. Sy vra byvoorbeeld of die aanbieding nie net weer 'n Eerstewêreldse inset is wat voorskryf vir die nuwe wêreld nie (Rodriguez 2013:44). Die term profetiese dialoog is nie eerste deur Bevans of Schroeder aan die orde gestel nie, maar het gegroei uit die werk van die "*Society the Divine Word*". Hulle het wel die term verder ontwikkel volgens hul eie verstaan daarvan (Bevans 2011:1). Rodriguez het dus wel 'n punt beet, maar Bevans se respons is dat die wyse waarop profetiese dialoog verstaan word in Eerste - en Derde Wêreldlande verskil, en dat die fokus van so 'n dialoog deur die konteks bepaal sal word (Bevans & Schroeder 2011:2). Die uitgangspunt van hierdie navorsing is dat Sending as profetiese dialoog nie 'n nuwe styl van teologie wil aanbied nie, maar eerder 'n manier vind van hoe teologie binne 'n kultuur en konteks kan inkultureer en so ook deel vorm van die dialoog wat God reeds binne alle kulture en kontekste voer. J.N.J. Kritzinger (2013:35) verwys in sy artikel *Mission in Prophetic Dialogue* dat die manier hoe Bevans en Schroeder sending as



© University of Pretoria

profetiese dialoog beskryf, relevant is vir verskillende diskoerse oor aspekte van sending. Daarom kan die siening van sending as profetiese dialoog ook in gesprek gebring word binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks.

Die unieke Suid-Afrikaanse konteks word in hierdie navorsing omskryf aan die hand van ŉ studie wat Dion Chang *New Urban Tribes of South Africa* (2012) noem en handel oor die verskeidenheid perspektiewe van die "*Tribes*" (generasies) in ŉ Suid-Afrikaanse konteks. Chang se fokus is meer op die kommersiële wêreld gerig, maar sy beskrywing van hoe die generasies lyk en dink, bied moontlikhede vir missiologiese refleksie. Chang se beskrywing gee die leser ŉ visuele verstaan van hoe mense vandag dink en funksioneer. ŉ Voorbeeld illustreer Chang (2012:loc136) se styl: "*For example, a teenager in a South African township who has a smartphone has the same access to digital media as his counterpart in the suburbs. They may be from completely different socio-economic groups, but their interest may be the same*."

Profetiese dialoog verwys na sending wat gebou is op die toepaslikheid van die gebeure rondom Christus en die Evangelie vir ons tyd. Dit is ŉ dialoog wat binne konteks en kultuur plaasvind en die konteks van die kultuur verstaan sodat die Evangelie korrek en verstaanbaar verkondig word. Profetiese dialoog word dus deur Bevans en Schroeder (2004:loc9205) beskryf as sending wat binne elke konteks ingekulturaliseer moet word. Uit hierdie navorsing word ŉ missionale ekklesiologie vir die jonger generasies tussen die ouderdom van agtien en nege en twintig jaar in die NG Kerk ontwikkel. Die ouderdomme is gekies na aanleiding van ŉ artikel in Beeld wat deur Stephan Joubert (2013) geskryf is "*Vars verstaan van kerk is nodig*". Binne die ontwikkeling van die studie is dit ook nodig dat jong NG teoloë tussen die ouderdom vier en twintig en dertig jaar se perspektief van sending in ŉ huidige konteks verbreed word en ŉ missionale ekklesiologiese perspektief kan kontekstualiseer met behulp van Bevans en Schroeder se profetiese dialoog. Daar word gefokus op hoe jong teoloë binne hul eie konteks die Evangelie kontekstueel relevant kan bring. Om dit te kan bereik word Bevans en Schroeder se verstaan van sending as ŉ profetiese dialoog in gesprek gebring met die huidige Suid-Afrikaanse konteks.

1.1.2 **Navorsingsdoelwitte:**

Die doel van die navorsing is om by te dra tot die vorming van ŉ missionale ekklesiologie wat toepaslik en toeganklik is vir jonger generasies in die NG Kerk en wat kan help om die



© University of Pretoria

rol van dié kerk in Suid-Afrika te beskryf. Die studie beskryf ook die kenmerkende rol van ŉ ontluikende missionale ekklesiologie vir die jonger generasies in Suid-Afrika. ŉ Verdere doelwit is om die insigte van Bevans en Schroeder rondom profetiese dialoog toe te pas in die ontwikkeling van ŉ missionale ekklesiologie. Om die doelwitte te bereik word die sleutelbegrip profetiese dialoog van Bevans en Schroeder in verband gebring met Chang se studie oor hoe die verskeie groepe mense in Suid-Afrika dink. Die studie se doel is om die huidige jonger generasies in Suid-Afrika beter te verstaan, sodat kontekstualisering kan plaasvind. Die doel van die profetiese dialoog is om jong teoloë se verstaan van sending en kerk te verdiep en om ŉ bydrae te lewer tot nadenke oor kontekstualisering in ŉ Suid-Afrikaanse konteks.

### 1.1.3 **Navorsingsgaping**

Bevans en Schroeder se verstaan van die missionale aard van die kerk kan insigte help vorm wat jonger teoloë in die NG Kerk kan help om ŉ eie missionale ekklesiologie te ontwikkel. Bevans en Schroeder is nog nie in enige navorsing toepaslik gemaak en ontgin in terme van die missionale ekklesiologie vir ŉ jonger generasie teoloë in die NG Kerk nie. Die studie wil die gaping begin vul omdat daar baie insigte in terme van Bevans en Schroeder se profetiese dialoog is, wat die ontwikkeling van ŉ kontekstuele relevante ekklesiologie in Suid-Afrika kan bevorder. Missionale teologie vorm en groei deur die jare en is afhanklik van die denke en praktiese gebeurtenisse wat reeds plaasgevind het, en wat beskou word as deel van die profetiese dialoog. Net soos vir alle kerkleiers, word jong teoloë daagliks gekonfronteer met hul siening oor sending en kerk. Die voordeel van ŉ verhelderde missionale perspektief is dat dit mens help om meer sin te maak in en ŉ groter sinvolle impak te maak op daaglikse gebeure. Die uitdaging is nie of die NG Kerk vandag nog relevant is nie, maar eerder hoe die NG Kerk se jong teoloë hul konteks kan interpreteer en sodoende ŉ relevante boodskap oordra. Die studie wil sending as profetiese dialoog in gesprek bring met die huidige konteks van die generasies Suid-Afrikaners en so ook ŉ nuwe missionale ekklesiologie vorm wat insig sal gee aan alle teoloë. Die kerk is nodig en daarom kan mens dit nie uit die prentjie neem wanneer dit kom by sending as profetiese dialoog nie.

### 1.1.4 **Navorsingshipotese**

Profetiese dialoog vorm die vertrekpunt van die studie, en hoe so ŉ dialoog help in die vorming van ŉ nuwe missionale ekklesiologie. Die hipotese maak gebruik van Dion Chang



© University of Pretoria

(2012) se studie oor jonger generasie in Suid-Afrika. Die fokus op die jonger generasies word dan in verband gebring met Bevans en Schroeder (2011) se profetiese dialoog en hoe die NG Kerk hul kan bereik deur te begin om na die jonger generasie te luister. Profetiese dialoog as sending spreek alle mense aan om te luister na hulle konteks en so ook vorm die studie met die insette van die jonger generasies ŉ nuwe missionale ekklesiologie.

### 1.1.5 **Navorsingsfokus**

Die fokus is gerig op die insigte van Bevans en Schroeder se siening rondom sending as profetiese dialoog en hoe deur middel van die insigte, dit toepaslik is in die formulering van ŉ missionale ekklesiologie. Die insigte fokus op hoe die profetiese dialoog die NG kerk kan help om in gesprek te tree met die jonger generasie in Suid-Afrika en hul bediening meer kan inkultureer. Die fokuspunt van die jonger generasie is gebaseer op Chang (2012) se beskrywing van die verskeie generasies wat vandag in Suid-Afrika voorkom. Die teikengroep van sy studie wat binne die raamwerk van die jonger generasie ingesluit word, is die Millenniums of Generasie "Y", gelowige jongmense, Slactivists, Liberale Millenniums, Indiërs en Chinese inwoners, Generasie "Z", die Mandela generasie, en die Reënboog generasie. Die generasies verteenwoordig ŉ multi-kulturele Suid-Afrika wat uit ŉ unieke geskiedenis kom en in ŉ hoopvolle toekoms inbeweeg.

### 1.1.6 **Metodologie**

Die keuse van die studiemetode is gebaseer op ŉ literatuurstudie. Verschuren en Doorewaard (2010:217) maak die stelling dat wanneer daar gebruik gemaak word van literatuurstudies ŉ persoon konneksies vind by ander geleerdes wat aanknoop by die navorsings voorstel om dit te kan verdiep. Die keuse van metode is om die alreeds bestaande studie aan te vul en te bevorder (Kothari 2004:01). Die motivering vir die wyse van navorsing is dat Bevans en Schroeder se verstaan van die missionale aard van die kerk insigte kan gee wat die jonger generasie teoloë in die NG Kerk kan help om ŉ eie missionale ekklesiologie te ontwikkel binne hul bestaande konteks in Suid-Afrika.

Daar gaan ook gebruik gemaak word van ander literêre studies bv., boeke, artikels en briewe wat die fokuspunt rondom profetiese dialoog kan aanvul en versterk vir ŉ Suid Afrikaanse konteks. Met behulp van die bronne wil daar dieper insigte gevorm word oor hoe sending as profetiese dialoog teoloë kan help om missionale ekklesiologie te benader in die huidige konteks. Die Literêre studie is gefokus om alreeds bestaande data te



© University of Pretoria

bestudeer en verder uit te brei sonder om in direkte kontak te wees met die ondersoek (Verschuren & Doorewaard 2010:194).

Die gaping van die konteksbeskrywing in Suid-Afrika gaan deur middel van Dion Chang (2012) se studie *New Urban Tribes of South Africa* bestudeer word. Die beskrywing help om die kultuur verskille en generasie groepe in Suid Afrika beter te identifiseer en te beskryf vir die raamwerk van hoe om in ŉ profetiese dialoog te kan tree met die huidige konteks. Richard Robert Osmer (2008:46) skryf dat die belang van enige studie is om ŉ deeglike raamwerk te skep van individue, families, gemeente en die gemeenskap buite die kerk sodat daar duidelike leiding gegee kan word van binne die kerk af. Chang het wel ŉ kommersiële aanslag en fokus, maar die wyse waarop hy die verskeie generasies (*Tribes*) beskryf, gee sinvolle agtergrondskennis van hoe die meerderheid mense in Suid-Afrika funksioneer en hulself ook beskryf. Chang se beskrywing is ŉ toepaslike literatuur studie vir die navorsing en bring waardevolle kennis tot die huidige beskrywing van ŉ Suid Afrikaanse konteks.

Die literatuur metode help die navorser om verskeie bronne te herinterpreteer sodat die gesprek vanuit ŉ profetiese dialoog sinvol oorvertolk kan word (Verschuren & Doorewaard 2010:196). Deur gebruik te maak van Bevans en Schroeder se studies word daar gekyk na die verskeie kenmerke en eienskappe van profetiese dialoog en hoe dit teoloë help om missionaal te dink en ekklesiologie te vorm onder die verskeie generasies in ŉ Suid Afrikaanse konteks. Die reeds bestaande literatuurstudies help die navorser om belangrike informasie te formuleer en by die bepaalde studie te voeg sodat die doelwit van die navorsing duideliker beruik kan word. Voorstelle om die metodologie te volg in die navorsing is om gebruik te maak van skrywers wat ook ŉ duidelike verstaan het rondom die missionale kerk vir vandag. Voorbeelde van die skrywers is Allan Hirsch, Alan J. Roxburgh en Reggie McNeal.

Die metode skep geleentheid vir die navorser om meer kennis op te bou rondom die realiteit van profetiese dialoog en missionale ekklesiologie, kennis wat help om voorveronderstellings en gedagtes te buig tot ŉ nuwe en dieper verstaan van die binne en buite kerklike konteks (Osmer 2008:59). Die navorsing is dus gefokus op hoe teoloë deur middel van literatuur studie sending as ŉ profetiese dialoog kan gebruik in die vorming van ŉ missionale ekklesiologie vir vandag se Suid Afrikaanse konteks. Dit is ook dan nodig om profetiese dialoog verder te beskryf vir ‘n meer omvattende greep op die studie.



© University of Pretoria

### 1.1.7 **Profetiese dialoog**

Die belang van Bevans en Schroeder se studie is hoe die kerk en sending op ŉ nuwe en sinvolle wyse in veranderende tye geïnterpreteer kan word. Die kerk is besig om te verander en radikale, nuwe skuiwe te maak. Die Suid-Afrikaanse konteks is besig om groot skuiwe te ervaar en sal in die toekoms nog meer verander, met groot implikasies vir die kerk. Volgens die Wêreldraad van Kerke sal die kerk in sy konteks in dialoog moet tree met die verskeie kulture daarbinne, sodat die kerk God binne die konteks kan vind en deel vorm van sy dialoog met ander kulture (WCC 2012:.97). Die kerk sit met nuwe uitdagings en deur middel van Bevans en Schroeder se werk word insig verkry oor hoe die kerk steeds sigbaar ŉ impak kan maak in Suid-Afrika. Hulle teologiese insigte skep hoop en die geleentheid vir die kerk om deel te vorm van verandering, asook God se teenwoordigheid steeds sigbaar te leef. Eerstens moet die karakter van sending beskryf word as ŉ vorm van dialoog (Bevans & Schroeder 2004:loc8278). Dit is ŉ dialoog wat geskep is uit die konteks van waar die kerk se doel is om God se liefde aan die wêreld uit te dra die kerk ook besef dat God reeds betrokke is in die wêreld.

Die term dialoog impliseer die volgende (Bevans & Schroeder 2011:loc639):

- Dialoog skep geleentheid vir berou.
- Dialoog vorm die waarde van dankbaarheid.
- Dialoog geskied waar ŉ mate van selfvertroue nodig is.

Bevans en Schroeder (2011) skryf dat niemand waarskynlik in die antieke tye ooit gedink het dat Samaritane, Grieke en Romeine deel sou wees van die nuwe Christelike gemeenskap nie. In Handelinge vind ons dat dit nie moontlik was deur die werk van Paulus of Petrus nie, maar deur die opstanding van Christus en die werk van die Heilige Gees. Dit daag die kerk uit en om die natuurlike aard van die kerk as gestuurde kerk moontlik te maak, moet die kerk deelneem aan die genesende en verlossende werke van God in hierdie wêreld (Bevans & Schroeder 2011:loc108). Sending as profetiese dialoog bied ŉ benadering wat teoloë kan begelei om ook so ŉ toepassing in Suid-Afrika te ontwikkel. Om sending as profetiese dialoog te verstaan, beteken dus om ingestel te wees op die huidige Suid-Afrikaanse konteks, sodat die boodskap van verlossing sigbaar is vir almal.



© University of Pretoria

Missionale Dialoog veronderstel die volgende (Bevans & Schroeder 2011:loc666):

- Sending in die vorm van 'n skattejag beteken dat in plaas daarvan dat die sendeling dink hy bring 'n skat na 'n nuwe konteks, is hy eerder op soek na die skat in die nuwe konteks.
- Sendelinge besef in hul dialoog is hulle gaste van 'n ander kultuur en moet dus die waarde van hul gasheer respekteer en aanvaar.
- Sendelinge moet besef hulle is vreemdelinge wat nuwe idees en waardes bring na 'n onbekende konteks, en dat dit dus met groot respek en eerbied gedoen moet word.
- Sendingwerk kan verstaan word in die beeld van iemand wat in 'n ander persoon se tuin rondloop. Die metafoor verduidelik dat mense die mooi in mekaar sal raaksien en waardeer, eerder as om te vergelyk.

Dialoog kan nie sonder dade beklemtoon word nie en Bevans en Schroeder verwys na Jesus as die beste voorbeeld daarvan. Jesus het ten alle tye sy woorde met dade aangevul om dit nog beter te illustreer (Bevans & Schroeder 2004:loc8362). Dialoog is dus nie net 'n wyse van hoe gelowiges vir ander moet vertel nie maar ook moet uitleef sodat gelowiges se dade hulle woorde proklameer. Om as getuie te leef beteken dat gelowiges die gewone lewe aanpak met integriteit en die wyse van lewe is gekoppel aan dit wat Jesus vir sy dissipels geleer het en vir die wêreld gewys het. Om as 'n getuie op te tree beteken dat gelowiges se woorde gekoppel is aan hulle lewenstyl (Bevans & Schroeder 2004:loc8392). Om as getuie op te tree word daar as gelowige sensitief gekyk na die konteks waarin dit uitgeleef word. Bevans en Schroeder (2004:loc8483) skryf "Witness is extremely sensitive to the contextual nature of the church's mission. As times change, the need of the church to witness differently and creatively changes with them." Om as 'n getuie te leef is om sensitief te leef binne die konteks van ons bestaan en aan te vul by die dialoë waar God reeds betrokke is.

Proklamasie is die verkondiging van God se boodskap vir die wêreld, 'n boodskap wat die misterie van God se verlossing en versoening behou wat te vinde is deur die openbaring van sy Seun Jesus Christus deur die werke van die Heilige Gees (Bevans & Schroeder 2004:loc8501). Proklamasie is die wyse hoe gelowiges die goeie nuus van die Evangelie oor vertel aan ander mense, 'n storie wat nie net praat van wat gebeur het in die verlede nie maar hier en nou steeds impak maak en die mensdom leer van God se betrokkenheid in hulle lewens (Bevans & Schroeder 2004:loc8518). Proklamasie is om vir ander te vertel hoe om aktief deel te word en die boodskap van die Evangelie sigbaar te leef vir almal en die manier hoe gelowiges dit primêr doen is om te proklameer in die vorm van dialoog



© University of Pretoria

(Bevans & Schroeder 2004:loc8533). Proklamasie het ook verskeie eienskappe wat daarin gekoppel is.

- Proklamasie moet binne selfstandige vertroue gedoen word omdat dit die storie van God is wat verkondig word (Bevans & Schroeder 2004:loc8549). Dit is ŉ vertroue wat gebou is op respek vir ander en vir dit waarmee God reeds besig is.
- Proklamasie moet nooit geforseer word nie maar eerder kenmerkend wees dat dit ŉ vrywillige uitnodiging is vir alle mense (Bevans & Schroeder 2004:loc8565).
- Proklamasie moet uit swakheid en weerloosheid plaasvind (Bevans & Schroeder 2004:loc8597). Om aan ander te proklameer beteken dat dit uit ŉ nederige dialoog plaasvind eerder as die ryk mense wat vir die armes kos gee. Proklamasie is nie ŉ posisie wat aan gelowiges toe vertrou word nie maar ŉ wyse van dialoog wat almal om hulle met nederigheid gesindheid en diensbaarheid behandel.

Proklamasie gaan altyd oor die storie van Jesus en God se genade, regverdigheid en versoening vir die mensdom. Dit erken die waardigheid en die tragedie van die mens maar behou ŉ uitnodiging dat alle mense deel kan word van ŉ gelowige gemeenskap (Bevans & Schroeder 2004:loc8614). Proklamasie is die stem van gelowiges om aan ander te verkondig dat Christus leef en steeds sy hand van redding uitsteek na almal wat dit wil ontvang.

Bevans en Schroeder (2004:loc8293) skryf "*Christian mission, is participation in the dialogical life and mission of the Trintiy. But the dialogue is one that is prophetic.*" Die dialoog moet profeties wees omdat die kerk nie gebind is aan seisoene of gebiede nie maar in alle tye en plekke die goeie nuus van God se hart aan alle mense moet kan verkondig.

Sending as ŉ profetiese dialoog (Bevans & Schroeder 2011:loc794):

- Beskryf die realiteit dat God deel was van ŉ dialoog reeds voor ons geboorte.
- Is die rede waarom daar getuig word. Soos God Jesus gestuur het, so het Jesus sy volgelinge gestuur en daarom vorm dit deel van God se gesprek wat van die begin af gevoer was.



© University of Pretoria

Profetiese dialoog vind ook plaas deur middel van gebed en liturgie iets wat volgens Bevans en Schroeder mis gekyk word deur baie en ook nie besef dat dit deel vorm van sending nie. Bevans en Schroeder (2004:loc8629) skryf "*A life of liturgical celebration and personal prayer and contemplation is constitutive of the church in mission.*" Liturgie kan eerstens gebruik word as 'n hulpmiddel om gelowiges binne die kerk voor te berei vir die sending taak buite die kerk. Liturgie begelei gelowiges om hul taak as getuies in die samelewing uit te leef aan almal om hulle. "*The church, says Lutheran liturgist Robert Hawkins, lives from the center with eyes on the borders.* (Bevans & Schroeder 2011:loc1309)." Liturgie skep ook geleentheid om gelowiges te leer wat werklik buite in die wêreld aangaan en hoe dit gelowiges uitdaag om in dialoog te tree met die konteks. *"The aim of the liturgy is always to be transformed in an encounter with the missionary God, so the liturgy never really ends-so that life becomes, as the Orthodox love to say, the "liturgy after the liturgy"* (Bevans & Schroeder 2004:loc8691). Liturgie is sending in 'n profetiese dialoog wat gelowiges diep bewus maak van hulle eie lewe met God maar ook met die mense en wêreld waarin hulle leef. Dit leer gelowiges van God se hart en help gelowiges om dit uit te leef in hulle omstandighede. Dit is soos wat Bevans en Schroeder (Bevans & Schroeder 2004:loc8736) dit die beste beskryf as dit reg gedoen word: "*Finally, liturgy, when done well, is a celebration of the holiness of culture, from the vestments worn to the language used to the music and gestures that are sung and performed.*"

Gebed is nog 'n wyse van hoe profetiese dialoog uitgeleef kan word. Bevans en Schroeder (2004:loc8768) beskyf dat dit moontlik is vir enige persoon op enige plek en in enige situasie om te kan bid. Dus word gebed ook beskou as 'n missionale daad omdat mens nie net vir jouself bid nie maar ook vir ander. Almal kan dit doen en dit help gelowiges om in gerigtheid te leef saam met God se alreeds betrokkenheid. Gebed in die vorm van 'n dialoog stel gelowiges ook meer oop om te hoor wat op God se hart is en daar vind ook verandering plaas in die met 'n oop gesindheid. Bevans en Schroeder (2004:loc8768) skryf "*it transforms us into more available partners with God's work.*"

Bevans en Schroeder se siening dat missionale teologie gekoppel is aan die samelewing, help dus jong teoloë om die rol van sending in ons huidige konteks beter te verstaan en so ook die Evangelie sinvol aan ander te verkondig. Bevans en Schroeder verhelder die perspektief van sending en teologie vir 'n hedendaagse konteks deur sending as 'n profetiese dialoog te beskryf. Met profetiese dialoog word die realiteit van God se



© University of Pretoria

boodskap in konteks geïnkorporeer. Profetiese dialoog is gevorm oor die opwindende storie van hoe God se Gees die eerste volgelinge geïnspireer het om die nuwe inspirerende boodskap van God te verkondig tot waar die wêreld se grense stop (Bevans & Schroeder 2011:loc108). Om ŉ dialoog te vorm het mens meer as net ŉ bepaalde perspektief en siening nodig, maar mense moet daaroor kan gesels en veral oop wees vir verandering.

Geregtigheid was nog altyd deel van die kerk se missie om na die armes en die wat op die uithoeke van die samelewing leef. Die kerk vandag moet steeds besef dat hierdie ŉ belangrike saak is en indien die kerk dit sinvol wil uitleef na buite moet dit ook so binne die kerk as gemeenskap plaasvind. Die dialoog rondom geregtigheid is een waar die kerk almal herinner aan God se goeie nuus en dat onderdrukking nie aanvaarbaar is in God se oë nie. Bevans en Schroeder (2004:loc8865) skryf "*The church's commitment to speaking on behalf of the world's excluded is the way that the God of justice is heard in the world.*" Die kerk word die stem vir die stemloses en herinner almal dat God in alle eeue nog geregtig op getree het en vandag ook geregtig is. Geregtigheid is nie net ŉ stem vir die weerlose mense nie maar help hulle verstaan dat daar meer is in die lewe as hul eie swakhede. Die missionale stem van geregtigheid help alle mense om hul sterkpunte raak te sien en ook dit wat hulle kan bydra tot die samelewing. Die kerk is geroep om die wyse van geregtigheid saam met die weerlose in solidariteit uit te leef (Bevans & Schroeder 2004:loc8880).

Die kerk se missie bevat ook die boodskap van vrede en om alle mense ŉ weg te leer van hoe om saam in vrede te leef. Bevans en Schroeder (2004:loc8923) beskryf dat die eerste ding wat die kerk moet doen is om vrede te bevorder en om mense in die wêreld die wysheid te gee om eerder die "bewuste keuse" te maak as ŉ "opsetlike/doelbewuste keuse." Dit is nodig dat die samelewing moet hoor dat geweld en oorlog nie die antwoord is vir die wêreld se toekoms nie. Die kerk het ŉ groot verantwoordelikheid om ander te leer wat die waarde van vrede is en hoe om eerder sinvolle keuse te maak as om te draai na geweld as ŉ antwoord. Bevans en Schroeder (2004:loc8952) neem aan dat die kerk se grootste taak in Afrika en Asië sal wees om mense te help verstaan dat die "Shalom van God" die grootste hartsbegeerte was vanuit Jesus se bediening.

Integriteit vir die skepping is gekoppel aan die geregtigheid en vrede wat gelowiges ook moet uitleef teenoor die aarde. Die kerk se roeping om verlossing uit te leef en te



© University of Pretoria

verkondig aan ander mense is ook net so sterk gekoppel aan die skepping en hoe daar teenoor die skepping op getree moet word (Bevans & Schroeder 2004:loc8966). Die manier hoe gelowiges moet lewe in die hedendaagse konteks is om eerder met minder te leef as om te leef vir al die ekstras wat die wêreld so maklik aanbied. Om die skepping te bewaar is om die realiteit van 'n nuwe aarde en hemel sigbaar te stel vir die wat nie meer hoop het vir die skepping se herstelling nie.

## 1.2 Hoofstukindeling

### 1.2.1 Hoofstuk 1: Inleiding tot Navorsing

Hoofstuk een begin deur om die navorser se posisie te verduidelik en ‘n kort agtergrond te skets van waar die navorser se passie vir sending ontwikkel het. Dit beskryf ook die belangrike rol wat Bevans en Schroeder speel in die navorser se persoonlike lewe oor hoe om nuut en vars te kan dink oor kerk binne verskeie kontekste. Die res van die hoofstuk bied ‘n deeglike beskrywing aan van hoe die navorsing plaas gaan vind en wat die doel is om sending as profetiese dialoog te gebruik as middel weg om nuut te kan dink oor missionale ekklesiologie.

### 1.2.2 Hoofstuk 2: Die Begin van Kerk was Sending

Bevans en Schroeder se konsep rondom profetiese dialoog word beskryf en daar word vasgestel hoekom dit kan bydra tot 'n sinvolle kontekstualisering van sending vir die jonger generasie in Suid-Afrika. Daarom word daar gefokus op wat sending is en hoe dit ontstaan het, deur te kyk na die gebeure in Handelinge en hoe dit deur die ontwikkelende kontekste verander het (Bevans & Schroeder 2004:loc510). Dit is belangrik om deur die verstaan van 'n profetiese dialoog te kyk na die verhale in Handelinge en hoe sending in verskeie kulture ingekultureer het. Die hoofstuk bring die fokus na vore dat dit nodig is om nuut te kyk na die vorming van 'n missionale ekklesiologie en dat die nuwe denke jong NG Kerk-teoloë help om deur middel van 'n profetiese dialoog in gesprek te tree met die jonger Suid-Afrikaanse generasie. Bevans en Schroeder se werk word beskou as die vertrekpunt van die insigte om meer missionaal kontekstueel te wees in die bediening binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Die geskiedenis en ontstaan van die kerk deur sending is 'n noodsaaklike wysheidsbron in die vorming van 'n missionale ekklesiologie.



© University of Pretoria

Met die fokus op wat onder kerk verstaan word, word daar ook gekyk na die rol van sending in die vorming en ontstaan van die kerk - hoe sending byvoorbeeld deur die eeue in verskeie kulture gekontekstualiseer het. Bevans en Schroeder (2004) maak gebruik van die boek Handelinge en wys na sewe fases wat hul geïdentifiseer het oor hoe sending en kerk tot stand gekom het, asook na die belang van watter rol ʼn mens in konteks speel in die verkondiging van die Evangelie. Die sewe fases beeld ʼn boodskap van redding uit wat ingekulturaliseer het binne ʼn onbeplande en ongekende konteks. Die verandering dien as ʼn perfekte voorbeeld van mense wat in dialoog was met hul konteks. Vandag sien ons dit as hul sending ervaringe van ʼn God wat leef.

### 1.2.3 Hoofstuk 3: ʼn Ontluikende ekklesiologiese perspektief van Sending

Die styl van sending het oor die eeue baie verander en so het die verandering ʼn spoor van wysheid gelaat oor die ingekultureerde geloof van die vroeë Christene. Die fokus op verandering word begelei deur Bevans en Schroeder se verstaan van sending as ʼn profetiese dialoog. Dit help mens om die gesprek toepaslik te hanteer in veranderende tye.

Hierdie hoofstuk fokus op hoe sending anders lyk as in die verlede en dat die gebeure jong NG-teoloë moet help om ʼn sinvolle missionale en ekklesiologiese perspektief te vorm vir die huidige generasie in Suid-Afrika. Sending het wel voor die kerk ontstaan, maar die hart van albei is dieselfde. Die fokus van die hoofstuk is om die hart van God as Sendeling aan jong NG-teoloë te openbaar (Bevans & Schroeder 2004:loc6782). Die profetiese gesprek het lank voor die kerk begin en so het die kerk deel geword van die gesprek om die boodskap van God se hart sinvol aan ander te verkondig. God het sending begin deur na die mens uit te reik. Daarom kan ons dit ook deel met ander (Bevans & Schroeder 2004:loc6824). Die vorming van enige missionale ekklesiologiese perspektief gaan gepaard met die konteks waarin dit ontwikkel rondom die generasie wat daarmee te doen kry, daarom fokus die hoofstuk ook op die invloed van konteks op teologiese vorming deur middel van die vorming van ʼn profetiese dialoog. Profetiese dialoog as sending dien as die middel van hoe so ʼn gesprek sinvol verandering in ʼn bepaalde konteks kan laat ontwikkel.

Die vorming van enige missionale ekklesiologiese perspektief gaan gepaard met die konteks waarin dit ontwikkel rondom die generasie wat daarmee te doen kry, daarom fokus die hoofstuk ook op die invloed van konteks op maniere om ʼn profetiese dialoog te



© University of Pretoria

vorm. Profetiese dialoog as sending dien as die middel vir hoe so ŉ gesprek sinvol verandering in ŉ bepaalde konteks kan laat ontwikkel.

Met behulp van Bevans en Schroeder se siening oor die sewe fases waardeur die eerste kerk in Handelinge gegaan het as gevolg van verskeie veranderinge in hul omstandighede, kan dit gebruik word as ŉ toepaslike voorbeeld van kontekstualisering (soos in hoofstuk twee beskryf). Hierdie fases van die eerste kerk help jong teoloë om te besef dat mens soms baie afhanklik is van jou konteks en hoe dit jou perspektief van sending beïnvloed en verander. Die groei van die kerk oor die laaste paar eeue was as gevolg van sendelinge wat op verskeie maniere hul konteks beïnvloed het met die Blye boodskap (Bevans & Schroeder 2004:loc6655).

Die eerste kerk was ook nie perfek nie en met behulp van Bosch (2009:50) se studie kan ons van die foute identifiseer en iets daaruit leer wat ons kan toepas op ons eie konteks. Joubert (2013) skryf: "*Wanneer leiers vergeetagtig raak wat betref hul sogenaamde beeld, belangrikheid, rol, vermoëns of invloed, is hulle reg geklee vir die Here se diens. God kan net leë houers volmaak. Hy kan mense gebruik wat nie gedurig hul eie belange beskerm of selfbehep veg vir posisies of erkenning nie.*" In die vorming van ŉ kerk wat toepaslik is vir die konteks, kom geen goeie dinge sonder foute en tweede probeerslae nie. Jong teoloë moet dus nooit wanneer hulle foute maak, opgee of ophou om te droom nie.

Ons bevind onsself in ŉ nuwe sosiale era met nuwe uitdagings, maar ons moet ook geleenthede skep vir sending om op nuwe maniere mense aan te raak. Net soos wat die Christelike geloof groei, groei ander gelowe ook sterk, en daarom sal daar gefokus moet word op die uitdagings wat voorlê vir die kerk in die huidige konteks. Jong teoloë het die geleentheid om vandag nuut en vars te dink, solank hulle besef dat hulle manier van doen nie die enigste manier is nie. Inkulturasie is iets wat nie maklik gebeur nie en kan self pyn veroorsaak (Bevans & Schroeder 2011:loc1701). Verandering is deel van karaktervorming wat iets is wat oor ŉ tydperk van meer as net een gebeurtenis gevorm word (Barna & Dallas 2009:68, 69). Jong teoloë moet besef dat die Evangelie mense van verskeie kulture en kontekste insluit en inspireer om God se boodskap te inkulturaliseer en sy hart aan ander sigbaar te maak deur woorde en lewenswyse.

Daar gaan ook gefokus word op die Trinitariese siening rondom sending as profetiese dialoog en hoe konteks ŉ belangrike rol speel in die vorming van missionale teologie. Dit



© University of Pretoria

is altyd belangrik om te onthou dat die Christelike boodskap deel vorm van die konteks waarin dit gehoor word (Bosch 2009:421). Net soos wat die dissipels en apostels hul manier van bediening verander het, moet ons ook vandag besef dat ons oor baie dinge nuut moet dink, maar die belangrikheid daarvan kan nie verlore gaan nie. Deur die *missio Dei* besef mens dat die kerk deel is van God se reddingsplan vir die wêreld en nie anders om nie. Die Bybel word beskou as God wat Homself aan die mens openbaar en nie net iets van Homself vertel nie (Peterson 2006:24).

### 1.2.4 Hoofstuk 4: Sending as profetiese dialoog in die vorming van ŉ leefstylteologie

Bevans en Schroeder (2004:214) beskryf Jesus se sending as die model van profetiese dialoog waar Jode ook moes leer hoe om nuut oor Judaïsme te dink. In hierdie hoofstuk gaan ons onder andere kyk hoe Jesus se lewe die kerk beïnvloed. Daar gaan ook bestudeer word hoe sending as profetiese dialoog teoloë kan help om ŉ duideliker praktiese verstaan van kerk en sending vir vandag te ontwikkel. Die hoofstuk wil ook die aspekte rondom sending as profetiese dialoog neem en dit uitbeeld in ŉ leefstylteologie. Die opskrif*, ŉ leefstylteologie,* is afkomstig van Reggie McNeal (2009) se boek *Missional Renaissance, Changing the Scorecard for the Church* wat in verband gebring word met Bevans en Schroeder se verstaan van sending as profetiese dialoog en dat die kerk van nature sending is. McNeal (2009:xiv) beskryf sending as volg: "*Missional is a way of living, not an affiliation or activity."* Dit hou verband met die Trinitariese perspektief van Bevans en Schroeder (2009) se siening dat die kerk die gestuurde is om in die wêreld God se redding uit te leef. Daar word ook gefokus op drie skuiwe wat moet plaasvind binne ŉ kerk as struktuur, maar ook binne die mens, sodat lidmate sal besef hoe verandering kan plaasvind. Die hoofstuk beeld uit dat sending nie net ŉ vorm van teologiese denke is nie, maar ook ŉ leefstyl van mense wat leef waarin hulle glo (McNeal 2009:xiv). Bevans en Schroeder skryf dat alle Christene teoloë is (Bevans & Schroeder 2011:loc1832).

### 1.2.5 Hoofstuk 5: ŉ Antropologiese perspektief van Dion Chang se beskrywing oor die nuwe generasie in Suid-Afrika

Die hoofstuk verwys na die afstand wat daar is tussen die jonger generasie en die bestaande kerk. Die doel van die hoofstuk is om die navorsingsdoelwit te verryk en te kyk hoe lyk die bestaande generasies in Suid-Afrika. Dion Chang (2012) se boek *New Urban South African Tribes* word gebruik en daar word gekyk hoe die informasie behulpsaam kan



© University of Pretoria

wees tot 'n nuwe vormende missionale verstaan van kerk in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Met die perspektief van Chang se beskrywing oor die Suid-Afrikaanse konteks gaan daar, deur gebruik te maak van sending as profetiese dialoog, gekyk word hoe dit moontlik is om in die bepaalde konteks 'n nuwe missionale perspektief te vorm.

Chang verduidelik die Suid-Afrikaanse konteks deur 'n *Cappuccino* as metafoor te gebruik: Die onderste deel vorm die meerderheid (47%) en word beskou as arm en middelklas mense, die roomgedeelte (10%) veronderstel dan die meerderheid wit mense en die sjokoladekorrels bo-op die koffie is diegene (2,24%) wat voordeel trek uit die politiese, sosiale en ekonomiese era na die *African National Congress* aan bewind gekom het (Chang 2012:loc181). Chang verduidelik ook dat ons moet besef dat daar reeds 20 jaar verloop het na die eerste demokratiese verkiesing en dat daar dus baie kinders is wat groot geword het in 'n post-apartheid era. Dit verduidelik vir ons iets van die konteks en hoe sending as 'n profetiese dialoog moet inkultureer in alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing in ekonomiese, sosiale of politieke terreine. Daar is iets dieper en unieks in ons konteks, waar verskeie kulture en tale elke dag saam moet funksioneer en met mekaar in gesprek moet tree. Dit is waar Bosch (2009:420) se siening oor kontekstualisering na vore kom wat aansluit by Bevans en Schroeder se inkulturasie. Kontekstualisering is die vorming van die Evangelie in so 'n mate dat dit in alles deel vorm van die wêreld waarin dit voorkom. 'n Gekontekstualiseerde Evangelie is wanneer dit deur middel van 'n profetiese dialoog ingekulturaliseer het en so diep binne die bestaande konteks funksioneer dat die konteks nie daarsonder kan voortbestaan nie.

### 1.2.6 Hoofstuk 6: Profetiese dialoog as 'n Tafelgesprek

Hoofstuk 6 handel oor die konsep van sending as profetiese dialoog wat almal in gedagte hou en nie net die onbereiktes nie (Bevans & Schroeder 2004:loc8248). Volgens Chang (2012) kom daar verskeie "*Tribes*" voor in Suid-Afrika en jong teoloë moet perspektief kry oor hoe die jonger generasies in Suid-Afrika funksioneer. Die boodskap van Jesus se verlossing is ook nie net 'n persoonlike saak nie, maar moet ook in 'n gemeenskaplike verhouding met ander gesien word (Bevans & Schroeder 2004:loc8263). Bevans en Schroeder se siening help ons verstaan dat sending deel is van wat besig is om te gebeur in die huidige konteks en dat dit 'n sigbare en hoorbare realiteit vir almal moet wees in die vorm van 'n profetiese dialoog. Tod Bolsinger (2004:loc270) se siening steun die realiteit omdat hy na die kerk verwys as 'n sigbare verteenwoordiger van die God waarna mense soek. Die boodskap van sending is nie net 'n persoonlike gebeurtenis nie, maar dit is ook



© University of Pretoria

deel van wat gebeur in die hele gemeenskap. Sending as ŉ profetiese dialoog maak jong teoloë se verstaan van God se boodskap wyer as net ŉ individuele ervaring en reddingsplan.

### 1.2.7 Hoofstuk 7: Gevolgtrekking van Sending as Profetiese dialoog

Die laaste opmerkings oor hoe jong NG-teoloë sinvol binne die huidige generasie steeds die reddingsboodskap van God aan almal kan verkondig sonder om die waarheid te verdraai, word in hierdie hoofstuk gemaak. Die opmerkings sal gevorm word deur Bevans en Schroeder se siening oor sending as profetiese dialoog vir vandag te formuleer. Die slotgedagtes fokus daarop om die studie se mikpunte bymekaar te trek en sinvolle aspekte rondom sending as profetiese dialoog na vore te bring wat jong NG-teoloë sal help om ŉ verskil te maak onder die jonger generasies in Suid-Afrika. Dit literatuur wat in die studie geraadpleeg is, sal dien as die finale konklusie oor hoe sending as profetiese dialoog in ŉ huidige Suid-Afrika jong teoloë kan help om sinvol te kan bedien. Die profetiese dialoog van Bevans en Schroeder lei jong teoloë tot ŉ breër verstaan van hulle eie konteks en lewe sodat hulle effektief kan leef en bedien binne hul eie konteks. Sending as profetiese dialoog word beskou as ŉ rigtingwyser van ŉ ingekulturaliseerde missionale ekklesiologie vir jonger NG Kerk-teoloë.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 2

# Die begin van kerk was sending

*Mission, as we have attempted to develop throughout this book, is the church's witness in faith to certain constants.*

(Bevans & Schroeder 2004:loc8309)

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aangedui wat onder sending verstaan word en hoe dit oorspronklik begin het, deur te kyk na die gebeure in Handelinge en hoe dit deur die ontwikkelende kontekste verander het (Bevans & Schroeder 2004:loc510). Daarom is dit belangrik om deur die verstaan van 'n profetiese dialoog te kyk na die verhale in Handelinge en hoe sending in verskeie kulture ingekultureer het. Die hoofstuk fokus daarop dat dit nodig is om nuut te kyk na die vorming van 'n missionale ekklesiologie en dat nuwe denke jong NG-teoloë help om deur middel van 'n profetiese dialoog in gesprek te tree met jonger Suid-Afrikaanse generasies. Bevans en Schroeder se werk word beskou as die vertrekpunt om meer missionaal kontekstueel te wees in die bediening binne 'n Suid-Afrikaanse konteks.

## 2.2 Sending as profetiese dialoog

Die term *Profetiese dialoog* is deur Bevans en Schroeder (2011) aan die orde gestel**.** Die frase kan gesien word as 'n sambreel wat verskeie aspekte van sending omvou, byvoorbeeld gebed, liturgie, kontemplasie, vrede, geregtigheid, integriteit en inkulturasie**.** Dit is nodig om aan die begin van die hoofstuk Bevans en Schroeder se konsep van sending as profetiese dialoog te beskryf. Sending word eerstens gekarakteriseer as 'n dialoog wat geoefen moet word (Bevans & Schroeder 2004:loc8278). Die woord dialoog beskryf die wyse hoe kerk vandag binne konteks op verskeie vlakke met die wêreld kommunikeer. Dialoog skep geleentheid vir berou en dankbaarheid binne die kerk sodat daar verby die eensydige deel van die lewe gekyk kan word en help om die werklike gedagtes tussen mense te openbaar (Bohm 1996:vii). Dialoog is 'n nederige gesprek tussen kerk en wêreld. Dit is belangrik dat die kerk besef haar identiteit is nie soewerein teenoor ander nie, maar dit moet 'n reuk afskei soos 'n soet wierook wat die wêreld nie kan weerstaan nie. Die reuk is profeties van aard sodat die wêreld steeds kan hoor wat die wil van God hier op aarde is. Sending as 'n profetiese dialoog moet verstaan word as Christene wat betrokke is by die Drie-enige God (Bevans & Schroeder 2004:loc8301). Dit



© University of Pretoria

begelei mens tot die verstaan van die konteks en hoe die boodskap van God daarby ingekultureer moet word, maar dit is belangrik om te besef dat die funksie van die profetiese dialoog eerder neig na 'n spiritualiteit as 'n strategie (Bevans & Schroeder 20012:loc134).

**2.3 Die Oorsprong van Kerk was Sending**

Volgens Bevans en Schroeder moet mens by die oorsprong van kerk en waar alles begin het, begin, om sending as profetiese dialoog te verstaan. Een van die realiteite waaroor hulle skryf, is dat een van die belangrikste dinge wat Christene moet verstaan, is dat die kerk nie die allerlaaste belangrikste is nie (Bevans & Schroeder 2004:425). Hierdie stelling sny diep in baie mense se harte, maar dit is nie 'n stelling wat die kerk se doel en funksie minag nie. Nog minder wil dit die belangrikheid van die kerk afbreek, maar eerder die fokus van wat kerk is, na vore bring. 'n Vraag wat elke teoloog vir hom- of haarself moet vra:" Wat is vir my belangrik?" Profetiese dialoog skep 'n geleentheid vir die kerk om te besef waarheen die Heilige Gees haar stuur. Dit is altyd belangrik om te besef dat sending nog altyd God se sending in die wêreld was en dat die mens nie net help deur te verkondig nie, maar ook deur te luister (Newbigin 1989:117,118).

Shane Claiborne (2006:62) skryf in sy boek *Irresistible Revolution* dat mens moet besef die kerk is nie iets is wat gekoppel word aan 'n struktuur nie, maar eerder 'n plek waar mense alles deel wat hulle het en daarbinne niks kortkom nie. Die kerk is mense en nie net iets wat vir 'n uur op 'n Sondag gebeur nie. Avery Dulles (1979) beskryf die kerk as 'n instelling, 'n misterieuse liggaam van Christus, sakrament, voorloper en dienaar. Rondom die verstaan van profetiese dialoog sou mens vra hoe beleef en beoefen ons spiritualiteit binne en buite geboue en strukture. Dit realiteit is dat die een nie belangriker as die ander is nie, maar dat beide dieselfde is, hoewel net in verskeie vorme en plekke.

Alan Roxburgh (2011:loc308) skryf in sy boek *Missional, Joining God in the neighbourhood* dat indien ons werklik weet wat dit beteken om God se mense te wees, sal ons graag op soek wees na dit waarmee God besig is in ons gemeenskappe. Dit sluit aan by sending as profetiese dialoog, omdat net soos Bevans en Schroeder, skryf Roxburgh dat kinders van God altyd die belang van hoe die Evangelie verkondig en uitgeleef moet word in hul gemeenskappe, in ag sal neem.



© University of Pretoria

Missionale teologie fokus op die wese van die kerk en hoe alle teoloë moet begryp dat kerk nie iets is wat jy net doen vir ander nie, maar weerspieël wie jy alleen en saam met ander is. Claiborne het in verband hiermee verduidelik dat die kerk mense is wat saam lewe en groei. Die gesprek binne elke mens se kop oor wat dan reg of verkeerd is, moet eerder skuif na wat die kerk werklik is. Dis die verhaal van Jesus wat ons kom leer het hoe om reeds die koninkryk van God sigbaar te maak vir almal. Die Heilige Gees se inspraak moet nooit ondermyn word nie en maak nie saak hoe die kerk dalk kan misluk in ander se oë nie, dit moet altyd in Christus se identiteit gevestig wees.

Bevans en Schroeder se siening van waar die kerk ontstaan het, begin deur middel van sending waar God se deelname binne die mens se konteks die begin van alle sending was. Die kerk bestaan omdat sending begin het en sending neem die kerk verby sy eie perke in die geskiedenis, kultuur en die mens se normale lewe (Bevans & Schroeder 2004:loc441). Profetiese dialoog bring mens altyd tot die realiteit dat Jesus vir sy volgelinge 'n nuwe lewenstyl kom leer het deur gelykenisse en persoonlike gesprekke. Die kerk het ontstaan uit gesprekke wat mense met mekaar gehad het en die woorde dan in dade omgesit het. Jong teoloë moet die missionale roeping in hul harte uitleef sodat hulle woorde nie verlore gaan aan die wat hul dophou nie. Die storie van Jesus dryf mense tot dialoog met mekaar en met Hom deur woorde en dade. Die doel van die kerk is nie om meer lidmate bymekaar te maak nie, maar eerder om deel te word van 'n gemeenskap wat leef vir die Evangelie en getuies word van God se heerskappy. In die woorde van Bevans en Schroeder: *"Christians are saved to save, reconciled to reconcile"* (Bevans & Schroeder 2004:loc459). Die redding van God dryf mense tot 'n nuwe verstaan van die lewe.

Daar moet verstaan word dat alhoewel die kerk volgens baie mense irrelevant is en buite die konteks van vandag probeer funksioneer, is die kerk steeds besig om vandag miljoene mense se lewens te verander en aan te raak (McLaren 2010:216). McLaren maak ook die stelling dat die kerk waarskynlik die plek is waar die Gees van God aan mense se lewens werk sodat hulle 'n lewenstyl na die voorbeeld van Christus kan vorm (McLaren 2010:228). Dit bring ons ook weer terug tot die essensie van sending, naamlik iets wat gebeur waar God se redding hoorbaar en sigbaar is.

Sending is die rede vir die kerk se ontstaan en groei. Dit is ook vanwaar die kerk die boodskap van Jesus verkondig, opstaan teen die onreg wat plaasvind en bring genesing aan wonde deur middel van rekonsiliasie. Bosch (2009:41) se verstaan van die eerste



© University of Pretoria

kerk se geskiedenis was dat dit 'n sendinggeskiedenis was. Sending is die kerk se fokus wat verskuif van haarself na ander en in die verskuiwing mense aanraak sodat hulle kan besef die kerk is aan hulle kant en nie teen hulle nie (Bevans & Schroeder 2004:loc478). Die wêreld leer ons om altyd fout te vind met alles en dit maak mens blind vir die hoop en positiewe dinge wat gebeur. Die koninkryk van God moet sigbaar wees en 'n verskil maak binne en buite bekende kontekste.

Die boek Handelinge is een van die kerk se belangrikste rigtingwysers wat mens help om te verstaan dat sending die oorsprong van kerk was. Die kerk kom net tot sy volle glorie wanneer besef word dat sending op enige en ook alle plekke in die wêreld moet plaasvind (Bevans & Schroeder 2004:loc500). Die verhaal van Jesus se sending was dat almal deel kon word van God se redding. Sending was nie net beperk tot die Jode of nie-Jode nie. Die boodskap is vir almal en elke persoon wat dit aanvaar, is deel van God se kinders (Bosch 2009:28,29). In die boek Handelinge besef mens weer dat God se hart vir sy kerk uitstrek na die hele wêreld en nie net vir sommiges bedoel is nie. Handelinge 1:8 beskryf 'n nuwe koninkryk en dit is een wat uitstrek tot die einde van hierdie wêreld.

Ons moet besef dat sending lewens transformeer tot 'n nuwe verstaan van God en sy koninkryk. Evangelisasie strek veel verder as 'n bepaalde gemeenskap, maar as ons nie daarmee binne ons eie konteks begin nie, sal ons dit waarskynlik ook nie iewers anders kan begin nie. Evangelisasie was aanvanklik gesien as 'n kognitiewe skuif, maar ons verstaan vandag dat dit 'n transformasie is van die hele persoon (Jones 2001:110). Die dialoog strek van Jerusalem (direkte konteks) tot die uithoeke van die wêreld. Die boodskap van die Evangelie en die verhaal van Jesus verduidelik die rede hoekom die kerk deur die hele wêreld gesien moet word en betrokke moet wees in die wêreld (Bevans & Schroeder 2004:8371). Sending as 'n profetiese dialoog vorm gesprekke wat ander mense intrek en hul opnuut laat fokus op God en sy doel met hulle.

Die vroeë kerk het ook uitdagings gehad en die mense wat bereid was om daaraan te werk en dit te verander het die kerk gevorm tot wat dit vandag is. Die koninkryk van God sal net kan groei deur mense wat, soos in Handelinge, bereid was om op afgeleë plekke waar ander nog nie was nie, te reis, te vertel en te dien. Die koninkryk kon nie groei sonder mense wat bereid was om te gaan na die onbekende nie (Hirsch 2006:loc256). Dit is belangrik om te besef dit was nooit Jesus se doel om 'n beter en ander gemeenskap



© University of Pretoria

van gelowiges buite die Joodse godsdiens te stig nie. Sending as profetiese dialoog spreek die konteks aan en openbaar die werke van God binne hulle eie lewens. Deur Jesus se lewe en leerstellings het mense bymekaar gekom en ŉ gemeenskap gevorm wat vandag as die kerk bekend staan (Bevans & Schroeder 2004:loc592). Jones (2001) wys dat kerk impliseer om ŉ gemeenskap te vorm en om nie kennis bo dit te plaas nie, bou die kerk soos Jesus vir Petrus beveel het.

Bosch (2009:421) wys daarop dat die kerk meer as net ŉ funksie moes vervul in die antieke tye maar dat dit ŉ fundamentele uitdrukking van gelowiges se lewens van die begin af was. Handelinge getuig van volgelinge wat die verhaal van Jesus versprei het na nuwe plekke en so die grense van God se koninkryk verbreer het. Handelinge kan juis as basis gebruik word vir die kerk en help mens verstaan dat die kerk van nature sendinggerig is (Bevans & Schroeder 2004:loc1006). ŉ Groot realiteit wat waarskynlik deur baie misgekyk word, is dat Handelinge ook getuig van mense wat nuwe maniere ontdek het om die boodskap van Jesus te verkondig en dat hulle ook hul bepaalde konteks in ag geneem het (inkulturasie) en daarin die Evangelie getransformeer het (Bevans & Schroeder 2004:loc1032). Die verandering is waarskynlik gedryf deur die hoop op ŉ tweede koms van Jesus Christus en die hoop kan mens dryf tot ŉ nuwe en opregte verstaan van wat dit beteken om die boodskap van Jesus na ander uit te leef. Hoop skep die kans dat alles in ŉ mens se lewe kan verander tot iets totaal anders (McLaren 2007:6). Die gevoel om dinge te verander is nie altyd uit rebellie of opstandigheid nie, maar omdat mens die nuwe veranderinge in jou konteks in ag neem en deel daarvan wil vorm.

Colin Greene en Martin Robinson (2008:xi) skryf in *Metavista, Bible, Church and Mission in an Age of Imagination* dat hoe ons die Bybel in die verlede gebruik het, nie meer so van toepassing kan wees vir vandag nie. Die wêreld en sy omstandighede verander en so ook die uitdagings daarbinne. Die realiteit dat die apostels in Handelinge ook veranderinge moes maak in hul vooraf persepsies en toelaat dat die nuwe omstandighede hulle ook sal lei tot ŉ nuwe, vars manier van hoe om die Evangelie aan almal, en nie net aan sommiges nie, te verkondig. Sending as ŉ profetiese dialoog kan teoloë begelei om die Evangelie deel te maak van hulle konteks en nuwe uitdagings.

Die kerk word eers kerk as dit reageer op God se sendingopdrag en om in die roeping te funksioneer beteken om konstant te verander volgens nuwe eise en omstandighede wat aan die Evangelie gestel word (Bevans & Schroeder 2004:loc2053). Die kerk se stem



© University of Pretoria

moet juis hoorbaar wees in tye van verandering en onsekerheid. In tye waar daar nie antwoorde is nie, moet alle verteenwoordigers van God se koninkryk hulself bewaar van goedkoop antwoorde en kompromieë.

Die Bybel was nie net geskryf vir die Israeliete en Jode nie, maar vir alle mense. Peterson (2006:63) beskryf die Bybel as is 'n storie oor almal en vir almal. Sending as 'n profetiese dialoog maak mens bewus van 'n God wat baie meer persoonlik is en deel vorm van sy skepping as wat mens sou dink (Bevans & Schroeder 2011:loc245). Net soos wat die verhaal van Jesus die gemeenskap in die boek Handelinge verander het en hul gedryf het tot nuwe werklikhede, verander en vorm die verhaal ons steeds in ons hedendaagse konteks. Die Bybel tree profeties op vir elke konteks en tyd. McLaren verwys na die hedendaagse konteks wat ander tipe vrae vra as wat die geval was in die vroeë Handelinge konteks. McLaren (2007:11,12) se vrae handel byvoorbeeld oor 'wat die grootste probleme in die wêreld vandag is' en 'wat sou Jesus gesê het oor hierdie probleme'. Dit kom daarop neer dat ons vrae vandag dalk anders lyk as in die verlede, maar ons kan nog steeds deur die Handelinge verhaal iets leer van Jesus se wysheid wat talle mense wat Hom geken het, se lewens beïnvloed het. Hierdie wysheid kan ons steeds lei in ons hedendaagse wêreld. Vrae skep die geleentheid om 'n dialoog te tree met mens se konteks en die individue daarin.

Bosch verwys na sending as die moeder van teologie en dit is ook belangrik om te besef dat sending in die vroeë eeue nie net iets funksioneel was nie, maar dat dit die fundamentele uitbeelding was van die kerk wat lewe (Bosch 2009:15,16). Sending het nie begin omdat iemand dit voorgestel het nie, dit het onbewustelik in elke ware volgeling van Jesus begin leef omdat andere ook die verlossingsverhaal moes hoor. Die boek Handelinge dien as 'n getuie van mense wat 'n onbekende boodskap na ander uitgedra het. Die boodskap herinner mens om raak te sien dat die konteks waarbinne hulle leef, geen werklike idee het van die boodskap wat in hulle harte leef nie. Die leefstyl van Jesus herinner ons dat almal deel is van God se nuwe koninkryk. Of mens nou arm, ryk, sterk of swak was, het nie saak gemaak nie. Jesus se boodskap het nie net almal ingesluit nie, maar dit het ook die verhoudinge tussen mense herstel en mense bemoedig om mekaar met dienende harte te bedien (Bosch 2009:28). 'n Profetiese dialoog word nie net geskep vir die volgende groot teoloog nie, maar dit laat die gewone mense ook besef dat hul die boodskap kan uitleef met 'n diep gevestigde integriteit van die waarheid wat binne hul leef



© University of Pretoria

(Bevans & Schroder 2004:loc8395). Die volgelinge van Jesus word lewende instrumente van diens aan almal om hulle en nie net mense wat nou en dan barmhartigheid aan ander verleen nie (Nel 1994:36).

Bevans en Schroeder (2004:loc578) bewys dat die vroeë kerk in Handelinge deur middel van sending ontstaan het. Sending vind eers plaas wanneer die gemeenskap binne hul bepaalde konteks onder die leiding van die Heilige Gees begin werk en verkondig.

**2.4 Sewe kenmerkende fases van Handeling**

Bevans en Schroeder (2004:loc577) verwys na sewe fases wat plaasgevind het binne die Handelinge konteks en hierdie fases sal ons help om beter te kan verstaan waar sending en kerk begin het. Die fases roep ons op om altyd bewus te wees van hoekom hulle konteks verander en hoe hul deel van die verandering moet wees, maar die integriteit van die Evangelie te behou. In die artikel *Acts for today's missional church* deur C.J.P. Niemandt (2010b) word gesê dat die sewe fases die kerk help verstaan dat dit altyd oop moet wees vir verandering.

Fase Een (Voor Pinkster): Dit is belangrik om te besef dat in die ontwikkeling van die gemeenskap in Handelinge het Jesus nooit probeer om 'n gemeenskap buite die Joodse gemeenskap te stig nie, maar Jesus se taak was om te preek en te getuig van God se heerskappy in hierdie wêreld. Dit is moeilik om in een definisie te probeer vasvang wat Jesus alles bedoel het met God se heerskappy. Jesus het wel gebruik gemaak van gelykenisse om van God se liefde en vergifnis vir die wêreld te vertel op 'n unieke wyse wat verstaanbaar was en waarmee mense kon identifiseer (Bevans & Schroeder 2004:loc593). Alhoewel daar nie veel aan die begin gesê kon word oor die bediening onder nie-Jode nie, moet mens besef dat die visie van Jesus vir sy volgelinge almal ingesluit het en nie net vir sommiges bedoel was nie. Fase een eindig dan ook met die uitstorting van die Heilige Gees en waar die volgelinge van Jesus met groot afwagting die koninkryk van God verwag (Bevans & Schroeder 2004:loc649).

Die eerste fase beeld uit dat volgelinge van Jesus wat onder die heerskappy van God leef, 'n verwagting het van iets nuuts waar alles anders gaan wees. Niemandt (2010b:6) beskryf die fase as een waar mens wag en toelaat dat die Heilige Gees mens inspireer en begelei. Die afwagting skep die geleentheid om in gesprek te kan tree met jou konteks en



© University of Pretoria

ook so toe te laat vir die leiding van God se Gees daar waar Hy reeds besig is. Die tydperk van afwagting skep ook die geleentheid vir nuwe gesprekke en vrae soos waarom Jesus geleef het. In *How God Became King, The Forgotten Story of the Gospels* deur Wright (2011:loc57) verwys hy dat dit noodsaaklik is om te wag en vrae te vra oor die lewe van Jesus sodat mens vandag sin kan maak daarvan.

Fase Twee (Pinkster): Die uitstorting het plaasgevind, maar nie soos wat die meeste waarskynlik gedink het dit gaan gebeur nie. Die uitstorting van die Gees het die mense laat besef dat hulle die laastes van die ware Israel is en dat hulle as gemeenskap die taak ontvang het om vir Israel te vertel dat daar nog ŉ kans is om alles met God te kan regmaak (Bevans & Schroeder 2004:loc658). Joodse gebruike was nog steeds deel van hierdie gemeenskap en daar was nog geen sprake van ŉ ander manier of wyse van aanbidding nie. Hul ideale wêreld het vinnig verander toe hul besef dat ander lede se denkwyses oor hierdie gebruike van hulle verskil en hulle sou moes verander. (Bevans & Schroeder 2004:loc697).

Soos die verhaal van Handelinge getuig van ŉ vinnige veranderende wêreld, leef ons vandag ook in ŉ tyd waar alles konstant verander en aanbeweeg (Niemandt 2010b:8). Die fase getuig van God se onverwagse ontmoetings wat die konteks waarin mens leef, aanspreek en verander. Die inspirasie van die teks vertel iets unieks van volgelinge van Jesus wat die waarheid gevolg het en Jesus se storie vir ons vandag so geïnterpreteer het sodat ons die begin van God se koninkryk in hul eie lewens raaksien en weet dit was waar (Wright 2011:loc1762). Dit was die begin van die eerste gelowiges se reis na die uithoeke van die wêreld. Die kerk kan net verstaan word wanneer ons besef dat sending nie beperk is tot enige plek of tyd nie. (Bevans & Schroeder 2004:loc493).

Fase Drie (Stephanus): Sommige Grieke het gekla dat hulle weduwees nie so goed behandel word soos die ander nie en dit het tot gevolg gehad dat daar sewe manne aangestel is om seker te maak dat dit nie meer gebeur nie. Die eerste kerk (Handelinge) is ŉ voorbeeld van ŉ kerk wat verskeie uitdagings en veranderings moes hanteer deur middel van ŉ geesvervulde lewe (Niemandt 2010b:2). Stephanus was een van die sewe gekose mans en hy was wys en Godvresend. Verder was hy ŉ energieke prediker en mense het hom hoog geag. Jaloesie het egter veroorsaak dat vals getuienis teen hom ingebring is, sodat hy gevange geneem kon word. Stephanus herinner die Jode dat hul moet besef dat deur die eeue was hul die gestuurdes van God en Jesus self is tot die



© University of Pretoria

dood veroordeel. Daar het in die tyd ook ŉ groot oproer plaasgevind teen die volgelinge van Jesus en hul was daarom geforseer om uit Jerusalem weg te vlug na beter en veiliger omstandighede (Bevans & Schroeder 2004:loc769). Die verspreiding van die Christene het veroorsaak dat die Evangelie sodoende wyer versprei is as net Jerusalem.

In die fase word daar eerder gefokus op die verspreiding van die eerste volgelinge as die konflik. Een van die mees radikale gebeurtenisse in die vroeë kerk was dat dit toe nie meer net ŉ Jerusalem kerk was nie. Bevans en Schroeder (2004:loc442) beskryf sending as iets waar die kerk verby sy eie grense strek in die geskiedenis, kultuur en mense se lewens. In hierdie fase besef ons dat Christus se opstanding en redding vir almal bedoel was en ook met ŉ prys geskied het. In *The Cost of Discipleship* deur Dietrich Bonhoeffer (1998:loc381) word gesê dat almal wat die genade van Christus werklik begryp, raak met hul hele menswees gehoorsaam aan Christus. Die fase wys op die genade van Christus wat sy volgelinge begelei het om die boodskap wyer te verkondig as net die strate van Jerusalem.

Fase Vier (Samaria en die Etiopiese Kerk): Die verspreiding van die gelowiges het ŉ groter verspreiding van die Evangelie tot gevolg gehad. Die Christelike gemeenskap het uitgebrei en het ook meer invloed gehad onder die nie-Joodse gemeenskappe. Filippus begin ŉ gemeenskap onder die Samaritane wat die goeie nuus aanneem en instem om gedoop te word. Self Johannes en Petrus was na die gemeenskap gestuur om die nuwe gelowiges te seën met die doel om hul besluite te bevestig en hul te verwelkom.

Die fase beeld uit waarna Roxburgh (2011:loc459) verwys as hy vra hoe kan mens die konsep van my kerk wat moet groei uitbrei na ander wat dit nodig het. Kerk is die vorming van ŉ gemeenskap waarin ander mense kan deel, wat weer die storie van God se reddingsplan met ander deel. Wright (2011:Loc1819) verwys na die Evangelie as die vertrekpunt van God se nuwe mense. Die stories was die vertrekpunt van die Handeling verhale en ook ons s'n vandag. Hierdie verhale in Handelinge kan vandag beskou word as die seën van die eerste volgelinge wat wou seker maak dat ons wat dit vandag lees, ook daarin deel en dit gebruik as ons vertrekpunt.

Fase Vyf (Cornelis en sy gesin): Cornelis se verhaal in die vroeë kerk is baie besonders. Cornelis was ŉ heiden wat tot geloof gekom het in Jesus Christus. Die gebruik van



© University of Pretoria

Cornelis as voorbeeld was om vir almal te bewys dat God enige iemand kan gebruik en dat almal voor Hom gelyk is (Bevans & Schroeder 2004:loc840). Cornelis se voorbeeld was 'n belangrike voorbeeld van 'n nie-Jood wat tot geloof gekom het en wat ook 'n verskil kan maak. God is besig om vir sy gemeenskap 'n heeltemal nuwe prentjie te skets sodat almal kan besef wie deel is van God se nuwe koninkryk (Bevans & Schroeder 2004:loc880).

Vandag is dit algemeen bekend dat almal kan deel in die verlossing van Jesus Christus, maar dit is wat die fase so uniek maak met 'n boodskap wat almal intrek. Niemandt (2010b:5, 6) sê dat kerk nie gemeet kan word deur die hoeveelheid geld in die bankrekening nie, maar dat kerk 'n plek is waar die Gees mense lei en aanraak om deel te wees van God se redding. Die boek Handelinge is 'n geskrif wat getuig dat Jesus nie weg is nie (Joubert 2012:231). Cornelis se verhaal vertel nie net van 'n nie-Jood wat gered is nie, maar van 'n Redder wat leef.

Fase Ses (Antiogië): Die boodskap het nog verder gestrek en groot invloed gehad in Antiogië, een van die groot Romeinse stede. Die grootste bekeerlinge hier was Grieke wat 'n totaal ander siening gehad het as Jode oor godsdiens. Die interessantheid hier is dat Jesus onder die Jode bekend was as die Messias, maar Jesus is anders beskryf aan die heidene. Hulle het eerder gepraat van die "Here Jesus" wat 'n beter beskrywing vir hulle was sodat hulle kan besef wie Jesus werklik is, as om hom te beskryf het as die net die "Messias" (Bevans & Schroeder 2004:loc903). Die radikale sprong wat hier geneem is dat die Evangelie vir die eerste keer buite die grense van Judaïsme se kontekstuele taalgebruik gestrek het (Bevans & Schroeder 2004:loc912). Die ander kenmerk van die verspreiding van die Evangelie is dat in Antiogië die gelowiges vir die eerste keer Christene genoem is (Bevans & Schroeder 2004:loc927).

Die fase beklemtoon dat die boodskap nie meer binne die beheer van enige stad of mensegroep was nie. Bosch (2009:193) beskryf dat die vroeë kerk nie 'n draer van kultuur was nie. Wanneer die uitdaging na vore kom om kruiskultureel die storie van Jesus oor te vertel is die fase 'n kragtige voorbeeld van volgelinge wat bereid was om dit te doen. Die fase getuig van die groei en fondament waarop Christene hulle lewens en gemeenskappe gebou het. In *The book of Acts* deur Peter C Wagner (2008:17) skryf hy dat die manier hoe Handelinge getuig van 'n groeiende geloof was as gevolg van ware volgelinge wat Jesus se lering as basis geneem het en daarop gebou het. Die groot groei was omdat die



© University of Pretoria

reddingsboodskap van God nou Jode en nie-Jode ingesluit het (Wagner 2008:18). Jesus se nuwe beskrywing van die nie-Jode het hulle help besef wie Jesus werklik is en daarom kon hulle ook die storie van God se redding deel.

Fase Sewe (Sending na die Heidene): Hier vind ons die verhaal van Paulus wat die goeie nuus verkondig aan die Jode, maar ons vind dat die nuus so versprei het dat die hele stad se mense opgedaag het om te luister na wat Paulus te sê gehad het. Die Jode was jaloers, maar Paulus spreek hul aan deur te sê dat alhoewel daar eerste vir die Jode vertel is, het hulle nie die boodskap aanvaar nie, maar die heidene het die boodskap gehoor en dit aanvaar met blye harte (Bevans & Schroeder 2004:loc960). Die gelowiges was nou beide Jode en heidene en so is die Christelike gemeenskap ook gevorm waar ons kan sien en besef hoe die goeie nuus binne die konteks waarin dit beland het verander het sodat mense dit kon verstaan en deel maak van hul lewens. Niemandt (2010b:6) se siening oor sending beeld die fase uit as 'n vorm van kontekstualisering. Hiermee word bedoel dat die kerk altyd deel is van sending en dat die wyse waarop sending plaasvind, sal aanpas by die konteks waarin dit funksioneer. Paulus se stelling is dalk hard, maar sy boodskap was vir almal en almal wat dit aanvaar het en 'n dissipel geword het, moes ook weer aanpas by die nuwe manier van leef. Leonard Sweet (2010:loc296) skryf in *Nudge* dat wanneer die Woord verkondig word, dit 'n uitnodiging is aan die gebroke mens om Christus te ontmoet wat gebroke mense lief het. Handelinge is 'n verhaal wat getuig van gebroke mense met 'n storie wat mens weer heel maak en as iemand eers heel gemaak is, kan hy nie anders as om dit vir ander te vertel nie.

Bevans en Schroeder (2004) se studie van die Handelinge kerk is 'n voorbeeld van hoe kerk anders was as net die normale tempelbediening waaraan die Jode gewoond was. Die sewende fase beeld uit hoe die boodskap van Christus gegroei het en deur middel van sending kerk geword het. Ons begrip vandag is dat kerk iets is wat op 'n Sondag plaasvind binne 'n bepaalde gebou. Alhoewel die perspektief stadig maar seker besig is om te verskuif, sien ons fisies nog die kenmerke van die vroeëre verstaan van kerk. Die kenmerke van Bevans en Schroeder (2004:945) se sewende fase is dat sending die rigtingwyser was vir gelowiges as gevolg van die fondament waarop dit gebou was. Die afwagting op die nuwe koninkryk het gelowiges gemotiveer om die Goeie Nuus te verkondig en dit was 'n teken van hoop waarin almal kon deel. Met die koppeling aan sending as 'n profetiese dialoog moet sending uitgeleef word in 'n dialoog omdat dit deel is



© University of Pretoria

van God se natuur (Bevans & Schroeder 2011:loc532). Die fases is 'n uitbeelding van 'n dialoog wat gevorm is tussen diegene wat die reddingsboodskap verkondig aan die wat dit nog nie gehoor het nie.

In *Pagan Christianity* deur Frank Viola en George Barna (2002:loc90) skryf hul dat die kerk van die eerste eeu 'n organiese entiteit was. Dit was 'n lewendige entiteit wat hulself heeltemal anders uitgeleef het as die kenmerkende institusionele kerk van vandag. Die kerk het in alle kontekste plek gevind om 'n verskil te maak, maar in die laaste paar jare is daar duidelik 'n vraag of die kerk vandag nog verander in die bepaalde konteks. Die laaste stelling kan gesien word dat mense nuwe en meer gepaslike maniere van kerk-wees soek of mens kan besef dat die ou manier (eerste eeu) van kerk wees iets is waarna almal stelselmatig terugkeer. Die sewende fase wys daarop dat die Christelike gemeenskap gebore is en volgens Viola en Barna (2002:loc356) was dit die eerste godsdiens op die planeet wat geen heilige voorwerpe, persone en plekke gehad het nie. Die godsdiens was gebore in huise, agterplase en in die strate en vir die eerste drie eeue was daar geen spesiale geboue vir die Christelike geloof nie.

Die kerk van vandag is nie dieselfde as in die verlede nie en dit beteken nie dat dit verkeerd is nie, maar dat dit wel ook nie vir altyd so gaan lyk nie. Die hedendaagse wêreld lyk anders en gaan ook anders na dinge in die toekoms kyk. Die vraag wat jong teoloë wel moet vra, is of die kerk wel sigbaar gaan wees vir mense in die toekoms. Die sigbaarheid impliseer nie geboue nie, maar mense wat die weg van Jesus leef. Om dit te handhaaf, plaas Bevans en Schroeder (2011:loc1241) die klem op teoloë om meer gefokus te leef deur te luister, leer en onderskei hoe die boodskap deel vorm van die konteks.

Die kerk word die kerk wanneer dit reageer op die roeping wat God op die kerk geplaas het en wanneer die kerk met 'n sendinggefokusde motief leef, sal dit besef dat dit konstant moet bly verander soos wat die boodskap wat dit dra, nuwe kontekste ontmoet (Bevans & Schroeder 2004:loc2053). Sendingwerk was meer as net 'n verkondiging van die Evangelie; dit was 'n lewenstyl van liefde. Die gewone mense het die blye boodskap binne in hul harte uitgeleef en deur hul lewenstyl ander aangeraak met 'n lewende boodskap van verlossing en liefde (Bevans & Schroeder 2004:loc2404).



© University of Pretoria

Die siening oor kerk as instelling word in die algemeen negatief ervaar en iets wat nie moes gebeur het nie. Hirsch help mens om dit eerder op 'n ander manier te sien waar hy sê dat mens eerder die eerste eeuse kerk moet beskou as voor institusioneel. Hirsch (2006:loc2430) neem aan dat alle lewende sisteme 'n bepaalde vorm van struktuur moet aanneem om te kan bly oorleef, maar mens moet besef dat struktuur nie lewe skep nie, maar dit onderhou die lewe wat geskep word. Hirsch se siening oor organies en instituut laat mens net weer besef dat daar nie 'n reg of verkeerd moet wees in die soeke na nuwe maniere nie, maar dat mens moet besef dat daar verskeie maniere is en saam kan beide die verlede en hede mens help om tot vernuwing te kom.

**2.5 Van die eerste Foute**

In die soeke na wat kerk is en hoe ons dit reg doen, is die boek Handelinge 'n goeie keuse, maar mens moet besef dat alles ook nie toe reg gedoen is nie. Die eerste eeuse kerk was nuut en ook maar vol foute. Bosch herinner mens aan die verskille wat daar was tussen Jesus se dissipels, en die boek Handelinge verwys ook na 'n paar verskille, konflik, foute en leiers wat verkeerde besluite geneem het (Bosch 2009:50). Bosch wys na drie foute wat die eerste eeu se kerk gemaak het:

1. Jesus het geen intensie gehad om 'n nuwe godsdiens te stig nie, maar met die nuwe beweging in die antieke tyd het sy volgelinge wel 'n nuwe vorm van aanbidding geskep (Bosch 2009:50). Die styl van aanbidding is vandag vir ons as kerk bekend en word ook nog sterk gekoppel aan 'n gebou. Dit is asof mense nie kan aanbid sonder 'n plek van godsdienstige status nie.

2. Die vroeë kerk wat eers beskou was as nuwe beweging sonder 'n bepaalde plek van byeenkoms, het weer 'n plek gekry van aanbidding en strukture. Bosch skryf dat ons kan sien hoe die vroeë kerk diakens en ouderlinge begin aanstel het sodat die bestaande kerk onderhou kon word en meer begin fokus het op hulself as die wêreld rondom hulle (Bosch 2009:50, 51).

3. Die derde saak waarna Bosch verwys is dat die eerste eeu se kerk nie daarin kon slaag om Jode tuis te laat voel nie (Bosch 2009:51, 52).

Hierdie is waardevolle gedagtes van Bosch, maar hy vra die vraag of die vroeë kerk die foute of uitdagings kon voorkom het. Foute is wel moeiliker om te erken as die goeie in



© University of Pretoria

die lewe, maar sonder foute gaan daar nooit geleer kan word nie. Hirsch se stelling wat ook vroeër gemaak is oor die realiteit of elke organiese beweging ŉ struktuur kort om te bly oorleef wys dat die kerk as instituut nie so ŉ slegte verandering was nie. Hirsch (2006:loc515) praat ook direk met vandag se Westerse wêreld perspektief wat gedryf word deur die verbruikersmentaliteit dat daar nie so gedink kan word oor dissipelskap nie. ŉ Strukture vorm om beweging te kan onderhou nie om ŉ produk te dupliseer nie. Struktuur moet as basis dien vir mense om hul geloof aktief te kan uitleef. Hirsch (2006:483) se beskrywing van die verbruikersmentaliteit kan bygevoeg word by Bosch se verstaan van dinge wat die kerk verkeerd aangepak het. Die kerk is nie ŉ fabriek waar mense gedupliseer word en een fundamentele verstaan van Christenskap het nie. In die artikel *Handelinge en Gestuurde Gemeentes* deur Jannie Swart (2009) kom hy tot die konklusie dat sending die rede is vir die ontstaan van kerk en indien die moeder van die kerk sending is, sal die manier hoe ons vandag oor kerkplanting dink, moet verander. Kerk word geopenbaar deur die manier hoe ons as dissipels optree en nie deur ons kerk as struktuur te dupliseer nie (Hirsch 2006:loc1320). Die foute kan baie beïnvloedbaar wees, maar in *Deep Church, A third way beyond Emerging and Tradition* deur Jim Belcher (2009:67) skryf hy dat mens nooit moet ophou simpatie betoon aan diegene wat nog nie verstaan wat dit is om anders te lewe nie.

Bosch verwys ook na die realiteit dat elke religieuse beweging wat al plaasgevind het en vandag nog oorleef, is as gevolg van die strukture wat daarom gebou is (Bosch 2009:52). Daarom moet mens besef dat die stories geskryf is deur mense met verskillende ervarings en dat hulle ook foute gemaak het. Daar is ook baie dinge wat nie binne die teks vasgevang kon word of verduidelik kon word nie, maar daaruit kan ons baie leer en ons kan ook nog meer leer soos ons verder bou aan die stories (Peterson 2006:40-42). Die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge moet ook beskou word as een verhaal waar Jesus se lewe ŉ nuwe inspirasie was tot die ontwikkeling van die vroeë kerk en die ontwikkeling van ŉ nuwe beweging wat tot vandag toe nog sigbaar is (Bosch 2009:55).

Dit is as gevolg van die eerste eeuse mense wat ŉ boodskap met volle oortuiging verkondig het aan ŉ wêreld wat dit drasties nodig gehad het dat ons vandag nog steeds daaroor kan praat en daaruit kan leer. Die vroeë skrywers was getuies van ŉ storie wat lewens verander en nuwe bewegings gevorm het wat vandag nog met ons is en ons in baie situasies kan leer. Dit is die groot en klein beskrywings in die teks wat ons lei tot ŉ nuwe verstaan van wat dit is om vandag kerk te wees en hoe om die stories van die



© University of Pretoria

verlede deel te laat vorm van ons hedendaagse wêreld, want alhoewel die konteks verander het, bly die storie nog voortleef (Peterson 2006:50).

**2.6 Kritiek op Sending as profetiese dialoog**

As navorser is dit nodig om ook nodige kritiek op die werk van Bevans en Schroeder in verband te bring met *Sending as profetiese dialoog*. Cobus Van Wyngaard (2010) skryf in sy artikel *Response to Roger Schroeder: Reflecting on prophetic dialogue in the context of South Africa* dat hy van die werk as sinvol beskou, maar ook daarvan wil bevraagteken. Hy vra onder andere of *sending as profetiese dialoog* werklik geleentheid skep vir almal in die Suid-Afrikaanse konteks. Dit is ook belangrik om hier te besef sy kommentaar is op Bevans en Schroeder se hoofstuk *Missional as Prophetic Dialogue* in die boek *Constants en Context*. Van Wyngaard verwys na die hele *SA Turn Back to God*-beweging waar dit wil voorkom of die meer gegoede of ryker klas in Suid-Afrika ŉ profetiese stem het, teenoor die laer en armer klasse in Suid-Afrika. Sy kritiek is of mens die beweging dan werklik kan beskou as ŉ profetiese dialoog omdat dit so beperkend is tot net die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap. Van Wyngaard maak sy stelling deur te verwys na van die uitdagings in Suid-Afrika, soos HIV, en vra of dit nie ŉ beter vorm van profetiese dialoog vir die kerk sou wees om aan te spreek en meer tyd te investeer nie? Vir Van Wyngaard is dit duidelik ŉ etiese kwessie om te bepaal wat op die oomblik die nodigste in Suid-Afrika is, eerder as om net op ŉ bepaalde groep te fokus en dit te beskou as ŉ profetiese dialoog.

Die kritiek van Van Wyngaard is belangrik omdat dit die kerk laat besef daar is meer om te doen in Suid-Afrika op ŉ sosio-ekonomiese vlak as om ŉ groep mense wat reeds die Evangelie gehoor het, weer daarvan te vertel. Van Wyngaard het egter nog nie die opvolgboek van Bevans en Schroeder wat net handel oor die konsep van *Sending as Profetiese dialoog* gelees toe hy sy kritiek uitspreek het nie, omdat dit eers in die jaar 2011 verskyn het. In die nuwe werk vind mens dat *sending as profetiese dialoog* gelowiges help om meer sosio-ekonomies te dink en hulle geloof so uit te leef dat dit geregtigheid uitleef vir die wat onderdruk word (Bevans & Schroeder 2011:loc1327). Bevans en Schroeder se verstaan van *sending as profetiese dialoog* is dat dit ŉ stem bied vir die kerk en gelowiges om meer sinvol deel te vorm van hulle konteks. Dit behels nie net die direkte konteks soos byvoorbeeld jou eie kultuur en mense nie, maar ook die breë konteks moet in ag geneem word. *Sending as profetiese dialoog* bied ŉ stem vir almal en nie net vir sommiges nie. Dus kan enige gelowige sy geloof uitleef in sy bepaalde konteks en ook



© University of Pretoria

verder as dit. *Profetiese dialoog* help gelowiges om hul geloof meer te inkulturaliseer, wat sinvol is vir 'n Suid-Afrikaanse konteks wat met 'n groot verskeidenheid van mense en kulture sit wat saam leef en elke dag 'n bestaan maak. Hul siening van inkulturasie pas ook sterk binne die Suid-Afrikaanse teoloog Bosch wat sending as kontekstualisering beskryf. Sending is die wyse hoe gelowiges hulle geloof uitlewe in 'n konteks waar ander mense dit nog nie gehoor het nie of weer moet hoor.

## 2.7 Opsomming

In die hoofstuk is daar beskryf dat sending die begin van die kerk was. Dit is belangrik om te besef dat die kerk ontstaan het as gevolg van die sendingbeweging en nie andersom nie. As navorser word daar bevind dat die kerk in die eerste eeu 'n beweging was wat deur mense uitgeleef is as gevolg van die boodskap wat hulle lewens vir altyd verander het. Na aanleiding van die vroeë kerk besef ons dat die boodskap op een plek begin het, maar bedoel was en is vir almal wat daarin glo. Die vroeë kerk leer ons dat die kerk 'n verskil in normale mense se lewens gemaak het en hulle het uitgeleef waarin hulle geglo het. Die metafoor van reuk soos deur Bevans en Schroeder (2004) beskryf, bring ons tot 'n konklusie van die hoofstuk waar ons self die waarde van kerk in die wêreld moet besef. Die reuk van die kerk moet so geïntegreer wees met die konteks, dat dit orals geruik kan word en mense saam op reis neem. Roxburgh (2011:loc230) herinner ons om altyd God te soek binne die gemeenskap en in hierdie soeke moet mens deel vorm van wat God besig is om te doen.

Bevans en Schroeder (2004:loc12355) beskryf in *Constant in Context* dat die gebeure rondom die vroeë kerk gebruik kan word om die realiteit rondom sending wat nie beperk kan word ten opsigte van tyd en plek nie, te beklemtoon. Die eerste eeuse kerk het ook verskeie veranderings ervaar soos wat dit gegroei en versprei het. Bevans en Schroeder se sewe fases help mens om te besef dat die beweging gegroei het soos wat mense besef het watter groot verantwoordelikheid daar is om vir ander ook van die goeie nuus te vertel. Net so verwag die wêreld vandag van die kerk om meer kreatief en relevant na vore te kom om 'n sigbare verandering in die wêreld te maak (Niemandt 2010b:7). Die sewe fases dui op die kreatiewe verandering wat plaasgevind het binne nuwe en onbekende kontekste.



© University of Pretoria

Hulle het ook nie altyd geweet hoe dinge gaan uitdraai nie, maar dit het hulle nie gekeer om aan te hou met dit wat binne hul harte geleef het nie. Bosch (2009) herinner ons dat die eerste kerk nie foutloos was nie en so moet ons ook besef dat ons nie foutloos deur die lewe kan beweeg nie. Niemandt (2010b:7) wys daarop dat die missionale kerk een is wat konflik op ŉ positiewe manier skep, sodat daar maniere gevind kan word om dit te kan uitsorteer.

Die moeder van teologie word beskou as sending, en die impak daarvan op teoloë se roeping, moet erken word. Daarom is dit altyd belangrik om deeglik te dink en te skryf oor wat gebeur in die hedendaagse veranderinge. Hoe die kerk vandag lyk, is nie dieselfde as ŉ paar jaar gelede nie en hoe dit in die toekoms gaan lyk, hang af van wat ons daarmee gaan doen. Ons verbeelding oor hoe die kerk lyk en gaan lyk, sal elke dag opnuut geïnspireer moet word en ons moet leer om nuut te dink (Roxburgh 2011:loc2556).

Bevans en Schroeder (2004:loc103) beskryf dat Handelinge nie die werk is van Petrus, Paulus of enigiemand anders nie, maar die werk van die opgestane Here en die werking van sy Heilige Gees. Handelinge is die getuie van hoe die volgelinge van Jesus op kreatiewe maniere gereageer het as gevolg van nuwe omstandighede. Binne die kritiese verstaan van Van Wyngaard (2010) word daar net weer besef hoe groot onderskeid daar is in ŉ land soos Suid-Afrika en dat dit nodig is vir mense om hul geloof so te leef dat dit ander leer hoe om werklik saam met ander kulture en sosio-ekonomiese groepe te leef.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 3

# 'n Ontluikende ekklesiologiese perspektief van Sending

*It was unthinkable that the Christian church, theology, en mission would remain unscathed.*
(Bosch 2009:363)

## 3.1 Inleiding

In die nuwe beleidsdokument van die NG Kerk (2011) word daar genoem van nuwe nadenke oor die kerk en hoe om nog meer kreatief te dink oor hoe die kerk vandag kan lyk. Die hoofstuk gaan fokus op hoe sending as profetiese dialoog as hulpmiddel kan dien vir die nadenke oor kerk. Daar word dus ook gefokus op inkulturasie, Triniteit en kerk as gemeenskap, sodat die identiteit van die NG Kerk (2011:201) gebind bly in die verhoudingsvorm van die Drie-enige God. Die wysheid van die vroeë kerklike beweging in Handelinge dien as voorbeeld van mense wat die boodskap van God se redding deel (inkulturasie) kon maak van diegene wat nog nie daarvan gehoor het nie. Sending as profetiese dialoog dien as ŉ rigtingwyser om die realiteit van God se redding in Handelinge vandag ook sigbaar te kan maak vir ander. Sending het wel voor die kerk ontstaan, maar die hart van albei is afkomstig van dieselfde bron. Die belang van God se hart as Sendeling word ook in hierdie hoofstuk na vore gebring (Bevans & Schroeder 2004:loc6782). Die hart van God moet wel verstaan word as God self wat die eerste tree na die mens geneem het. Die vorming van enige missionale ekklesiologiese perspektief gaan gepaard met die konteks waarin dit ontwikkel rondom die generasie wat daarmee te doen kry. Profetiese dialoog as sending dien as die middel van hoe so ŉ gesprek sinvol verandering in ŉ bepaalde konteks kan laat ontwikkel.

## 3.2 Die Bekende en Nuwe Insigte van Missionale Ekklesiologie

Die kerk is gekonfronteer met verskeie nuwe uitdagings wat voorheen nie eers te sprake was nie. Die Missionale ekklesiologiese denke verwys volgens die nuwe beleidsdokument van die NG Kerk (2011:208) dat dit alles te doen het met hoe geloof en spiritualiteit gevorm word binne die kerk. Die nuwe denke stel dat lidmate eerder mense op reis is, as vasgekeer in ŉ gebou. Dit help lidmate om te verstaan dat die kerk groter is as net die gebou en dat hulle almal pelgrims word wat op soek is na die verhaal van God en sy mense. Geloofsvorming is nie net iets wat op ŉ bepaalde plek en tyd gebeur nie, maar daagliks soos mens op soek en op reis is. Hierdie reis en spiritualiteit fokus altyd op die



© University of Pretoria

kruis en hoe die daaglikse gebeure op hierdie reis spiritualiteit laat verdiep. Bosch (2009:188) beskryf ook dat omstandighede verantwoordelik is vir veranderinge binne en buite die kerk. Die veranderinge is juis dinge wat pelgrims gaan ervaar op hul reis hier op die aarde.

- Die Westerse wêreld wat vroeër altyd gesien is as Christelik, is besig om sy dominante rol in die wêreld te verloor.
- Stelsels van onreg en onderdrukking word opnuut en baie sterk uitgedaag. Die gesprek rondom rassisme en seksisme kom al hoe duideliker na vore.
- Daar is 'n groot onsekerheid oor die tegnologiese wêreld wat oorneem.
- Die gesprek oor hulpbronne wat opraak, raak al hoe belangriker.
- Die realiteit dat ons as mensdom uitgeroei kan word, is groter as ooit.

Die realiteit wat die kerk in die oë staar, is hoe lyk die boodskap van God se redding vir 'n wêreld wat so vinnig verander. Die veranderinge vra van teoloë om nuut te begin dink oor hoe die kerk die nuwe omstandighede gaan aanpak en steeds sinvol kerk wees. Dit is belangrik om te besef dat kerkplanting nie impliseer dat bekende strukture gekloon word nie, maar om deeglik betrokke te wees in 'n bepaalde konteks sodat die boodskap nie verlore gaan nie (NG Kerk 2011:210). Die vorming van enige missionale perspektief gaan gepaard met die konteks waarin dit ontwikkel en die generasie wat daarmee te doen kry. Daarom sal elke gemeente anders lyk. Profetiese dialoog as sending dien as die middel van hoe so 'n gesprek sinvolle verandering in 'n bepaalde konteks kan laat ontwikkel. Roxburgh (2011:loc172) skryf ook dat kerkleiers oop moet wees vir die veranderings en die vrae wat dit na vore bring moet aanpak sodat hulle kan verstaan hoe kerk vandag en in die nabye toekoms gaan lyk.

Die manier hoe Bosch (2009:363) beskryf dat sending verander het is grootlik sigbaar in die Suid-Afrikaanse konteks. Hiermee word bedoel dat die idee van sending as iets wat net vêr en op 'n vreemde plek gebeur, besig is om te verander. Dit is nog steeds nodig dat die Evangelie aan almal oorgedra word, veral ook daar waar jy leef en werk. In Roxburgh (2011:loc87) se voorwoord beskryf hy hoe kerkleiers nuut moet begin dink oor sending binne hul eie bestaande konteks, sodat die kerk in sy huidige konteks 'n verskil kan bly maak. Sending is gemik op almal en daarom kan almal daarin deel (Bevans & Schroeder 2004:loc8403). Die realiteit is dat binne elke konteks moet God se redding ingekultureer



© University of Pretoria

word. Phyllis Tickle (2012:loc195) skryf in haar boek *Emergence Christianity, What it is, Where it is going en Why it matters* dat of ons van godsdiens hou of nie, dit is verbind aan die kultuur waarbinne dit ontstaan het. Die stelling vra die vraag hoe die kerk dan vandag lyk deur na sending as profetiese dialoog te verwys as inkulturasie. Tickle se uitkyk op die kerk se verandering is om te besef hoe die koninkryk van God besig is in ŉ bepaalde konteks en so deel te vorm van dit waarmee God besig is. Inkulturasie is die wyse hoe die konteks daar uitsien en waar God reeds besig is sodat die kerk daarby kan inval.

### 3.3 Inkulturasie

Bevan en Schroeder (2011:loc1366) beskryf sending as inkulturasie as volg:

> "*Throughout the history of Church there have been many prophetic Christians who have practiced in some way what we call today 'inculturation'. Peter en Paul, Justin Martyr, Francis of Assisi, Clare, Raymond Lull, Matteo Ricci, Martin Luther, Mother Teresa, Roland Allen, and Charls de Foucauld are just a few names that come to mind. Nevertheless, today there is an understanding that inculturation is not just something for a few woman en men who live dangerously 'on the edge'. Rather, inculturation is acknowledged today as an integral part of communicating the gospel, if the gospel, indeed, is truly to be communicated."*

Inkulturasie is ŉ wyse hoe om uit te vind hoe die konteks waarbinne die kerk funksioneer, lyk, maar dit is ook belangrik om te besef waarom dit gedoen word. Dit is nodig om te besef dat inkulturasie ŉ wyse is om gelyk te wees met omstandighede. Vanuit die beginpunt kan daar sinvolle verhoudinge gevorm word en ook ontdek word waar God reeds betrokke is (Bevans & Schroeder 2011:loc1462). Die wyse van sending as inkulturasie help die kerk om te besef dat daar meer as net een objektiewe manier is van sending (Bosch 2009:389). God is reeds betrokke binne elke kultuur en konteks en deur middel van sending as profetiese dialoog help die teologiese verstaan van inkulturasie teoloë om deel te vorm van God se werke deur middel van gesprekke en dade binne ŉ dialoog met die konteks. God is die pionier van dialoog en Bosch (2009:16) beskryf dat die Ou Testament as simbool dien van ŉ God wat sy volk bereik het deur middel van dialoog.

God is die Een wat sending begin het deur eerste na die mens toe uit te reik. Sending as profetiese dialoog verwys altyd binne alle kontekste terug na die Een wat alles begin het en steeds betrokke is. Hoe inkulturasie begin in ŉ bepaalde konteks, is om eers oop te



© University of Pretoria

wees sodat die gemeenskap kan besluit of daar ŉ verhouding gevorm gaan word. Voor die gemeenskap oop kan wees om te leer, moet die kerk oop wees om by die gemeenskap te kan leer. Die kerk se wyse van openheid teenoor die konteks waarin dit ŉ verskil moet maak, bied die geleentheid vir respek en die begin van verhoudingsbou (Bevans & Schroeder 2011:loc1487). Sending as inkulturasie is nie net ŉ wyse van hoe die kerk die konteks kan verander nie, maar hoe kan die kerk leer by die konteks waarin dit voorkom om so ŉ vertrouensband te vorm.

Niemandt (2007:66) beskryf God se sending as God se plan vir die wêreld. God se plan was van die begin af om naby die mens te leef en Homself so deel te maak van die konteks, dat hulle Hom daagliks kon vind. Die Ou Testament is vol verhale waar God die mens ontmoet en so ook binne die mens se lewe inkultureer. Daar is byvoorbeeld die verhaal van Moses wat sy skoene uitgetrek het by die brandende bos as teken van respek en so moet daar vir die bepaalde gemeenskap respek getoon word binne elke konteks (Bevans & Schroeder 2011:loc1487).

Die mens vorm deel van God se skepping en so maak God ons ook deel van sy werke om sy teenwoordigheid aan almal te help openbaar. ŉ Profetiese stem is een wat leerbaar, dienend, sigbaar en aktief betrokke is binne die gemeenskap. Dit is nie net om anders te wees nie, maar om deel te vorm van mens se konteks. Binne die perspektief verstaan ons ook dat die kerk nie ŉ gebou is nie, maar dat dit ŉ plek is waar mense ŉ gemeenskap vorm en mekaar se nood aanvul. Bosch (2009:420) beskryf die konsep as kontekstualisering. Diegene wat die boodskap van God aanvaar, word so diep daarin gevleg dat hy/sy nie meer daarsonder kan bestaan nie. God is nie passief en iewers vêr nie, maar ons kan God eerder verstaan as ŉ werkwoord (Bevans & Schroeder 2011:loc239). Die verstaan van kerk (Ekklesia) is mense wat saam leef in ŉ gemeenskap en nooit iets tekort kom nie omdat hulle dienend en mededeelsaam leef (Claiborne 2006:62). Inkulturasie vorm ŉ verhoudingsband wat mense bind en leer om saam met mekaar te leef al verskil almal van mekaar. Bevans en Schroeder (2012:loc1549) skryf: *“Therefore, missionaries/ministers are challenged to understand the world of the ‘other’ from the perspective of the ‘other’. Furthermore, this understanding embraces both the head and the heart.”*



© University of Pretoria

Om ŉ konteks te probeer verstaan vanuit ŉ meer persoonlike oogpunt, sou dit help om ŉ mentor in die konteks te identifiseer wat oop genoeg is om dieper en meer sinvolle advies te gee oor die konteks. Bevans en Schroeder (2011:loc1669) praat hier van ŉ *advanced mentor* wat iemand is waarby geleer kan word, maar dit is ook iemand waarop daar gereflekteer kan word oor wat die konteks alreeds geopenbaar het. Die realiteit van enige persoon wat ŉ ander konteks wil verstaan sal moet besef dat alles in die konteks nie gaan sin maak nie en dat sommige aspekte in ŉ konteks vreemd gaan wees omdat dit waarskynlik nie deel is van die persoon se eie konteks nie. Daar is 3 fases waarna Bevans en Schroeder (2012:loc1669) verwys wat Gerhald Arbuckle geïdentifiseer het wanneer ŉ persoon met ŉ ander kultuur in kontak kom. Die eerste fase is gewoonlik wanneer ŉ persoon verskeie aspekte in ŉ ander kultuur ontdek en dit fassinerend vind. In die fase is daar gewoonlik groot opwinding en vreugde. Die tweede fase is wanneer die persoon die kultuur, taal en ander gewoontes as frustrasie ervaar omdat dit voorkom dat daar deeglik gekommunikeer kan word. Die derde fase is wanneer ŉ persoon die uitdagings probeer oorkom en werklike interaksie deur middel van dialoog stig sodat daar ŉ sinvolle verhouding gevorm kan word.

Inkulturasie behels nie net wat ŉ persoon kan doen nie, maar ook wat ŉ persoon kan word en daarom kort dit ŉ vorm van spiritualiteit (Bevans & Schroeder 2011:loc1707). Die spiritualiteit is gebaseer op ŉ bepaalde raamwerk of ŉ wyse van lewe wat help om die nuwe omstandighede beter te kan hanteer. Sodoende word in die liefde van God gegroei terwyl hulle die taak op hande aandurf. Daar is ook twee verskillende spiritualiteite wat na vore kom. Die eerste is die van die persoon wat ŉ ander konteks moet verstaan deur oop te wees en by die konteks te leer. Dan is daar ŉ tweede siening wat gaan oor die persoon wat van binne ŉ konteks af werk sodat die konteks van binne af verander word. Die twee verskillende sienings van spiritualiteit in ŉ Suid-Afrikaanse konteks kan op verskeie maniere uitgeleef word. Die spirituele aspekte is sigbaar in Suid-Afrika en die volgende is voorbeelde van kerke en gelowiges wat ingekulturaliseer het:

- *3rd Place Church* (3rd Place Church 2007): Dis ŉ alternatiewe styl van kerkwees watt meer fokus op die stories van Jesus en mense. Dit word gehou in ŉ ou saal wat omskep is in ŉ *Story Telling Space*.
- *Rhythm of life* (Rhythm of life 2014): Dit is ŉ nuwe styl van bediening wat strek van kleingroepe, mentorprogramme en verskeie buite-aktiwiteite wat mense help om hulle geloof te inkulturaliseer.



© University of Pretoria

- *The Icon Tribe* (The Icon Tribe 2011): Dis ŉ nuwe styl van bediening wat ook diep binne die hartjie van Linden, Johannesburg, gekontekstualiseer het in ŉ koffiewinkel.
- Dialoog Gemeente (Dialoog Gemeente 2011): ŉ Gemeente wat tans in ŉ skoolsaal bymekaar kom en dieper gesprekke vorm rondom die Woord. Die styl van bediening gee ook die geleentheid dat die lede saam die gesprek kan vorm en oop en eerlike vrae oor God, die Bybel en die wêreld kan vra.

Wanneer daar bewegings plaasvind buite die grense van die kerk, is dit asof dit lewe gee aan die kern van die kerk (Hirsch 2006:loc297). Die grense kan egter ook nie sonder pyn oorskry word nie, maar uit die pyn vorm daar iets bevrydends en skep dit lewe (Bevans & Schroeder 2011:loc1708). Die voorbeelde wat hierbo genoem is, het waarskynlik baie stories van pyn. Die vrug wat dit vandag dra, is egter die teken van lewe na die pyn. Die voorbeelde is van gewone mense wat sending as inkulturasie uitgeleef het. Dit dien as voorbeelde vir alle mense om te kan raaksien dat inkulturasie nie net bedoel is vir ŉ geleerde persoon nie, maar vir almal (Bevans & Schroeder 2011:loc1839). Elke gelowige is ŉ gestuurde en staan in diens van God se koninkryk (NG Kerk 2011:204).

Daar is verskeie sienings rondom sending en die kerk, maar sending is verseker nie iets wat die kerk nou en dan doen nie. Sending is die lewe en struktuur van die kerk (Bevans & Schroeder 2004:loc6914). Die kerk is dus altyd in ŉ dialoog met die omringende konteks en soos die konteks verander, vind die kerk ŉ wyse van hoe om reg te inkultureer. Sending is die wortel van enige nuwe ontwikkeling van die kerk en sending as profetiese dialoog vorm ŉ gesprek tussen die mens en die wêreld, sodat die wortelstelsel kan bly groei. Sending maak die mens oop vir ŉ nuwe verstaan van God se werke in die wêreld en dit roep mense op tot ŉ dieper waarheid wat met opregte nederigheid gedoen word (Bevans & Schroeder 2004:loc6797). Christelike sending beeld die dinamiese verhouding uit wat daar tussen God en die wêreld is (Bosch 2009:9). Teoloë se stemme is noodsaaklik en vorm deel van die profetiese dialoog tussen mens, God en skepping.

Bolsinger (2004:loc201) gee die volgende definisie van ŉ Christelike gemeenskap: Die Christelike gemeenskap is ŉ ontologiese organisme wat nie kan verminder nie. Dit is ‘n sigbare leefstyl van mense wat vervul is met die Heilige Gees en dit is ŉ verhouding met God wat ander na Hom en mekaar trek. Dit is God se mense wat daarna streef om te lewe soos Jesus Christus en as getuies optree in die wêreld. Dit is die dinamiese verhouding waarvan Bosch verwys. Sending as ŉ profetiese dialoog help dat mense wat



© University of Pretoria

reeds die boodskap van God aanvaar het, bly transformeer in hul konteks sodat hulle as getuies kan optree. Een van die kerk se natuurlike kenmerke is sending en daarom kan mens as teoloog nie lewe sonder ŉ perspektief van sending nie. Om wel ŉ agent van inkulturasie te wees, het elke persoon ŉ spirituele dissipline nodig oor hoe om te laat gaan en hoe om hom- of haarself in verskeie kontekste uit te spreek (Bevans & Schroeder 2011:loc1918).

Bevans en Schroeder (2004:loc6816) herinner ons dat die kerk van nature sending is. Sending moet ook verstaan word dat God die Een is wat eerste sy hand na die wêreld uitgesteek het en Homself aan die wêreld geopenbaar het. Gelowiges word dus nie net beskou as mense wat gered is nie, maar ook as verteenwoordiges van God se omgee vir die wêreld (Bevans & Schroeder 2004:loc6824). Gelowiges word ambassadeurs van God se ingekulturaliseerde teenwoordigheid. Sending is nie net ŉ manier om alle mense in die hemel te wil kry nie, maar die hemel op aarde sigbaar te maak vir die wat dit nodig het. Bolsinger (2004:loc216) wys dat God se plan met die mensdom van die begin af nie was dat Christene eendag hemel toe sal gaan en by Christus sal wees nie, maar dat die mens reeds op aarde soos Christus sal kan lewe.

By Bosch kom dit net so sterk deur as by Bevans en Schroeder dat sending en kerk nie apart van mekaar beskou kan word nie en dat wanneer dit kom by die ontstaan van die kerk, het sending dit laat onstaan. Sending is nie net deel van die Christelike geloof nie, maar dit is die rede hoekom daar vandag mense deel kan wees van die Christelike geloof. Sending is God se uitnodiging aan die mens om deel te wees van God se plan om aan die mensdom weer nuwe lewe te verskaf (Bevans & Schroeder 2004:loc6824). Jones (2001:110) se siening oor bekering wys na ŉ wêreld wat gebaseer was op ŉ kognitiewe verstaan, maar dit het in ŉ nuwe rigting gedraai waar die hele mens getransformeer word en werklik agter Jesus aan loop. Dit is duidelik dat sending vandag in ŉ tydperk voorkom waar dit nie net meer gaan oor wie reg dink nie, maar oor wie werklik hul geloof uitleef.

Dit is belangrik om die waarheid raak te sien binne die verstaan van sending as ŉ profetiese dialoog. Die nuwe denke kan soms baie aantreklik lyk en mense laat goed voel, maar dit is nie wat profetiese dialoog as inkulturasie beskryf nie. Bevans en Schroeder (2004:loc524) stel dit duidelik dat die kerk gewortel is in die sending en persoon van Jesus Christus.



© University of Pretoria

Bosch (2009:421) beskryf ook dat sending orals aan die gebeur is waar mense dit ter harte neem en nie net in sommige situasies en plekke nie. Die stelling van Bosch laat mens besef dat kerk orals besig is om te gebeur, maar ook ontwikkel. Daar is daagliks gelowiges wat besig is om te inkulturaliseer. Daarom kan mens nie die realiteit van die profetiese dialoog onderskat nie. Sending is nie net iets wat plaasvind wanneer mens die boodskap van God aan mense van ander kultuurgroepe vertel nie, maar ook binne jou eie omstandighede en kultuur. Jou huidige konteks is die beste plek om te begin met jou bediening. Jones (2001:45) skryf dat vir te lank was die missionale agenda beskou as iemand wat hul eie konteks verlaat en na ŉ ander verskuif om die goeie nuus daar te gaan verkondig. Jones se siening is dat dié dae verby is en dat die Christelike geloof nie meer die heersende geloof is nie. Ons perspektief van die Westerse wêreld wat Christelik is, moet begin verskuif omdat dit nie meer die realiteit is nie. In hoofstuk twee verwys Jones dat vandag sal mens se persepsie oor die wêreld en die Christelike geloof moet skuif van ‘n kognetiewe verstaan na ‘n geloof wat sigbaar geleef moet word. Bevans en Schroeder (2004:loc1372) maak die volgende stelling: *“The Central place of inculturation in today’s understanding of mission is something that has emerged only as theology en spirituality began to recognize the essential role of experience in any kind of human living.”*

God was van die begin af betrokke en sy teenwoordigheid is konkreet gevestig in Jesus Christus want deur Jesus het God Homself openbaar. God het juis vir die mens vryheid geskep om daarin te kan leef. God roep die mens tot ŉ beter en meer vervulde lewe as waarvan die mensdom self kon dink (Bevans & Schroeder 2004:loc6832). Die teologie van sending word dus nie gevorm volgens die idee van verkondiging nie, maar ook op die realiteit van wat dit is om reg te leef en vir regverdigheid te leef. Binne die profetiese dialoog sal mens toelaat dat jou konteks ook met jou praat. Binne elke konteks is daar dinge wat verander en vernuwe moet word, maar wat dit is, sal mens eers kan uitvind sodra jy toelaat dat jou eie konteks jou inlig (Bevans & Schroeder 2004:loc8483). Die boodskap wat sending uitdra, is ŉ Gees- vervulde boodskap wat nie deur enige mens se toedoen kan stop nie (Greene & Robinson 2008:148,149). Die kerk is deel van sending omdat dit deur middel van genade vasgevang is in die *missio Dei* (Bevans & Schroeder 2004:loc6855). Inkulturasie is ŉ tydsame proses waar volgelinge deel vorm van God se plan vir die konteks waarin hulle leef.



© University of Pretoria

### 3.4 Triniteit en Kerk as Gemeenskap

Die NG Kerk (2011:201) se siening van God word kortliks as volg beskryf: "Die God wat in die Bybel Vader, Seun en Heilige Gees genoem word, is één God, maar dié God se verhouding met ons het meer as een gestalte wat onderlinge saamhang en gesamentlik betroubaar laat blyk wie God werklik is." Om die stelling te laat aansluit by sending as profetiese dialoog en dit wat reeds van inkulturasie geskryf is, sou daar gesê kon word dat die Drie-Enige God se werke nog nie klaar is nie, maar op pad is na die eindbestemming van 'n nuwe hemel en nuwe aarde**.** Bevans en Schroeder (2011:loc553) skryf dat "*the ultimate foundation for mission to be thought about and practiced in a 'dialogical spirit' is the doctrine of God as Trinity."*

Met die verstaan van sending as 'n profetiese dialoog en hoe dit teoloë bystaan om ekklesia nuut en vars te verstaan, skryf Bolsinger (2004:loc159) dat mense vandag op soek is na gemeenskap. Die gemeenskap is gevorm deur mense wat besef almal is gebroke en kort hulp en dat alle mense welkom is binne hulle gemeenskap. Mense wil liefde ervaar en ook so toelaat dat die onvoorwaardelike liefde mense transformeer tot 'n nuwe identiteit. Dit is duidelik uit sy stelling dat mense vandag meer begin besef dat hulle nie geloof as 'n individuele aspek kan aanpak nie, maar dat mens 'n gemeenskap kort wat jou kan bystaan in alle tye. Dit is ook nodig om te verstaan dat God ook uitreik na die gemeenskap en in die vorming van die gemeenskap is God die Een wat in dialoog tree met die gemeenskap (Bevans & Schroeder 2011:loc547).

Bevans en Schroeder verwys ook na 'n bepaalde dokument wat gefokus is op sending in die Ortodokse kerkkringe. Die Ortodokse teologie is baie sterk gefokus op die Triniteit en die kerk se missie is gefokus op dié van Christus se missie. Om dit te verstaan moet die Ortodokse Trinitariese teologie bestudeer word. Die teologie verwys na die gemeenskaplike natuur van God en die eienskap van God trek mense in om lewe te vind by God. God se natuur is dus sending. Bevans en Schroeder (2012:loc562) skryf: "*God in God's deepest triune nature is a communion-in-mission*." God betrek almal om deel te kan wees van Hom en die trinitariese verhouding wat daar bestaan tussen Vader, Seun en Heilige Gees (Bevans & Schroeder 2004:loc6864). Die kerk se sending word gedryf deur die verhouding wat gestig is in die Triniteit**.** Bevans en Schroeder (2004:loc540) skryf dat God en Jesus se werkswyse die van dialoog was. Die geskiedenis van die mens se verlossing was nog al die eeue een van dialoog tussen God en die mensdom en die Gees se teenwoordigheid was dié van 'n geheime teenwoordigheid (Bevans & Schroeder



© University of Pretoria

2004:loc547). Die misterie is iets wat God nie op sy mense afdwing nie, maar deur liefde aan almal oordra.

Jacob J Breedt (2012:40) skryf dat sending nie as ŉ projek verstaan kan word nie, maar as totale transformasie van mens se lewenstyl wat in die hart van God gebore is. Breedt beskryf ook verder dat die kerk wat ingekulturaliseer het, die voorbeeld word van die Triniteit se sigbaarheid in die wêreld. Dit bring mens tot die verstaan dat God deel is van alles en almal. Bolsinger (2004:loc735) skryf: "*To believe in the Trinity is to live the Trinity*". Omdat die Vader, Seun en Heilige Gees so diep verbind is, word gelowiges ook diep verbind met die Triniteit en met mekaar. Gelowiges kan nie anders as om liefde, vrede en genade te deel met mekaar nie, want dit is wat die Triniteit oordra aan gelowiges.

Bosch (2009:390) skryf dat die klassieke verstaan van die *missio Dei* was dat God die Seun en die Heilige Gees gestuur het, maar die siening is aangevul deur om te beskryf dat God die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk in die wêreld instuur het. Bosch se breër verstaan van sending was dat sending nie net meer ŉ projek van die kerk was nie, maar eerder beskou moet word as ŉ kenmerk van God, naamlik dat God van nature ŉ sendeling is. Inkulturasie beteken nie net om bewus te word van God in ons gemeenskap nie, maar ook van ander wat besig is met God se werk (Hirsch 2006:loc1702). Die idee van sending is om mense te help besef dat dit nie iets is wat die mens alleen kan doen nie (Bevans & Schroeder 2004:loc6974). Daar moet eerder groter pogings aangewend word om saam met ander te werk, as om dit alleen te probeer doen.

ŉ Missioloog uit Indië, Thomas Thangaraj, het sending verstaan as "om mens te wees." Om mens te wees, is om deel te wees van die *missio humanitas* wat dui op ŉ beweging van verantwoordelikheid, solidariteit en wederkerigheid. Hierdie siening van teologie word beskou as ŉ beeld van die *missio Dei* wat konkreet is in beide *missio Christi* en *missio ecclesiae* (Bevans & Schroeder 2004:loc6999). Alle teoloë is volgelinge van Jesus en ook so gebroke mense op soek na liefde en gewillig om getransformeer te word deur liefde (Bolsinger 2004:loc162). Dit beeld die belangrikheid van mens se afhanklikheid uit. Dit help die mens om ook te besef dat binne ŉ profetiese dialoog met ŉ bepaalde konteks word die menslikheid van alle persone verander deur die verkondiging van Jesus se boodskap.



© University of Pretoria

Binne elke konteks sal die manier hoe sending en kerk geïnterpreteer en herinterpreteer word, verskil. So sal elke dialoog ook anders klink en lyk. Jones beskryf dat om aan die gemeenskap van gelowiges te bou is een van die belangrikste aspekte, net soos wat Jesus dit aan Petrus beveel het in die Johannes Evangelie, hoofstuk 21 (Jones 2001:82). David Cunningham beskryf hoe die Trinitariese verstaan van geloof beide die resultate en oorsprong in die praktyk verander. Die verandering help gelowiges om meer prakties hul geloof uit te leef en te verstaan en so 'n duidelike impak op hul gemeenskap te kan maak (Bevans & Schroeder 2004:loc7059).

Bevans en Schroeder (2004:loc7067) skryf "*In many ways it is an elaboration of Irenaeus's insight that the Son and the Spirit are the Father's two hands within history*." Die Trinitariese beskrywing plaas net weer die klem daarop dat die kerk binne elke konteks moet inkulturaliseer en die reddingsplan van God aan almal moet uitleef binne 'n betroubare verhoudingsband. Profetiese dialoog handel altyd oor God en waarheen Hy op pad is met die mens. Dit is God die Vader wat die Seun gestuur het en dit is God die Vader en die Seun wat die Heilige Gees gestuur het. Dit is dan nou die kerk wat dit sigbaar uitleef teenoor mekaar en ander. Die Trinitariese beskrywing plaas sterk klem op die deelname van gelowiges in die *missio Dei* en ook so te besef dat die kerk in sy natuur sending is (Bevans & Schroeder 2011:loc563). Die roeping en deelname van die kerk kan dus as gestuurde van God omskryf word vir die wêreld (NG Kerk 2011:202).

Die kerk as gemeenskap word gesien as een met die Vader, Seun en Heilige Gees (Bevans & Schroeder 2004:loc7093). Alhoewel daar verskillende denominasies is, is alle denominasies nog steeds een in God en besig met God se *missio Dei*. Die kerk neem deel aan God se heilige voorbeeld vir die mensdom en so ook moet die kerk 'n voorstander wees van die heiligheid. Sending is nie 'n menslike prestasie nie, maar 'n geskenk van God vir die kerk (NG Kerk 2011:202). Die kerk is nie van hierdie wêreld nie, maar is teenwoordig in die wêreld om die heerskappy van God uit te leef (Bevans & Schroeder 2004:loc7110). Die heiligheid is nie vir die kerk self nie, maar vir kerk om uit leef na die wêreld. Die kerk is belangrik, maar nie belangriker as die sending van God wat die kerk ontvang het en uitgeleef moet word in die gemeenskap nie.

Sending in die lig van die Trinitariese geloof is die roeping en werk van God waar God 'n menslike gemeenskap vorm wat sy gelykheid en regverdigheid is. Die geloofsiening vra van 'n mens om te besef dat alles aan mekaar gekoppel is in die wêreld (Bevans &



© University of Pretoria

Schroeder 2004:loc7184). Sending wat gewortel is in die Triniteit kyk welwillend na kultuur en hoe die kerk daarin kan funksioneer (Bevans & Schroeder 2004:loc7208). Dit is belangrik om te besef dat die manier hoe ons oor sending en kerk praat, is waarskynlik hoe ons gaan aanpas by ons omstandighede en gemeentes. Sendingwerk is nie iets wat gebeur as mense God se boodskap na 'n nuwe gebied neem nie, maar om te besef daar waar mens leef en doelbewus gaan is God reeds besig om te werk en as gelowige moet mens net aansluit by God se werke. Die manier hoe ons oor Hom praat, kan dalk anders klink en daarom moet ons altyd nuut dink oor teologie, kerk en sending (Niemandt 2007:68).

Sending is die dringendste werk van die kerk en as gelowige word mens deel van God se visie en plan vir die wêreld (Bevans & Schroeder 2004:loc7241). Dit is sending want God is lief vir die mens en is aan hom gebind deur verhoudings en dialoog (Bevans & Schroeder 2004:loc7241). Sending is ook wat dit beteken om kerk te wees omdat die kerk ook deel in die sending van Jesus en dit is om met mens se hele hart te preek, te dien en te getuig oor die koninkryk van God (Bevans & Schroeder 2004:loc7280). Wanneer mens die boodskap van Jesus so begin uitleef, besef jy dat jy heeltemal verander en nie net sommige aspekte van jou lewe nie (Jones 2001:111).

In die tye waarin ons streef na 'n beter sendingperspektief en kerkbegrip, besef ons dat dit belangrik is om die tye reg te lees (Niemandt 2007:9). Net soos wat die volgelinge in die boek van Handelinge aangepas het by hul omstandighede, moet daar vandag ook aangepas word by mens se veranderinge in die gemeenskap en wêreld. Die Trinitariese begrip help die kerk vandag om meer deel te vorm van God se sending en in elke gemeenskap die waarheid van God se redding 'n realiteit te maak vir ander deur middel van 'n betroubare en respekvolle verhouding.

### 3.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die belang van hoe daar oor sending gedink was en hoe dit verder gegroei en ontwikkel het tot vandag toe. Daar is altyd geleentheid om in 'n profetiese dialoog op te tree al is dit onbewustelik. Sending is nie meer iets wat beskou word as 'n projek nie, maar as 'n manier van leef (McNeal 2009:xiv). Die hoofstuk maak ook erns van die saak dat sending as inkulturasie baie belangrik is vir die kerk vandag om deel te vorm van die wêreld se konteks. Profetiese dialoog as inkulturasie skep die realiteit vir die kerk om deel te vorm van die konteks waarin dit plaasvind. Dit is om te deel


© University of Pretoria

in God se missie vir die mensdom en ook so te leef dat ander God se redding kan ervaar. Die beskrywing van Niemandt (2007:66) is dat God se hart van die begin af was om naby die mens te leef en Homself so deel te maak van die konteks dat hulle Hom daagliks kon vind. God is die voorloper wanneer dit kom by inkulturasie en om sy teenwoordigheid binne elke konteks sigbaar te maak. Inkulturasie begelei teoloë om deel te vorm van God se alreeds teenwoordigheid in elke konteks. Profetiese dialoog as inkulturasie is om sinvol die boodskap van God te verkondig aan alle mense (Bevans & Schroeder 2004:loc1366). God is betrokke in die wêreld sodat die mens Hom sal ken aan sy liefde en omgee vir die mensdom. Deur na profetiese dialoog te kyk as inkulturasie, is om deel te vorm van die hart van God en dit sigbaar te leef in elke bepaalde gemeenskap.

Die verstaan van inkulturasie gaan gepaard daarmee om te besef God is reeds deel van elke konteks en gemeenskap en deur die Trinitariese verstaan van God word die kerk beskou as die gestuurde en ŉ voorbeeld van God se liefde en genade vir die mens. Die kerk se Trinitariese verstaan help teoloë om die kerk as sending van nature te verstaan. Die Triniteitsbeskrywing leer mens dat God ŉ plan het en sy plan is om in verhouding te wees met alle mense. Deur middel van God die Vader, Seun en Heilige Gees is die kerk die gestuurde in die wêreld om gemeenskappe te vorm waar liefde en aanvaarding sigbaar geleef en gevoel word. Net soos wat die Triniteit gevleg is tot een wese, is die kerk deel daarvan. Omdat die kerk deel in God se sending vir die wêreld, is dit ook van nature sendinggerig (Bevans & Schroeder 2004:loc569). Die Trinitariese begrip help die kerk vandag om God se werke in die wêreld te verstaan en raak te sien en ook so saam met ander daarin te deel. Die Trinitariese verstaan begelei gelowiges tot ŉ verstaan van ŉ God wat ook van nature streef om in gemeenskap te lewe met alle mense (Bevans & Schroeder 2011:loc564).



© University of Pretoria

*Jesus' challenge was to reimagine the world, to think differently about God and religion en community, but it was still a challenge within Judaism.*
(Bevans & Schroeder 2004:loc2214)

## 4.1 Inleiding

Bevans en Schroeder (2004:214) beskryf Jesus se sending as die model van profetiese dialoog waar Jode ook moes leer hoe om nuut oor Judaïsme te dink. In hierdie hoofstuk gaan ons onder andere kyk hoe Jesus se lewe die kerk beïnvloed. Daar gaan ook bestudeer word hoe sending as profetiese dialoog teoloë kan help om ŉ duideliker praktiese verstaan van kerk en sending vir vandag te ontwikkel. Die hoofstuk wil ook die aspekte rondom sending as profetiese dialoog neem en dit uitbeeld in ŉ leefstylteologie. Die opskrif, *ŉ leefstylteologie,* is afkomstig van Reggie McNeal (2009) se boek *Missional Renaissance, Changing the Scorecard for the Church* wat in verband gebring word met Bevans en Schroeder se verstaan van sending as profetiese dialoog en dat die kerk van nature sending is. McNeal (2009:xiv) beskryf sending as volg: "*Missional is a way of living, not an affiliation or activity.*" Dit hou verband met die Trinitariese perspektief van Bevans en Schroeder (2011:loc563) se siening dat die kerk die gestuurde is om in die wêreld God se redding uit te leef. Daar word ook gefokus op drie skuiwe wat moet plaasvind binne ŉ kerk as struktuur, maar ook binne die mens, sodat lidmate sal besef hoe verandering kan plaasvind. Die hoofstuk beeld uit dat sending nie net ŉ vorm van teologiese denke is nie, maar ook ŉ leefstyl van mense wat leef waarin hulle glo (McNeal 2009:xiv). Bevans en Schroeder (2011:loc1832) beskryf dat alle Christene teoloë is.

## 4.2 Jesus se sending vorm die kerk

Bevans en Schroeder (2004:loc2208) beskryf Jesus as 'n sendeling wat God se boodskap aan die hele mensdom kom verkondig het: "*His was a vision of a new society, and his was a call to repentance, but not, as the Canadian novelist Rudy Wiebe paraphrases him, by feeling bad, but by thinking different.*" Jesus het die mensdom kom wys hoe om volkome nuut te leef, wat radikaal is en meer as net gebaseer is op ŉ gevoel. Die visie is sigbaar in die ontwikkeling wat ons vandag beskryf as die missionale kerk. Die missionale kerk is sendinggerig en kontekstualiseer die boodskap van Jesus (Bosch 2009:421,423).



© University of Pretoria

Volgens McNeal is die opkoms van die missionale kerk die grootste ontwikkeling van die kerk na die Reformasie (McNeal 2009:xiii). Tickle (2012:loc302) skryf soos volg:

> "*We are in a time of transition, en that transition is not a casual or passing one. Rather, it is yet another of the semi-millennial upheavals that have shaped latinized culture en latinized religion from their inception. We are citizens living within the Great Emergence, and as Christians of whatever stripe, we are watching the formation of a new presentation of the faith. We are attending upon the birth and early growth of Emergence Christianity.*"

Na die Reformasie was die teologie en perspektief rondom kerk nie meer dieselfde nie, net soos die geval by die huidige missionale beweging. Die missionale beweging verander tans baie en die ou manier van kerk sal nie meer vir lank herkenbaar wees in die nabye toekoms nie. Tickle (2012:loc162) maak die stelling dat die nuwe siening rondom kerk bestudeer en gehoor moet word sodat mens kan waarneem hoe die koninkryk van God werk. Die nuwe gedagtes rondom sending bring 'n sterk waarheid na vore en dit is dat sending 'n leefstyl is en nie net 'n erkenning van een of ander aktiwiteit nie (McNeal 2009:xiv).

Die manier hoe ons kerk verstaan en uitbeeld, sal binne elke konteks anders lyk, aangesien die wêreld vandag so baie verander en ontwikkel. Dit is belangrik dat die kerk aanpas binne die konteks waarin dit gevind word en agter Jesus se sending aanloop. Binne tye van verandering is dit belangrik dat die integriteit van die kerk dieselfde bly deurdat die konteks waarin dit verander, steeds verander en saam met God op reis is (Bevans & Schroeder 2004:loc8491). Sending as profetiese dialoog help die kerk dus om by die wese van God se hart te bly in tye van verandering sodat die kerk as sending nie verlore gaan in die ontwikkeling van kerk en wêreld nie.

Die missionale kerk definieer dit self binne die konteks waarin dit ontwikkel en ingekulturaliseer. Binne die Trinitariese verstaan is die volgelinge van Jesus nie gekoppel aan 'n gebou of struktuur nie, maar aan 'n roeping, of anders gestel, 'n wyse van lewe. Die volgelinge van Jesus het nie aan 'n kerk of instituut behoort nie, maar hulle het besef hulle is die kerk en waar hulle teenwoordig is, is die kerk ook teenwoordig (McNeal 2009:19). Die beskrywing van Jesus se volgelinge bring mens terug na die realiteit van die eerste eeuse kerk. Hulle het nie 'n gebou of plek gehad nie, maar daar waar hulle bymekaar



© University of Pretoria

gekom het, het hulle die boodskap wat hulle van Jesus ontvang het uitgeleef en so het ŉ gemeenskap gevorm. Die kerk se beeld vandag is besig om te verander na wie ons is en nie waar en wat ons is nie (McNeal 2009:20). ŉ Kerk word geweeg aan die mense wat dit werklik leef. Om kerk te wees is om die dienende hande en voete van Jesus Christus te wees. Die woord kerk se kultuurskuif sal wees van ŉ gebou na ŉ mens, dat wanneer mens praat van kerk, sal mense hulself as die kerk beskou al gebeur die samekoms binne ŉ gebou. Profetiese dialoog skep ook geleentheid vir nuwe beskrywings soos wat die Christelike gemeenskap vir die eerste keer beskryf was in Antiogië (Handelinge 11:26) en hulself as kerk beskou het (Bevans & Schroeder 2004:loc2232). Net so verander die beskrywing van die kerk vandag en is dit nodig dat mens dit reg beskryf vir elke konteks, sodat dit sinvol verstaan kan word.

Hirsch en Ferguson (2011:loc2752) beskryf Jesus se leefstyl as mentor soos volg: "*Jesus selected a ragtag band of disciples, lived and ministered with them, and mentored them on the road. It was this life-on-life phenomenon that facilitated the transfer of information and ideas into concrete situations*. *This way Jesus formed his apprentices, and we shouldn't think we can generate authentic Jesus followers in any other way*." Jesus se lewenswyse was om nie net kennis en wysheid oor te dra aan sy volgelinge nie, maar om saam met hulle te lewe en die nuwe lewe wat God skenk deur Jesus, aan hulle te openbaar sodat hulle anders kan begin lewe.

Om missional gefokus te wees, is om die plan van God uit te leef sodat die wêreld vry kan wees van sonde en gebrokenheid (McNeal 2009:21). Die kerk is van nature sending en omdat dit deur middel van ŉ profetiese dialoog verder gegroei het as net die Joodse kultuur, word dit beskryf as kerk en kan nie meer vasgevang word onder een spesifieke kultuurgroep nie (Bevans & Schroeder 2004:loc2232). Die lewenstyl wat Jesus vir sy dissipels geleer het, is die van ŉ missionale lewenstyl wat in dialoog staan met die wêreld. Die dialoog is gevorm om alle mense te vertel van God se redding vir alle mense en dat die redding mens leer van ŉ nuwe wyse van lewe. Profetiese dialoog is ŉ natuurlike wyse van lewe vir elke gelowige.

Deur sending as profetiese dialoog te beskou kan die kerk nooit ophou luister en in gesprek tree met nuwe veranderinge in die wêreld nie. Sending as profetiese dialoog maak gelowiges deel van God se sending en hulle word beskou as die gestuurdes van God se redding. Daarom kan die kerk nie ŉ diens lewer nie, maar diensbaar leef (NG Kerk



© University of Pretoria

2011:203). Die missionale kerk probeer nie iets nuuts vorm van wat sending is nie, maar help mense om te besef dat God reeds besig is en dat mens daarby moet inval (McNeal 2009:23). Om missionaal te lewe is om die lewe wat Jesus aan elke volgeling toevertrou, uit te leef en die lewenstyl is om anders te lyk as die wêreld. Om missional gerig te wees beteken dat die kerk besef die mense wat deel het in God se reddingsplan saam met Hom om verlossing te bring vir hierdie wêreld is die kerk (McNeal 2009:24). Missionale gedrewe gemeentes is daarop gerig dat hul lidmate Jesus volg deur sy voorbeeld na te volg en dit ook uit te leef in die samelewing. Dit is ook belangrik om te besef dat die Skrif ŉ groot rol speel in die vorming en wyse van missionale denke wat gelowiges help om reg te leef (Greene & Robinson 2008:182). Bevans en Schroeder (2004:loc2262) beskryf dat die Evangelie bedoel was om gedeel te word met ander en dit was ook belangrik dat mens se hele lyftaal dit sou weerspieël. Die kerk is sigbaar as dit die boodskap van die Evangelie uitleef.

McNeal besef net soos Greene en Robinson dat die Bybel belangrik is vir die nuwe vorming van missionale denke. Die Bybel dien die missionale kerk as ŉ narratief wat God se plan in die wêreld bekend maak (McNeal 2009:27). Die narratief is gevul met stories van mense wat Jesus se lewe gevolg het in hulle eie bepaalde konteks. Die Bybel gee mens ook rigting en ŉ wyse van lewe wat nodig is om die koninkryk van God sigbaar te lewe (McNeal 2009:27). Die kerk roep mense tot ŉ nuwe lewenstyl wat die transformerende krag van Jesus uitleef (NG Kerk 2011:203). Die Bybel is nie net ŉ boek vol verhale nie, maar dit roep mense tot aksie om die reddingsplan van God uit te leef in hierdie wêreld. Dit herinner gelowiges ook hoe die lewenstyl van ŉ volgeling moet lyk. Bosch (2009:17) verwys na G.E. Wright wat die stelling gemaak het dat ons eerder van die Bybel moet praat as *The God of Acts*, as om daarna te verwys as die Woord van God. Regdeur die hele Bybel vertel God sy mense dat Hy omgee en hulle wil red, nie omdat Hy van hulle verwag om Hom eerste te aanvaar nie, maar dat die mense kan besef hulle is in God se hart (McNeal 2009:28).

Jesus as Jood het die weg kom baan vir Jode en nie-Jode om deel te wees van God se koninkryk (Bosch 2009:20,21). Teoloë moet dus altyd kan terugkyk na die boodskap van Jesus en seker maak dit is in ooreenstemming met die van die eerste getuies daarvan (Bosch 2009:17). Die leefstyl wat Jesus aan sy volgelinge kom wys het, is steeds vandag belangrik en kan volgelinge vandag steeds leer hoe om in hulle eie konteks te leef deur leiding van die Heilige Gees. Jesus se lewenstyl moet so diep binne elke gelowige



© University of Pretoria

gevestig wees, dat sy lewe hulle inspireer om die Jesus te word wat die gemeenskap kort (Hirsch & Ferguson 2011:loc2966).

### 4.3 Verskuiwings binne ŉ leefstylteologie

Net soos wat Bosch, Bevans en Schroeder verwys het na God se sending, skryf McNeal dat om missional gerig te lewe is om deel te word van God se plan vir die wêreld (McNeal 2009:xiv). Bevans en Schroeder (2004:loc361) skryf: *"The Church comes to be as the church engages in mission as it crosses the boundary of Judaism to the Gentiles en realizes that its mission is the very mission of God: to go into the world and be God's saving, healing, challenging presence".* Die missionale perspektief het afgeskop om te verduidelik hoekom kerk nie meer kan lyk soos wat dit tans lyk nie en ons bevind onsself in ŉ tydperk waar ons moet begin vra hoe lyk kerk dan vandag. Die ander vraag wat gevra moet word, is of gelowiges se lewens soos die van Jesus lyk. McNeal (2009:xvi) wys dat daar drie skuiwe moet plaasvind in mens se denke en optrede om missionaal te begin funksioneer:

- Die eerste skuif is om van ŉ interne fokus na ŉ eksterne fokus te skuif in mens se bediening.
- Die tweede skuif is om van programontwikkeling te skuif na mensontwikkeling.
- Die derde skuif is die een waar mens van kerkgevestigde leierskap moet skuif na koninkrykgevestigde leierskap.

Dit is nodig om te verstaan dat die drie skuiwe gelowiges nie na ŉ bepaalde bestemming neem nie, maar die begin is van ŉ nuwe reis. Die skuiwe moet eers binne elke mens begin gebeur, sodat ander kan sien watter verskil dit maak om eerder mensgeoriënteerd te leef as programgeoriënteerd. In gesprek met profetiese dialoog plaas die skuiwe baie klem op hoe kerk anders sal lyk in ŉ bepaalde konteks indien die skuiwe gemaak word. Die sigbaarheid van die kerk is nie meer soos vroeër waar mens in ŉ dorp in ry en die kerktoring van vêr af sien nie, maar dit is die insmelting van mense in ŉ nuwe era en kultuur om die koninkryk uit te dra aan almal rondom hulle (Niemandt 2007:12). Die doel van kerk is om verby dit te kan leef en ander raak te leef deur diensbaarheid, prediking en as getuie van die lewende God wat heers (Bevans & Schroeder 2004:loc427). Deur na sending as ŉ vormende leefstyl te kyk bring die navorser McNeal se drie skuiwe in verband met Bevans en Schroeder se beskrywing van sending as ŉ profetiese dialoog.



© University of Pretoria

## 4.4 Van 'n Interne na 'n Eksterne Bedieningsfokus

Dit is 'n belangrike skuif wat moet plaasvind binne elke kerk en mens. Dit is nodig vir die kerk om deur hierdie skuif te begin raaksien wat buite die mure van die gebou besig is om te gebeur. Dit skep geleentheid vir gelowiges om buite die kerk se mure te luister in 'n sagmoedige gesindheid, soos die van Jesus (Bevans & Schroeder 2011:loc659). Die kerk het ontstaan as gevolg van die wat buite die bekende grense van Judaïsme beweeg het en onder die leiding van die Heilige Gees daar geleef het (Bevans & Schroeder 2004:loc580). Die konteks waarin die kerk gevind word, vorm mense wat binne die kerkgebou of saal op 'n Sondag sit, se manier van leef en dink. Om te getuig in 'n bepaalde konteks, vra mens om sensitief te wees vir die konteks se realiteite (Bevans & Schroeder 2004:loc8485). 'n Missionale perspektief laat die kerk besef dat die omstandighede buite die kerk die fokus is en die kerk daar is vir almal binne alle omstandighede (McNeal 2009:6). Roxburgh (2011:loc312**)** beskryf dat indien die kerk werklik wil weet wat dit beteken om God se kinders te wees sal die kerk wil weet waar God werk in haar gemeenskap**.** Die kerk moet eerder meer kreatief wees as om programgerig te wees om profeties in dialoog met die konteks in gesprek te tree (Bevans & Schroeder 2004:loc8485). Hoe die kerk binne die gemeenskap gaan lyk, gaan bepaal hoe die gemeenskap lyk en gelowiges daarbinne inkulturaliseer. Jesus was nie programgerig nie, alhoewel Hy geweet het wat sy doel op aarde was en daarvolgens geleef het.

Om te ontdek waarmee God besig is, beteken dat die kerk sal ophou om die antwoord te soek binne die kerk se mure, maar eerder in die samelewing rondom die kerk (Roxburgh 2011:loc134). Deur meer ekstern te fokus, besef mens net weer hoe groot die *missio Dei* is en hoekom Bosch (2009:392) skryf dat dit groter as net die mure van die kerk is. Die lewenstyl van Jesus het sy dissipel geïnspireer om verder as hulle eie bekende grense te beweeg. Die vernuwing van denke en mense is nie 'n nuwe gedagte wat eers nou begin het nie, maar dit vind deur die eeue plaas. Dit is wel belangrik om te besef dat die vernuwing deel is van God se werk in die wêreld (Nel 1994:15). Die eksterne skuif maak die kerk meer deel van die gemeenskap en hoe mense daarin lewe.

Die eksterne bediening beteken nie dat die kerk meer dinge moet begin doen nie, maar eerder fokus op dit wat reeds besig is om te gebeur in die omringende gemeenskap. Bonhoeffer (1998:loc858) verwys na die kerk as die sienbare gemeenskap wat betroubaar is met God se boodskap vir die mensdom. Om ekstern gefokus te wees is om mense



© University of Pretoria

bewus te maak van die kerk waarin hulle is. Die kerk is daar waar die volgelinge van Jesus is en daar waar mense besef hulle is die kerk. Mense wat die missionale benadering uitleef, vat die kerk na ander toe en nie andersom nie (McNeal 2009:45). God se teenwoordigheid is orals en volgelinge van Jesus moet die waarheid uitdra aan ander wat dit nog nie besef het nie. Profetiese dialoog skep 'n lewenstyl waar mense daagliks op 'n skattejag is om God se werklikheid om elke hoek en draai te vind sodat hulle deel kan wees van die werklikheid (Bevans & Schroeder 2011:loc673).

Die kerk is volgelinge van Jesus waar hulle hulle bevind (Niemandt 2007:54). Om 'n volgeling te wees beteken nie om alles waarmee mens tans besig is, te los en 'n sendeling te word nie, maar om eerder dit waarmee jy reeds besig is te gebruik vir die verkondiging van God se koninkryk (McNeal 2009:54). Om ekstern gefokus te lewe deur middel van 'n profetiese dialoog is om te erken dat God reeds daar is waar mens elke dag leef. Die profetiese dialoog wat gevorm word in 'n konteks het altyd respek vir die wat daarin leef (Bevans & Schroeder 2011:loc800).

Die missionale lewenstyl van mense is die getuienis wat ander nader aan God bring deur diens in liefde (McNeal 2009:56). Die missionale verstaan van verkondiging behels woorde sowel as dade. Dade getuig van 'n God wat betrokke is en die dade word geïnspireer deur 'n God wat self ook dien en mense volkome lief het. Dit is deur ander te dien dat hulle welkom voel om deel te word van die waarheid en so ook in die waarheid kan begin leef (McNeal 2009:57). Evangelisasie is 'n wyse waarop daar gebou word deur verhoudings, vertroue en voorbeeld (Niemandt 2007:156). Om profeties te leef is om iemand te wees wat in dialoog leef deur middel van 'n sensitiwiteit vir die wêreld en die mense wat daarin leef (Bevans & Schroeder 2011:loc857). Die wyse waarop kerk verstaan word, skuif van iets wat sommige mense in stand moet hou tot 'n nuwe leefstyl van die alledaagse. Die missionale verstaan van kerk is daar waar 'n mens is en leef in 'n openheid tot die wêreld. Sending as profetiese dialoog skep die waarheid dat kerk nie meer verstaan kan word as 'n gebiedsowerheid nie, maar as 'n basiese leefstyl van waar dit ook al voorkom (Bevans & Schroeder 2004:loc2636). Die idee van alle mense wat op 'n Sondag kerk toe gaan of deel is van een of ander kerk, is nie meer die werklikheid nie. Die kerk is die mense en daarom kan die skeiding nie meer gemaak word nie. Kerk is die manier hoe ons leef in ons eie en vreemde samelewings (McNeal 2009:58).



© University of Pretoria

**4.5 Van programontwikkeling na mensontwikkeling**

Bevans en Schroeder (2004:loc2649) verduidelik dat om gelowiges in die proses van inkulturasie te begelei is belangrik, omdat hulle dan weer begin raaksien in watter kultuur en konteks hulleself lewe en hoe hulle daarin hulle geloof kan uitleef**.** Die wyse is nie moontlik deur nuwe programme te ontwikkel nie, maar om saam met mense te lewe. Jesus se lewe het die dissipels in dialoog gebring met God se liefde, verlossing en geregtigheid deur vir hulle stap vir stap daarvan bewus te maak (Bevans & Schroeder 2011:loc2008). Die verduideliking plaas die klem daarop dat sending in gelowiges se lewens gevleg moet wees, eerder as om dit net as ŉ aparte afdeling of geleentheid te beskou. Die kerk het nodig om mense te ontwikkel en nie net binne nuwe programme te plaas nie, anders brand ons net die mense uit wat deel wil vorm van die kerk (McNeal 2009:10). Gelowiges moet hul lewens kan deel met ander, terwyl hulle ook met die lewe binne die wêreld te doen kry.

McNeal sê ook dat die skuif een van die moeilikste, maar wel die belangrikste skuif is wat moet plaasvind (McNeal 2009:11,12). Die redes hiervoor is:

- Die skuif vereis baie harde werk, aangesien dit nie meer daaroor gaan om mense in ŉ tien tot twaalf weke program te plaas nie.
- Daar sal altyd nuwe en beter programme na vore kom, maar die waarde daarvan is betwyfelbaar.
- Kerkleiers besef dat dit nie ŉ maklike skuif is nie omdat dit ŉ lewenslange taak is.
- Om betrokke te wees by die kerk se sendingreise of geleenthede sal nie meer die enigste vorm van bediening wees nie.

Die redes wat McNeal gee, beskryf dat die gebou nie meer gesien gaan word as die belangrikste nie, maar dat mense nou die belangrikste is. Wat die skuif egter so moeilik maak, is dat programme ŉ baie sterk gewoonte geword het. Bevan en Schroeder (2012:loc365) skryf: "*We need structure in the church, for it is a human institution, and all institutions need to be ordered. But if the mission has a church, then it is the mission that has ministry, not vice versa*". Die leefstyl van ŉ sendingbediening is ŉ wyse hoe alle gelowiges bewustelik kan agterkom dat hulle rol in die samelewing is om ander te dien. As gelowige groei mens dan daagliks saam met ander in dialoog.



© University of Pretoria

Bolsinger (2004:loc162) maak die stelling dat redding nie net bedoel is vir die onbekende lewe na die dood nie, maar mense moet dit hier en nou leef. Volgens Niemandt (2007:108) is dit belangrik vir die kerk om te besef dat lidmate bemagtig en geaktiveer die moet word om werklik ŉ verskil te kan maak. Bolsinger (2004:loc238) beskryf kerk as ŉ *life-transforming community* waar mense elke dag getransformeer word. Die kerk was nog nooit net ŉ Sondaggeleentheid of plek nie, maar dit was ŉ manier van leef (McNeal 2009:14). Dialoog is ŉ vorm van aksie, ŉ werkwoord, wat gelowiges in staat stel om te luister na die samelewing, maar ook om aktief in die wêreld te wees (Bevans & Schroeder 2011:loc402). Die kerk is ook ŉ gemeenskap van gelowiges en hiermee word bedoel dat dit nie net ŉ plek van aanbidding is nie, maar ŉ plek waar mense bymekaarkom en saam op soek is en hulle stories deel (Bolsinger 2004:loc208). Sending is nie net ŉ wyse waar gelowiges iets vir ander doen nie, maar eerder waar hulle leer om saam met ander te leef en te luister na hulle stories. Wanneer gelowiges dan saam kom, kan hulle in mekaar se lewens inbou deur na mekaar se stories te luister en deel te vorm van mekaar se lewens. Dit is nie net gelowiges wat ander moet leer en verstaan nie, maar gelowiges moet altyd dienend onder mekaar funksioneer. Sending as ŉ profetiese dialoog begelei gelowiges om te besef dat hulle ook deel moet vorm in hulle gemeenskappe, sodat hulle ook die skatte wat God reeds daar binne geplant het, te kan ontdek (Bevans & Schroeder 2004:loc2659).

McNeal (2009:90) beskryf dat verhoudings ŉ sleutelfaktor in die ontwikkeling van mense is. Die verhouding in die Triniteit is die mees perfekte wyse hoe gelowiges met mekaar in dialoog moet saamleef en ook met ander. Bolsinger (2004:loc183) beskryf dat gelowiges se verstaan van die Triniteit een van verhouding en gemeenskap moet wees. Die missionêre siening van evangelisasie is die begeerte om mense te help om hier en nou in die werklikheid van God se heerskappy te leef (Niemandt 2007:156). Hierdie evangelisasie vind plaas deur ŉ profetiese dialoog binne die gemeenskap te vorm.

Daar ŉ sterk fokus op mense se groeiproses deur hulle te ontwikkel. Binne die groeiproses sal daar gesien kan word of die mense besig is om te groei in hul verhouding met God en met ander mense. Is die mens besig om meer soos Jesus te word en sy liefde aan die wêreld uit te dra (McNeal 2009:100)? Groeiende mense is sigbaar vir die wêreld waarin hulle lewe en hul lewens getuig van die werk wat God besig is om in die wêreld te doen(Niemandt 2007:98). Ontwikkeling van mense skep nuwe lewe en hoop binne-in hulle, wat dan ook sigbaar word vir die mense rondom hulle. Die kerk is deel van



© University of Pretoria

God se plan vir die wêreld en ook die ontwikkeling van mense. Bevans en Schroeder (2004:loc512) verstaan dat sending die moeder van die kerk is en dat die groot roeping van gelowiges hulle nader aan mekaar trek en selfs ook deel vorm van hulle verlossing deur die boodskap verder uit te dra aan ander. Gelowiges help en ontwikkel mekaar deur die stories en uitdagings wat hulle deel en uitleef.

Gelowiges het nodig om in dialoog te tree met ander gelowiges oor hul persoonlike ervarings. Dialoog is juis ŉ deeglike gesprek tussen verskeie mense (Bevans & Schroeder 2011:loc456). Deur ná ŉ gereelde byeenkoms soos kerk op Sondae of onbeplande geleenthede vir iemand te vra hoe hul dag was en wat vir hul maklik of moeilik of opwindend was, kan hul help besef hoe God reeds deel is van hulle daaglikse roetines en ervarings (McNeal 2009:102,103). Hoe meer mens kan reflekteer en gesels oor wat besig is om te gebeur in jou lewe, hoe meer bewus sal mense word van God se werke binne en buite hulle. Dialoog is ŉ wyse van vriendskap en respek teenoor iemand van die selfde geloofsgemeenskap of van ŉ ander geloofsgemeenskap (Bevans & Schroeder 2011:loc456).

Die eerste stap tot groei is nie deur ŉ bepaalde program nie, maar om ander mense te dien. Om profeties te leef is om te leer hoe om te dien en nie hoe om gedien te word nie (Bevans & Schroeder 2011:loc942). Dit is nie om nou en dan Bybelstudie te doen nie, maar om die gelese gedeelte uit die Bybel te verstaan en deel te maak van die alledaagse lewe (McNeal 2009:105,106). Profetiese dialoog funksioneer baie duideliker as ŉ spiritualiteit, eerder as ŉ strategie (Bevans & Schroeder 2011:loc130). Jesus het self ook sy dissipels uitgestuur voor hulle self nog alles geweet en verstaan het. Die werklikheid is dat ervaring een van die enigste maniere is hoe daar werklik groei plaasvind en kennis opgebou word (McNeal 2009:106).

**4.6 Van Kerk na Koninkryksgevormde leierskap**

Hirsch en Ferguson (2011:loc3231) beskryf dat leiers vandag vasgevang kan word in hulle bediening en so moet leiers voorkom om nie hul vryheid te verloor nie maar steeds buite die kerkgebou te kan bedien. Dit bring die realiteit van die eerste volgelinge na vore wat nie geboue gehad het nie en ook geleer het soos wat hul die onbekende betree het. Die vroeë kerk het ook verskeie uitdagings gehad waaruit mens kan leer. Al die verskeie briewe en stories in die Nuwe Testament is getuie van die gebeure (McNeal 2009:132).



© University of Pretoria

Bevans en Schroeder (2004:loc565) beskryf Handelinge as Lukas se verstaan van God se interaksie met die mense wat op nuwe maniere die Sending van God uitgeleef het. Die NG Kerk (2011:209) se nadenke oor die "ampte" beskryf dat die lidmate die belangrikste draer is en dat die *missio Dei* by die lidmate begin.

Die vroeë kerk is 'n beweging wat ontstaan het buite die instituut en religieuse uitdagings en net so is die missionale kerk 'n beweging buite ons ou manier en denke van kerk wees (McNeal 2009:132). Koninkryksleiers is nie geheg aan 'n bepaalde gebou of plek nie, maar is versprei reg oor die koninkryk van God in die wêreld. Niemandt (2007:131) wys dat sterk leiers in gesagvolle plekke nie eintlik die leiers is met die grootste invloed nie. Dialoog skep geleentheid vir lidmate om hul gemeenskap te laat deel vorm van hul eie lewens en ander in te sluit by hul persoonlike lewe (Bevans & Schroeder 2011:loc2371). Dialoog word gevorm deur leiers wat hul lidmate die waarde van 'n profetiese leefstyl aanleer. Kenmerkend van die lewenstyl sou wees dat lidmate nie 'n geskenk neem na hulle gemeenskappe toe nie, maar eerder op soek is na die geskenk wat God reeds binne hulle gemeenskap geplaas het (Bevans & Schroeder 2011:loc679).

Leiers met 'n missionale perspektief wil mense ontmoet en help waar hulle leef, werk en sosialiseer. Die rede vir die motief is sodat hulle saam met ander God se teenwoordigheid kan ontdek. Hierdie tipe leier se verstaan van bediening is anders as 'n leier by 'n bepaalde kerk of gemeenskap. 'n Leier is iemand wat mense se talente kan raaksien en help ontwikkel (Niemandt 2007:126.127). Die fokus van 'n missionale leier is dat hy of sy 'n leefstyl behartig wat ander dien en hulle bo sy eie behoeftes plaas. 'n Profetiese dialoog sal mense altyd help besef dat om ander te dien en ander bo jouself te plaas, van kardinale belang is. Mense sien en ervaar maklik wat iemand se waardes is indien hulle hom beter leer ken. 'n Missionale lewe is iets wat van binne na buite sigbaar moet wees. Bevans en Schroeder (2012:loc691) gee die volgende metafore wat help om sending as dialoog helderder te beskryf:

- Sending as dialoog moet beskou word as 'n skattejag. Lidmate moet altyd op soek wees na die geskenke van God wat reeds daar binne hulle gemeenskappe geplaas is.
- Sending as dialoog help gelowiges besef hulle is gaste binne die gemeenskap. Dit is altyd aangenaam om 'n gas te wees en mense geniet dit om nuwe mense te verwelkom, maar dit laat gelowiges besef hulle is daar om die nuwe dinge te leer en beter te verstaan.



© University of Pretoria

- ŉ Gelowige gaan nooit werklik deeglik verstaan hoe alles funksioneer binne ŉ ander gemeenskap nie, omdat dit altyd vreemd sal bly.

Missionale leiers besef egter ook dat hulle geheg is aan hulle konteks en ook so van binne hulle konteks af moet lei, anders is hul afgesluit van die gemeenskap (Sweet 2004:loc360). Bevans en Schroeder (2004:loc2659) verstaan dat ŉ gelowige werklik sal deel in die kultuur van sy bepaalde konteks. McNeal (2009:15) wys ook hierna as ŉ koninkrykskuif, omdat hierdie leiers meer bewus is van die impak wat die koninkryk van God kan hê op die oomblik.

Die vroeë kerk het nie leierstrukture gehad soos ons dit vandag ken nie. Binne hulle nuwe omstandighede het hulle nuwe verhoudings gevorm (Bosch 2009:48). Hulle was volgelinge wat leiding geneem en mense vertel het van die verlossingsboodskap van Jesus. Niemand was in hulle posisies ingekontrakteer nie. Die kerk vandag kom uit ŉ era waar die instelling self baie aandag gekry het deur leiers aan te stel om daarna om te sien. Dit is wel belangrik om te besef dat sommige leiers wat missionaal gerig is, nog in kerklike leierskapsposisies gaan funksioneer, maar dat hulle dit anders gaan toepas (McNeal 2009:134,135). Hirsch (2006:loc123) herinner mens weer aan wat die vroeë kerk gehad en ook nie gehad het nie.

Die eerste gelowiges:

- Se geloof was onwettig.
- het geen kerkgebou gehad nie.
- het ook nie die Bybel gehad soos wat ons dit vandag het nie.
- het geen vorm van professionele leierskap gehad nie.
- het geen soekersensitiewe dienste gehad nie.
- het dit vir ander moeilik gemaak om deel te word van die kerk.

Dit laat mens net weer besef die vroeë kerk het gewerk met dit wat hulle gehad het en saam met diegene wat bereid was om die boodskap oor te verkondig. Missionale leiers praat nie net oor die kerk nie, maar oor God. Hulle gesprekke is nie gerig op bemarking vir die kerk nie, maar om mense te beïnvloed deur te vertel wie God is (McNeal 2009:138). Profetiese dialoog begelei die leiers om ook te kan luister en so by die konteks waarin hulle leef, te kan leer. William Easum (2000:loc1154) skryf in sy boek *Leadership on the*



© University of Pretoria

*other side* soos volg: "*Everything I know about leadership screams for us to go as deep in our spirituality as is possible, to be more and do less.*"

Die koninkryk van God is nie geheg aan die kerk nie, maar die kerk aan die koninkryk en daarom is dit belangrik om die werke van God se koninkryk in die wêreld te identifiseer en daarby aan te sluit. Die perspektief van 'n koninkryksleier is om te besef dat binne die proses van inkulturasie is dit nie bedoel vir professionele mense nie, maar vir die gewone mense wat subjektief betrokke in hulle gemeenskap leef (Bevans & Schroeder 2004:loc1840). Missionale leiers is mense wat 'n duidelike verstaan van rigting het en ook om die mense wat in die rigting in beweeg, te lei en te bemagtig (Gibbs 2005:loc189). Missionale leierskap aktiveer mense binne die koninkryk. Leonard Sweet skryf in sy boek *Summond to Lead* dat missionale leiers die geleentheid vir ander skep om bo hulle uit te styg (Sweet 2004:loc1677). McNeal se eerste twee skuiwe wat handel oor om ekstern gefokus te wees en om mense te help groei, is karaktereienskappe van 'n missionale leier.

'n Missionale leier skep 'n kultuur waarbinne mense veilig kan voel om op eie inisiatief ander te dien (McNeal 2009:140). Missionale leiers help mense om God in die hier en nou te vind. 'n Missionale leier besef ook die belangrikheid van die Bybel en hoe dit van toepassing is vandag, maar besef dat mense ook nodig het om te hoor waar God is en hoe hulle betrokke kan raak (McNeal 2009:143). Niemandt (2007:157) tref 'n vergelyking tussen ou en ontluikende leierskap en vind dat daar baie verskille is tussen die twee leierskapgroepe soos deur Niemandt hieronder beskryf.

Ou leierskap:

- Modernistiese leierskap wat gebou is op kontrole, beheer en hiërargie.
- Daar is streng kontrole daaroor gehou.
- Kragdadige leiers is in beheer van alles.
- Leierskap deur die wat gewillig is om die werk te doen.
- Die gesag van die leier vloei uit die posisie in die hiërargie.
- Dit is 'n geslote sisteem waar die leier 'n klub stig.
- Die leier is in beheer van die kerk se agenda.
- Daar word sterk klem op besluitneming geplaas.

Ontluikende leierskap:

- Dit is gebou op bemagtiging, deelname en spanne.



© University of Pretoria

- Daar is kreatiewe vryheid.
- Almal se visie deur middel van ŉ proses van deelname.
- Dit is leierlose groepe (spanwerk).
- Die leierskap word gevul deur die wat die gawes ontvang het.
- Die leier se invloed vloei deur passie en deelname.
- Dit is ŉ oop sisteem wat nuwe toetredes verwelkom.
- Die gemeente bepaal die leiers se agenda.
- Daar is ook ŉ sterk klem op konsensus.

Missionale leierskap is baie meer gefokus op die "ons" as die "ek" en hoe ons saam ŉ verskil kan maak in die wêreld. Dit is profeties van aard omdat daar erken word dat God voor die mens se bestaan daar was en Hy is die Een wat die dialoog begin het (Bevans & Schroeder 2011:loc797). Sending as profetiese dialoog met die verstaan van die *missio Dei* is dat ŉ koninkryksgedrewe leier sal besef watter groot voorreg dit is om vas- gevang te wees in die wese van God self (Bevans & Schroeder 2004:loc2624).

### 4.7 Opsomming

In die hoofstuk is dit belangrik om sending soos McNeal te beskryf as *A Way of living* en deur dit in verband te bring met Bevans en Schroeder se verstaan van sending as profetiese dialoog versterk die klem op sending wat bedoel is vir almal. Jesus se wyse van lewe was om sy dissipels daagliks te leer wat dit is om werklik te lewe vir God en in die dialoog in te tree. Daarom is dit belangrik om sending te beskou in die vorming van ŉ leefstylteologie. Volgens Bevans en Schroeder is alle gelowiges teoloë en beklemtoon dat elke gelowige ŉ lewenswyse moet aanneem deur Jesus se voorbeeld te volg. Sending as profetiese dialoog wys dat so ŉ lewenstyl verskeie eienskappe sal hê, soos hoe om te luister en om oop te wees vir nuwe omstandighede. Diensbaarheid is ŉ wyse van hoe om nederig tussen mense te lewe en altyd oop te wees vir verandering. Dit is ŉ leefstyl wat baie jare al gevolg word en so ook is daar nog baie om daagliks te leer en ook saam met ander te leer. Sending as profetiese dialoog is gekoppel aan die wyse hoe mense tussen mekaar en vir mekaar lewe.

Die drie skuiwe wat McNeal verduidelik, is om jou as gelowige, leier en teoloog te help verstaan dat God se sending handel om in ŉ dialoog te wees met die mensdom. Om van ŉ interne na ŉ eksterne bediening te skuif is om gemeentelede te laat besef dat hulle



© University of Pretoria

geloof deel moet vorm van hul daaglikse lewe en omstandighede. Geloof is 'n konstante dialoog tussen gelowiges en hul konteks en binne hul konteks is dit nodig dat hul profeties sal leef. Die kerk as instituut het die voorreg om mense te begelei deur hulle te wys hoe in die wêreld te leef. McNeal verduidelik dat die kerk se rol is om mense te ontwikkel deur saam met hulle te leef en hulle te leer hoe om hul geloof uit te leef. Sending as profetiese dialoog help om die skuif aan te vul deur te verwys na 'n skattejag. In plaas daarvan dat gelowiges geleer word dat hulle die skat in hulle eie lewens moet deel met ander, moet hulle nou saam met ander altyd op soek wees na die skatte wat God reeds binne hulle gemeenskappe geplaas het.

Die laaste skuif handel oor hoe om koninkryksgevormde leiers te ontwikkel sodat lidmate gefokus sal wees op die groter prentjie, in plaas van op slegs hul eie verstaan van kerk en sending. Bevans en Schroeder verduidelik dat alle Christene teoloë is en dat die profetiese dialoog alle mense help om in gesprek te tree met hulle eie konteks, asook vreemde kontekste. Die wyse hoe dit gebeur, verskil van konteks tot konteks. Dis dus nodig dat koninkryksleiers ander sal oplei om dit saam met hulle te kan doen. Sending as profetiese dialoog help gelowiges om hul geloof te kan uitleef en so ook deel te vorm van God se dialoog met die wêreld.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 5

# ’n Antropologiese perspektief van Dion Chang se beskrywing oor die nuwe generasie in Suid-Afrika

## 5.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk verwys na die afstand wat daar is tussen die jonger generasie en die bestaande kerk. Die doel van die hoofstuk is om die navorsingsdoelwit te verryk en te kyk hoe lyk die bestaande generasies in Suid-Afrika. Dion Chang (2012) se boek *New Urban South African Tribes* word gebruik en daar word gekyk hoe die informasie behulpsaam kan wees tot ’n nuwe vormende missionale verstaan van kerk in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Met die perspektief van Chang se beskrywing oor die Suid-Afrikaanse konteks gaan daar, deur gebruik te maak van sending as profetiese dialoog, gekyk word hoe dit moontlik is om in die bepaalde konteks ’n nuwe missionale perspektief te vorm.

Chang (2012:loc181) verduidelik die Suid-Afrikaanse konteks deur ’n *Cappuccino* as metafoor te gebruik: Die onderste deel vorm die meerderheid (47%) en word beskou as die arm en middelklas, mense die roomgedeelte (10%) veronderstel dan die meerderheid wit mense en die sjokoladekorrels bo-op die koffie is diegene (2,24%) wat voordeel trek uit die politiese, sosiale en ekonomiese era na die stigting van die *African National Congress*. Chang verduidelik ook dat ons moet besef dat daar reeds 20 jaar verloop het na die bewind van die *African National Congress* en dat daar dus baie kinders is wat groot geword het in ’n post-apartheid era. Dit verduidelik vir ons iets van die konteks en hoe sending as ’n profetiese dialoog moet inkultureer in alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing - op grond van ekonomiese, sosiale of politieke terreine. Daar is iets dieper en unieks in ons konteks, waar verskeie kulture en tale elke dag saam moet funksioneer en met mekaar in gesprek moet tree. Dit is waar Bosch (2009:421) se siening oor kontekstualisering na vore kom wat aansluit by Bevans en Schroeder se inkulturasie. Kontekstualisering is die vorming van die Evangelie in so ’n mate dat dit in alles deel vorm van die wêreld waarin dit voorkom. ’n Gedekontekstualiseerde Evangelie is wanneer dit deur middel van ’n profetiese dialoog ingekulturaliseer het en so diep binne die bestaande konteks funksioneer dat die konteks nie daarsonder kan voortbestaan nie.



© University of Pretoria

### 5.2 ʼn Nuwe Seisoen vir ʼn nuwe konteks

Chang se studie begin deur in gesprek te tree met die konteks in Suid-Afrika. Chang (2012) verwys dat tegnologie oor die laaste paar jaar so gegroei en bekostigbaar geword het, dat iemand wat in ʼn lae bekostigbare area bly, nou dieselfde sosiale konneksie het as sy gelyke in die ryk stedelike gebiede. Die realiteit wys dat die meerderheid jong mense vandag uit verskeie agtergronde kom, maar dieselfde behoeftes tot tegnologie het, asook om gekonnekteer te wees met die wêreld. Die Suid-Afrikaanse konteks lyk dalk soos twee verskillende wêrelde, maar die manier hoe mense binne dit op ʼn teologiese vlak funksioneer, blyk dalk dieselfde te wees. As ons dink aan sending as profetiese dialoog, sou die studie ons begelei na hoe ons meer in gesprek kan tree met ʼn bepaalde konteks.

### 5.3 Chang en sy metafoor van ʼn *Cappuccino Country*

Chang (*Flux Trends,* 2012) dink kreatief oor die veranderende tendense in Suid-Afrika, waar hy al vir vyftien jaar lank ervaring opgebou het in die verhouding tussen die verbruiker en die kommersiële industrie. Hy het ʼn besigheid gestig, naamlik *Flux Trends* wat navorsing doen oor die sosiale verskuiwings binne die Suid-Afrikaanse konteks, sodat daar ʼn duideliker beeld gevorm kan word oor hoe huidige generasies in Suid-Afrika dink. Chang se studies en beskrywings van hoe die generasies lyk en funksioneer vanuit ʼn meer sekulêre perspektief, kan die vormende missionale perspektief help om te begryp hoe die meerderheid mense in Suid-Afrika dink. Hierdie insig is noodsaaklik vir die kerk om te help verstaan hoe die omringende konteks lyk en hoe mense daarin funksioneer. Die inligting van Chang is kennis wat die kerk kan help om in dialoog te tree met die verskeie generasies en ook hoe om kerk sinvol onder nuwe denkers te inkulturaliseer. Chang (2012:loc169) skryf dat sy navorsing dien as ʼn verslag om ʼn breër perspektief te skep oor verskeie nuwe, komplekse generasies wat elke dag in Suid- Afrika leef. Hierdie perspektief is nodig sodat die kerk se nuwe vormende denke oor die missionale kerk met die huidige konteks in gedagte gevorm kan word.

Om Suid-Afrika in ʼn meer metaforiese konsep te plaas van hoe dit uitgebeeld sou kan word, moet verwys word na Chang se *Cappuccino Country* (Chang 2012:loc175). As mens dink aan ʼn *Cappuccino,* is die onderste deel die koffie wat die meerderheid (47%) van die populasie insluit in Suid-Afrika. Die gedeelte verteenwoordig die brandarm tot die middelklas bevolking in Suid-Afrika. Dit is die gedeelte waarbinne die meeste mense



© University of Pretoria

vassit en waarskynlik nie sal uitkom nie as gevolg van gebeure in die verlede. Die volgende deel van die *Cappuccino* is die room wat die kleiner groep(10%) witmense uitbeeld wat strek van diegene wat gegoed is tot die wat baie ryk is. Die laaste deel (2.24%) van die *Cappuccino* is die sjokoladesprinkels bo-op die room, wat meestal uit die swart Suid-Afrikaanse bevolking bestaan en voordeel trek binne die sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede van die land as gevolg van die African National Congress (ANC). Chang verduidelik dat die laaste groep mense die meerderheid van Suid-Afrika se rykdom besit en lewenstyle handhaaf wat min ander mense in hul lewens ooit sal kan bereik of sien. Die laaste groep se kinders het nou al ’n peil van volwassenheid bereik en word hulle beskou as die eerste generasie na apartheid.

### 5.4 Die verskeie groepe binne die *Cappuccino Country*

- **Millenniums of Generasie “Y”**

Die laasgenoemde generasie van die *Cappuccino* metafoor is ook bekend as die Millenniums of generasie “Y”. Chang (2012:loc200) wys dat die generasie beskik oor kennis van die wêreld en het ook ’n passie om die wêreld te verander. Hulle voordeel is dat hulle baie bevoorreg is omdat hulle ouers finansieel sterk is en daarom gebeur dinge vir hulle waarskynlik makliker. Die groep is grootgemaak met hoë standaarde en het ’n konstante vrees dat hul sal terugval in armoede, soos waaruit hulle ouers ontsnap het. Die groep is baie sterk gebind aan mekaar deur middel van sosiale netwerke en binne die netwerke is dit ook nodig dat hulle ’n belangrike status behou onder hulle vriende.

- **Die gelowige jongmens**

’n Baie interessante *tribe* in Chang (2012) se boek staan bekend as *Faith Based Youth* wat bestaan uit ’n groot meerderheid jong mense wat weer teruggekeer het na hul geloof toe omdat hulle besef dat daar iets groters as hulle is. Die generasie jongmense het wel sterk Bybelse oortuigings, maar hulle het weggedraai van die ou kulturele manier van kerkwees, en ondersteun die idee van die missionale kerk (Chang 2012:loc290). Dit is kenmerkend dat nie alle jongmense weggedraai het van hulle geloof nie, maar dit op ’n meer verstaanbare manier wou uitleef en verstaan. Chang verduidelik die missionale kerk as volg:

> **Missional Church: “***The contemporary ‘church’ that is more interested in making a lasting difference in the world through missionary actions than by*



© University of Pretoria

> *following religious rites or recognising organisational structures"* (Chang 2012:loc297).

Chang (2012) verduidelik dat *new crusaders (faith based youth*) hulle verbind aan sosiale geregtigheid en ook om 'n verskil te maak binne hulle gemeenskappe.

- ***Slactivists***

Hierdie generasie jongmense is baie bewus van wat aangaan in die wêreld en het baie te sê oor hoe mense moet opstaan en reg lewe, maar bitter min doen self iets daaraan (Chang 2012:loc353). Dis 'n bewys dat daar baie keer te doen gekry word met die wat baie sê, maar bitter min doen. Sosiale media het vir baie mense die geleentheid geskep om iets te sê maar nie om fisies die gemak van mens se huis te verlaat en betrokke te wees by die probleem nie.

> ***Slactivist (slacker + activist):*** *"Someone who is happy to generate awereness for a (popular) cause on social media platforms, but who isn't prepared to leave their home en comfortable life to implement on the front line"* (Chang 2012:loc348).

Hierdie generasie is ook baie bewus oor dit wat hulle besit, elke item moet gekoppel wees aan 'n storie of etiese proses vanwaar dit gemaak is en deur wie. Hulle is baie geheg aan vlooimarkte en winkels wat ou klere wat nog op die regte manier gemaak is, verkoop en glo dat dit wat jy eet, bepaal watter tipe mens jy is (Chang 2012:loc394). 'n Nadeel wat teen die groep se eie etiese waardes spreek, is dat net 2% van die wêreld genoeg verdien om organiese voedsel te kan bekostig, maar nietemin is dit steeds nodig dat hulle die woord versprei deur middel van sosiale netwerke.

- **Liberale Millenniums**

Nog 'n groep binne die bestaande generasies in Suid-Afrika is die Liberale Millenniums (Chang 2012:loc626). Hierdie jongmense tussen 20 en 30 jaar, is steeds bewus van hul kulturele agtergrond, maar beeld dit uit deur middel van kuns. In hul uitbeelding wil hul die verstaan van hul kultuur herdefinieer deur hul erfenis anders uit te beeld as wat mense se perspektief daaroor is (Chang 2012:loc632). Die generasie beskou hul Afrikaanse kultuur as belangrik, maar hulle streef daarna om hulle geskiedenis van apartheid nie meer daaraan te koppel nie. Die groep geniet musiek en gaan gereeld na verskeie musiekbyeenkomste waar hulle saam met ander kan kuier en dans. Liberale Millenniums hou daarvan om hul eie kultuur te ondersteun en gekonnekteer te bly met mekaar deur middel van sosiale media omdat hulle tegnologies baie sterk is (Chang 2012:loc670).



© University of Pretoria

- **Indiër en Chinese inwoners**

Nog ŉ deel van die huidige generasie in Suid-Afrika is die groot groep Indiërs en Chinese inwoners wat sterk gevestig is en stadig maar seker besig is om die ekonomie van die land oor te neem (Chang 2012:loc691). ŉ Baie interessante realiteit is dat na 1994 is daar besluit dat die Indiërs en Chinese wat voor apartheid in Suid Afrika gewoon het voordeel mag trek uit die nuwe sisteem en die wat na apartheid na Suid-Afrika verhuis, nie bevoordeel mag word nie (Chang 2012:loc697). Hoe hierdie realiteite mense vorm en aanraak, bepaal baie oor hoe hulle konteks lyk. Om binne so ŉ konteks te funksioneer en self ook te inkultureer, sal baie meer neem as wat mens besef en so ook herinner dit mens dat die konteks in Suid-Afrika baie meer ingewikkeld is as wat voorspel sou kon word. Chang (2012) wys ook dat die twee kulture baie gefokus is om akademies te presteer en so hul geld te kan verdien. Die realiteit is dat hulle eerder hul werk sal beskou as ŉ manier van voorsiening, as wat dit ŉ roeping is.

- **Generasie "Z"**

ŉ Jong stem wat vandag duidelik besig is om sterk te ontwikkel is die sogenaamde Generasie "Z" wat Chang (2012:loc1018) beskryf as *Bieber Brats*. Die generasie het groot- geword met tegnologie en verstaan nie ŉ wêreld sonder die internet nie. Hierdie generasie word groot in ŉ wêreld waar hulle meer as een taal leer en in verskeie soorte sport- en kultuuraktiwiteite deelneem (Chang 2012:loc1043). Die generasie is sterk beïnvloed deur jong sterre (Justin Bieber, Hannah Montana) wat ŉ groot impak maak op hoe hulle die wêreld sien en daarin leef. ŉ Goeie gesonde voorkoms is baie belangrik vir die generasie en hulle dra ook net wat tans in die mode is. Die generasie beskou die wêreld as ŉ oop boek en het waarskynlik vriende regoor die wêreld as gevolg van sosiale media en hulle ouers wat hul saam op oorsese reise neem (Chang 2012:loc1048).

- **Die Mandela generasie**

Die generasie is geskep vanuit die *Bieber Brats* omdat hulle gebore is binne die nuwe demokratiese Suid-Afrika en nie so sterk gebind is aan kultuur en velkleur nie (Chang 2012:loc1056). Hierdie generasie is ŉ voorbeeld van mense wat nie meer vaskyk in die verlede nie, maar wat ŉ met volwassenheid na hul omstandighede kyk. Die Mandela generasie is nie meer werklik streng geheg aan hulle eie kultuur nie, maar het wel respek en aanvaarding vir die wat wel nog geheg is aan hulle kultuur. Dit maak nie saak watter kultuur dit ook al is nie. Chang (2012:loc1056) verwys na hulle as die *Smartie Kids* omdat



© University of Pretoria

hulle besef al lyk alle mense nie dieselfde nie, is almal dieselfde van binne af. ʼn Kenmerk wat voordelig is omdat die inlyn is met profetiese dialoog wat geregtigheid wil skep vir alle mense.

• **Die Verlore generasie**

Hierdie generasie is die meerderheid van Suid-Afrikaners (donker gedeelte van die *Cappuccino* metafoor). Hulle is ongeskool, werkloos en die gemarginaliseerdes (Chang 2012:loc1166). Hulle het gehoop dat, om ontslae te raak van die ou Nasionale Party, hulle sal red en dat die nuwe *African National Congress-party* vir hulle ʼn beter lewe sal verseker. Hulle is moedeloos en het geen motivering om werklik ʼn verskil te maak met hul eie lewens nie. Die meerderheid van die generasie gee moed op en so laat gly hul die werklike kanse van ʼn hoopvolle toekoms wat onderrig aan hulle kon voorsien het.

• **Die Reënbooggenerasie**

*The Rainbow Revolutionaries are not diffrent from everyone else - they are everyone else.*
(Chang 2012:loc1378)

Chang (2012:loc1298) verwys na die *Rainbow Revolutionaries* as die mense wat buite hulle kultuur en godsdiens trou, omdat die gevoel van liefde en respek groter is as enige iets anders. Daar is steeds vandag in Suid-Afrika ʼn ongemaklike realiteit rondom mense wat buite hul kultuurgrense trou, maar dit is ook duidelik dat daar diegene is wat nie meer bekommerd is nie. Die Reënbooggenerasie is meestal gevorm uit die deel van die populasie wat goed opgevoed en geskool is. Chang (2012:loc1308) beskryf dat een uit elke vier gesinne binne Suid-Afrika ʼn kruiskulturele gesin is. Die gesinne is nie net gevorm deur twee mense wat getrou het nie, maar ook deur die mense wat weeskinders van ander kulture en lande aanneem.

Die generasie het wel unieke uitdagings (Chang 2012:loc1337):

- Hoe word die besluit van godsdiens binne sulke gesinne gemaak?
- Sal die witman *Lobola* moet betaal?
- Moet die kinders na die Sondagskool of Moskee gaan?
- Sal die kinders albei ouers se etniese tale moet leer ken of net Engels praat?



© University of Pretoria

Daar is nog baie ander uitdagings, maar die middeweg volgens Chang (2012:loc1347) is dat die Reënboogouers hul kinders opvoed om te besef wat die mensdom in gemeen het, eerder as hoe daar deur godsdiens en rituele onderskei moet word. Die wyse van opvoeding skep die geleentheid vir die kinders om vriende te maak met kinders uit ander kulture en so ook geïnspireer te wees tot ʼn nuwe verstaan van die wêreld waarin hulle leef.

### 5.5 Die nuwe generasie in gesprek met sending as profetiese dialoog

Met Chang se beskrywing oor hoe die Suid-Afrikaanse konteks lyk, word daar nou gefokus op hoe kan sending as profetiese dialoog in gesprek tree met die bepaalde konteks wat ontstaan. Die Millenniums of Generasie “Y” word beskryf as die hoër klas Suid-Afrikaners en die meerderheid word in die strukturele kerk groot, maar het waarskynlik geen konneksie met die kerk nie. Die generasie het waarskynlik geen materialistiese behoeftes nie, maar wel ʼn ambisie om die wêreld waarin hulle lewe te verander - wat baie belangrik is in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Profetiese dialoog sou wel ʼn gesprek begin om die generasie te herinner hulle is nodig in God se koninkryk en is ook deel van sy plan. Die gesprek wat die kerk sal moet begin, is hoe om die generasie se ambisie te omskep in energie wat ander dien en uit hulle nood help. Bevans en Schroeder (2011:loc456) wys dat binne die vorming van ʼn dialoog is dit vir die kerk belangrik om ʼn vriendskapsband te bou met hierdie generasie, sodat hulle respek en vertroue in die kerk weer opnuut sal kan groei. In hoofstuk drie waar daar geskryf word oor Claiborne (2006:62) wat die kerk as ʼn gemeenskap van mense beskryf wat alles deel en niks tekort kom nie, sou dit ʼn baie dieper impak maak as die Millenniums so bedien word dat hulle besef dat die gemeenskap groter is as net hulle eie verstaan van die wêreld. Die wyse van dialoog sal die generasie ook gerusstel oor die vrese wat hul het om alles te verloor en eerder alles wat hul het, te deel. Bonhoeffer (1998:loc412) skryf dat die waarde van genade is mense wat besef dat alhoewel jy jou lewe kan verloor, is dit God wat die energie binne hul plaas om die wêreld te verander en so hoef hul nie bekommerd te wees om dit in sy Naam te doen nie.

God werk binne alle omstandighede en daar is talle persone wat dit reeds besef het, selfs Chang beskryf hulle as die *Faith Based Youth*. Sending as profetiese dialoog ontwikkel die realiteit dat binne en buite die strukturele kerk is daar ʼn groot behoefte vir mense om te besef dat sending daar is omdat God ʼn boodskap vir almal het en sodat almal Hom kan vind binne hulle konteks. So is die generasie ʼn getuie van die realiteit. Alhoewel die generasie nie meer sterk gekoppel is aan die strukturele kerk nie, het hulle geloof behou



© University of Pretoria

(Kinnaman 2011:11). Hierdie generasie is ook ten gunste van die vorming van ŉ missionale kerk in die konteks omdat hulle reeds daarna streef om hulle geloof daarin uit te lewe. Myer (2003:loc223) skryf dat ons vandag in ŉ kultuur leef waar die prioriteit van geloof geskuif het na waar ŉ mens behoort, eerder as waar ŉ mens heengaan op ŉ Sondag. Die generasie is wel nie meer geheg aan die strukturele kerk nie maar hulle leef steeds hulle geloof uit. Om profetiese dialoog te verstaan as ŉ skattejag soos deur Bevans en Schroeder (2011:loc678) beskryf, sou die generasie wys hoe ŉ missionale kerk in die Suid-Afrikaanse konteks lyk.

Bevans en Schroeder (2011:loc241) se beskrywing van God as ŉ werkwoord kan ŉ duidelike impak maak op die generasie se passiwiteit. Omdat God die mens uitnooi om deel te vorm van sy werk in die wêreld, kan gelowiges nie stilsit en net kyk nie. Slactivists is dalk wel in ŉ mate passief, maar hulle manier van dialoog met die res van die wêreld skep geleentheid vir nuwe en belangrike gesprekke. Hulle kry die woord daar buite en maak ook so inligting beskikbaar wat die vorming van ŉ nuwe missionale kerk kan help besef waar die nood die grootste is of hoe die meerderheid mense in die gemeenskap dink en funksioneer. Om te luister sal ŉ belangrike rol speel vir die missionale vorming van kerk onder die generasie. Hulle manier van kommunikasie kan wys waar die kerk nodig is en hoe die kerk die konteks beter kan leer ken, net deur te kyk waaroor hulle gesels op sosiale media. Dit is wel nodig dat die generasie ook iets prakties met hulle kennis en wyse van kommunikasie doen. Sweet (2004:loc543) skryf dat leiers se karakter van so aard moet wees dat hulle moontlikhede kan omskep in werklikhede. Ek stem saam met Niemandt as hy sê: "*ŉ Egte geloof is ŉ lewende geloof en ŉ lewende geloof groei*", daarom kan die kerk mense help om God in hul lewens raak te sien en hul soeke na die gans andere in die regte rigting te stuur (Niemandt 2007:48,49). Missionale kerk moet die generasie begelei om ook aktief betrokke te wees by die nood en gebeurtenisse in hul eie konteks.

Sending as profetiese dialoog skep die geleentheid vir die Liberale Millenniums om hul geskiedenis sinvol oor te vertolk, sodat dit die positiewe behou en sending as profetiese dialoog kan hulle verstaan van God ook help uitbeeld en inkulturaliseer. Sending as inkulturasie sal die Liberale Millenniums moet help om die dieper waarde agter kultuur raak te sien en dan ook te help dat hulle nie vasval in die verlede nie. Bevans en Schroeder (2011:loc1238) skryf: "*But as we listen en discern carefully we will experience the need, even the duty, to speak. We will find creative ways to present the Christian*



© University of Pretoria

*message and will be impelled to oppose injustice or advocate reform*." Kuns is een van die beste uitbeeldings van hoe gelowiges in die verlede God beleef het en dit kan vandag impak maak op die groep om deur middel van kuns God in hul eie konteks uit te beeld en te vind. Die missionale kerk se taak is om God se sending aan die wêreld uit te leef en so kan dit deur middel van kuns onder die generasie ŉ sinvolle vertrekpunt wees. Kuns is een van die kenmerke wat uitstaan in die generasie en daarom sal die missionale kerk in die konteks baie gefokus moet wees op hoe hul die boodskap van God uitbeeld. Jesus se gelykenisse was vol beelde, sodat mense kon verstaan wat Hy hulle leer. Die wyse om ander te leer is vandag steeds nodig, omdat beelde nie abstrak is nie, maar mens emosioneel betrokke kry sodat daar wel aksie moet plaasvind (Bevans & Schroeder 2011:loc679).

In Suid-Afrika is daar verskeie kultuurgroepe en is daar groot politieke en sosiale druk op elke groep. Die Indiër en Chinese inwoners waarvan Chang praat, voel ook die bepaalde druk en daarom sal sending as profetiese dialoog hierdie generasie dien deur versoening met mekaar en met ander kulture. Dit is nodig dat die kerk ŉ sigbare voorbeeld is van respek, aanvaarding, eerlikheid en barmhartigheid (Bevans & Schroeder 2011:loc1397). Die missionale kerk sal moet begin om na die generasie te luister en aandag te gee aan die verskeie probleme in die gemeenskap, sodat daar ŉ pad van versoening gevind kan word. Die generasie se gedrewenheid om te presteer en ekonomies sterk te wees bied geleentheid vir groei, maar om dit te verstaan sal die kerk moet luister na die diep begeerte van die generasies om aanvaar te word. Profetiese dialoog sal die geleentheid vir die kerk skep om die generasie mense te lei om hul geloof eerste te plaas binne hulle sosiale en politieke omstandighede.

Generasie "Z", die Mandela generasie en die reënbooggenerasie het baie dieselfde eienskappe. Hulle verskil wel ten opsigte van verskeie sosiale agtergronde, maar funksioneer vanuit ŉ nuwe verstaan van hoe kultuur lyk en om dinge nuut en anders te doen. Die generasies is ŉ duidelike beeld van hoe die toekoms gaan lyk in Suid-Afrika en dit vorm ook ŉ sterk beeld van hoe ŉ missionale kerk onder die generasies sal moet lyk. Om al die generasies se eienskappe in gedagte te hou sal daar gefokus word op dialoog tussen die generasies. Die karakter van sending as profetiese dialoog begelei teoloë om ook te verstaan hoe sal die missionale kerk onder die generasies kan funksioneer om God se redding deel maak van hulle lewens sodat hulle dit ook kan verstaan en uitleef. Hirsch (2006:loc1701) skryf soos volg: "*The incarnation not only qualifies God's act in the world,*



© University of Pretoria

*but must also qualify ours.*" Jesus het deel gevorm van die mens se kultuur en daarom moet alle Christene ook deel vorm van die konteks waarin hulle leef. Die generasies se verstaan van almal wat dieselfde is help om ʼn dialoog te vorm oor hoe leef hulle hierdie eienskap uit na die res van hul gemeenskap deur die vrede te bewaar in hul eie harte.

Kenmerkend van die dialoog sal wees dat die kerk self berou moet toon vir die besluite wat gemaak is in die verlede (Bevans & Schroeder 2011:loc639). As die missionale kerk nie uit ʼn vorm van berou na die gemeenskap kan gaan nie, sal daar nie werklik ʼn oop en eerlike verhouding tussen beide die kerk en gemeenskap gevorm kan word nie. Dit is ook belangrik dat dialoog kenmerkend is van ʼn regte lewenstyl. Daarmee word bedoel dat indien die dialoog begin is vanuit ʼn waarde van berou, moet vergifnis ook deel van die dialoog wees en sodanig geleef word. Dit is ʼn stadige proses wanneer die missionale kerk in die huidige Suid-Afrikaanse konteks die realiteit van vergifnis kan uitleef sodat die gemeenskap die waarde daarvan kan raaksien en self ook ervaar. Om vertroue te bou met die gemeenskap, is baie belangrik vir ʼn respekvolle dialoog wat ʼn definitiewe eienskap is van ʼn opregte vriendskap (Bevans & Schroeder 2011:loc666). Die vorming van vriendskapsbande is nie ʼn taak nie, maar ʼn nuwe lewenswyse wat daarop gerig is om die eie ek te laat staan en diensbaar te wees teenoor almal.

Die een generasie waarna Chang verwys as die *Lost generation,* is die meerderheid mense in Suid-Afrika en dit skets ook ʼn belangrike konteks vir die missionale kerk. Om missionaal kerk onder hierdie generasie deur middel van dialoog te wees, is om op die nood van die mense te reageer op so sensitiewe wyse sodat God se teenwoordigheid sigbaar sal word (Bevans & Schroeder 2011:loc581). Die kerk is nie net ʼn kerk vir die armes nie, maar van en saam met die armes (Bevans & Schroeder 2011:loc549). Die missionale kerk sal diep binne die gemeenskappe gevestig moet word en die diepte sal bepaal word deur die werklike verhouding wat daar is tussen die kerk en die armes. Hierdie generasie het die meeste nood en nie net materieel nie, maar ook spiritueel en sosiaal. Die profetiese stem wat die kerk dra, is vir die armes, vir menswaardigheid en lewe met ʼn diep integriteit vir die skepping (Bevans & Schroeder 2011:loc980). Dit is nie om verdere skeiding te bring nie, maar om mense bewus te maak van God se werk en teenwoordigheid binne hulle kontekste en ook so bewus te maak van mekaar se nood en soeke na egte, gerespekteerde vriendskap.



© University of Pretoria

## 5.6 Opsomming

In die hoofstuk word Chang se beskrywing van hoe die huidige konteks in Suid-Afrika lyk, in gesprek gebring met profetiese dialoog. Chang se verskeie *"Tribes*" beskryf die unieke en kreatiewe konteks waarin Suid-Afrika ontwikkel. Dit gee ook insig aan die kerk om die verskillende generasies binne die Suid-Afrikaanse konteks opnuut te verstaan. Elke generasie lyk en funksioneer anders. Chang beskryf dat elke generasie sy eie bepaalde land- en wêreldbeskouing het. Dis noodsaaklik dat die kerk kennis moet dra hiervan, sodat die korrekte manier hoe dialoog met elke generasie gaan plaasvind, gevind kan word. Elke generasie dra sy deel by en maak op 'n passiewe of aktiewe manier 'n verskil in Suid-Afrika.

Die Millenniums en *Faith Based Youth* generasies wat gemotiveerd is om 'n verskil te maak, is 'n sterk aanknopingspunt vir die kerk. Hulle val baie sterk in onder die kenmerke van profetiese dialoog as proklamasie, getuie en geregtigheid. Om deel te kan word van die generasies, moet 'n missionale kerk eers goed luister wat elke generasie se behoeftes is, en dit dan ondersteun en aanmoedig. Om as 'n getuie van die Evangelie op te tree is om sensitief binne die bepaalde konteks te leef en so ook moet mens leer hoe om saam met die konteks te verander (Bevans & Schroeder 2004:loc8488).

Verkondiging in dialoog bly die permanente prioriteit van sending (Bevans & Schroeder 2004:loc8540). Dialoog skep die geleentheid om die generasie mense wat bedien word, te verstaan en ook hoe om die Evangelieboodskap sinvol aan hulle oor te dra. Dit is nodig dat die missionale kerk vir alle generasies hoop sal skep deur hulle bewus te maak van God en aan hulle te wys dat hulle begeertes vir 'n beter Suid-Afrika ook in God se hart leef. Profetiese dialoog dien dus as 'n versoeningsgesprek tussen die armes en rykes in Suid-Afrika. Chang se beskrywing van die *Lost Generation* getuig van 'n groot aantal mense in Suid-Afrika wat moedeloos en arm is. Baie van hulle het geen ideale of doelstellings meer nie. Hulle is wel positief oor verandering, maar sien nie 'n werklike uitkoms nie. Om Jesus se redding in die gemeenskap sigbaar te maak sal daar gefokus moet word op die versoening wat Jesus gebring het. Die reddingsverhaal kan armes en rykes motiveer om anders te lewe en hulle moet besef dat lewe nie afhanklik is van al die materialistiese dinge wat 'n mens besit nie, maar eerder fokus op 'n morele wyse van lewe. Die lewe is profeties gekoppel daaraan om ander te dien en na mekaar te luister. 'n Vriendskap kan gevorm word tussen ryk en arm, sodat hulle mekaar kan help en oplig tot 'n beter Suid-Afrika en wêreld. Die Suid-Afrikaanse konteks is daaglik aan die verander op



© University of Pretoria

sosiale en politieke wyses. Binne hierdie veranderinge moet die missionale kerk daarin streef om ander te herinner dat daar baie is om voor te lewe en dat God deel is van hulle lewens. Alle generasies moet help verstaan word hoe om deel te vorm van God se reddingsplan vir Suid-Afrika en vir die hele wêreld.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 6

# Profetiese dialoog as 'n Tafelgesprek

*The 'dining room table' is symbolic of table fellowship in the home. Jesus ate in the homes of tax collectors Levi en Zacchaeus. These meals were moments marking the inbreaking of God's Reign.*

(Bevans & Schroeder 2011:loc2073)

## 6.1 Inleiding

Die hoofstuk handel oor die konsep van sending as profetiese dialoog wat alle mense insluit en nie net die onbereiktes nie (Bevans & Schroeder 2004:loc8248). Die metafoor van 'n 'tafelgesprek' is afkomstig van Bevans en Schroeder (2011:loc2067) se hoofstuk *Mission, Table Fellowship and the Areopagus of Today*. Die hoofstuk beeld uit dat die koninkryk van God gekoppel is aan verhoudings wat gebou is op die diep persoonlike verhoudings tussen mense. So 'n verhouding is duidelik nodig tussen die missionale kerk en die verskillende generasies volgens Chang se beskrywing, in Suid-Afrika. Dit gaan ook oor die realiteit dat die verlossing wat ons vind in die boodskap van Jesus nie net 'n persoonlike aktiwiteit is nie, maar ook 'n gemeenskaplike verhouding met ander (Bevans & Schroeder 2004:loc8263). Die tafelgesprek is een waarin almal kan deel, luister en soek en dien as 'n metafoor vir gemeenskap. Bolsinger (2004:loc270) se siening steun die realiteit omdat hy na die kerk verwys as 'n sigbare verteenwoordiger van die God waarna mense soek. Die boodskap van sending is nie net 'n persoonlike gebeurtenis nie, maar dit is ook deel van wat gebeur in die hele gemeenskap van die wat glo en ook die wat nie glo nie. Die Heilige Gees is altyd aan die werk, en daarom kan die kerk die waarheid sinvol aan almal verkondig en ook nuwe maniere vind hoe om te bedien (Bevans & Schroeder 2004:loc8547). Daar word dus ook gefokus op gebed en liturgie by die tafelgesprek. Dit dien as 'n wyse hoe die missionale kerk deur middel van hierdie gebruike mense help tot 'n dieper en meer sinvolle verstaan van God.

## 6.2 Die Tafelgesprek as metafoor vir die Missionale kerk

Om die tafelgesprek verder te verduidelik as teken van God se koninkryk wat sigbaar word, is dit nodig om ook te fokus op dinge wat kenmerkend is aan die missionale kerk vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief. Niemandt (2010b:3) skryf in 'n artikel *Acts for Todays Missional church* dat die missionale kerk gekenmerk word deur vier unieke kenmerke. Die



© University of Pretoria

kenmerke dien ook as ʼn wyse hoe die missionale kerk in verhouding staan met gelowiges en die res van die wêreld. Dit dien verder ook as eienskappe vir die vorming van verhoudings met die generasies, soos beskryf deur Chang.

- Die eerste kenmerk fokus op God se teenwoordigheid. Die kerk is nie ʼn gebou met God se teenwoordigheid daarbinne nie. Christene is God se teenwoordigheid binne die wêreld met gesonde verhoudings buite die mure van die kerkgebou. As jong teoloog moet jy eg wees in die verhoudinge wat gevorm word, en dit het nie beperk tot binne die kerkgebou nie. Vriendskap is een van die kosbaarste kenmerke van die lewe en daarom is dit belangrik om mens se vriendskappe nooit te beperk tot net sekere mense nie.

- Die tweede kenmerk fokus op nabyheid. Vriendskap beteken nie veel indien jy ander nie werklik deel maak van jou lewe en wie jy as mens is nie. Niemandt gebruik empatie hier as ʼn voorbeeld waar die kerk werklik belangstel en empatie toon aan alle mense. Dit laat mens ook besef dat ʼn profetiese dialoog nie iets koud en klinies is nie, maar ʼn gesprek wat deel in mense se lewens en emosies.

- Die derde kenmerk is dat die missionale kerk weerloos, nederig en diensbaar is soos wat Jesus is. Jesus is ʼn voorbeeld van Iemand wat mag omskep het tot ʼn nederige bediening wat die wêreld verander het. Teoloë se ingesteldheid van wat werklik in die wêreld krag en mag is, sal wys waarin hulle glo en hoe hulle die boodskap van Jesus volg. Jesus het deel geword van ons lewens en so word ons deur middel van Hom ook deel van ander se lewens. Die profetiese dialoog deel in lewens en bind ook so lewens aan mekaar. ʼn Dienende hart is een wat die boodskap van Jesus na ander neem sonder persoonlike voorwaardes.

- Die vierde kenmerk van die missionale kerk is dat dit God se koninkryk vandag sigbaar maak vir ander, asook dat ander kan deel in die geskenk van God. Die nabyheid van God word vir die wêreld sigbaar deur diegene wat reeds leef volgens die wil van God. Daar waar mens leef, het hy die geleentheid om lewe te skep omdat die lewe van versoening en redding deur Jesus Christus aan almal wat dit aanvaar, gegee word. God se hart hier op aarde is die mens wat dus saam met elke ander persoon op aarde wandel. Daarom het die missionale kerk die geleentheid om die voorbeeld te wees.



© University of Pretoria

Waarna alle mense strewe, is om aanvaar te word en om ook die persoon te word wat God se skeppingsdoel met jou lewe bereik (Bolsinger:loc157). 'n Profetiese dialoog beperk nie vriendskap nie en dit help gelowiges om hul geloof meer prakties te kan uitleef in hulle daaglike lewe (Bevans & Schroeder 2011:loc1956). Die vier kenmerke van 'n missionale kerk beeld die waarde uit van die kerk se potensiaal en hoe om die koninkryk van God sigbaar te leef vir ander. Die koninkryk van God het geen grense nie en wil mense se oë oopmaak vir dit wat die belangrikste is in die lewe. Die koninkryk van God bestaan uit mense en daar waar mense van God is, is die kerk reeds teenwoordig. Ander moet uitgenooi word om deel te word van God se boodskap wat die kerk gevorm het. (Bevans & Schroeder 2004:loc8573). Die tafelgesprek sal egter altyd oop wees vir nuwe sowel as bekende gesigte. Sending is 'n gesprek van genade waarin mans en vrouens kan deel en dit roep mense op om die gesprek te neem na ander wat dit nog moet hoor (Bevans & Schroeder 2011:loc365).

Die werklikheid van die kerk is dat dit ontstaan het deur Christus en in sy waarheid gevestig is. Om in Christus gevestig te wees is om deel te wees van die kerk (Hirsch 2006:loc2611). Om die werklikheid van profetiese dialoog te besef is volgens Bevans en Schroeder (2011:loc270) dat God nie 'n sendingplan vir die wêreld het nie, maar dat God sending is. 'n Tafelgesprek wat nie oop en eerlik is nie, sal vinnig ontbloot word en dan sal die gesprek misluk. Dit is volgens Niemandt hoekom die missionale kerk uit egte verhoudings gevorm moet word. Die missionale kerk is 'n plek van diep vertroulike verhoudings waar God sigbaar is en almal saam nader groei aan God en sy skepping.

Donald Miller (2003) se boek *Blue like Jazz* getuig van 'n verhaal in hoofstuk elf getiteld *Confession,* waar 'n paar Christenvriende 'n verskil wou maak in 'n universiteit waar geloof nie 'n groot rol speel nie. Die universiteit het jaarliks 'n partytjie gehou waar mense op die aangewese Vrydag dronk word en op die Saterdag verskeie dwelms gebruik. Dit was nie juis die perfekte plek vir Christene om 'n verskil te maak nie, of hoe? Dit was die realiteit van die paar Christene wat gevra het hoe hulle tydens die geleentheid kan help. Een van die vriende het voorgestel om 'n belydenishokkie op die kampus te bou vir die naweek van drank- en dwelmmisbruik. Dit was nie 'n maklike besluit nie, omdat die studente hulle uitgespreek het teen enige vorm van godsdiens. Om daarby verby te kom, het die groepie vriende beluit dat die doel met die hokkie was om jammer te sê en nie vir mens om vergifnis te kom vra vir hul sonde nie. Duidelik het die studente 'n verkeerde persepsie gehad oor die kerk en God se redding en daarom het die projek baie beter gevaar as wat



© University of Pretoria

hul gedink het en gesprekke van versoening oor die kerk, God en mense se perspektief oor Christene het drasties verander.

Die storie getuig van normale mense wat in gesprek getree het met hulle direkte konteks. Bevans en Schroeder (2011:loc1296) skryf dat die manier hoe mens getuig, moet altyd uitnodigend in plaas van manipulerend wees. Om deel te vorm van die missionale kerk is om mense altyd met respek te hanteer. Hulle eie keuse van deelname of nie moet gerespekteer word. Dit is ook waar dat nie alle besluite of kreatiewe idees sal slaag nie, maar om in geloof te leef is belangriker as om onderdruk te word deur vrees. Erwin McManus (2005:34) skryf in sy boek *Barbarian Way* dat geloof nie gemik is op geweld en vrees nie maar oor mense gaan wat bereid is om ŉ leefstyl van liefde aan te neem wat gebind is aan opoffering en diensbaarheid.

Alle Christene moet getuig vanuit ŉ kwesbare en nederige leefstyl (Bevans & Schroeder 2004:loc8590). Die kwesbaarheid en nederigheid van die paar studente in die boek *Blue Like Jazz* getuig van hoe so ŉ leefstyl moet lyk en binne ŉ bepaalde konteks inkultureer. Bevans en Schroeder (2004:loc8599) se beskrywing van hoe dit aangepak moet word, is die verskuiwing wat binne ŉ mens moet plaasvind, dus van ŉ kruistogperspektief na ŉ kruisperspektief. Sending in die missionale kerk is nie gefokus op groei van geld en lidmate nie, maar op die ingesteldheid van egte diep verhoudings wat gevestig word. Die missionale kerk is nie gefokus om die strukturele kerk reg te maak nie, maar om deel te vorm van die kultuur waarin dit tans bestaan (Roxburgh 2011:loc670). Deur verhoudings kan die missionale kerk weer mense rondom die tafelgesprek herinner dat hulle God kort en dat Hy diep binne-in hulle lewens gevestig is.

Die *missio Dei* is soos die beeld van ŉ fontein wat nie vasgevang kan word deur ŉ struktuur nie en sal altyd oorloop na buite om ander deel te maak van God se missie vir die wêreld (Bevans & Schroeder 2011:loc1969). Die tafelgesprek dien as ŉ beeld van hoe die missionale kerk die verskeie generasies in Suid-Afrika kan betrek tot by God se missie deur middel van nederige dialoog. Die tafelmetafoor is direk gekoppel aan die *missio Dei* en hoe gelowiges gevestig is en moet leef binne hul eie gesinne, gemeenskap en die res van die wêreld (Bevans & Schroeder 2011:loc2149).



© University of Pretoria

### 6.3 Gebed en Liturgie om die Tafelgesprek

Bevans en Schroeder maak ŉ belangrike stelling deur te verwys hoe mens die erns van gebed en liturgie as ŉ profetiese stem met ŉ missionale fokuspunt vergeet (Bevans & Schroeder 2004:loc8627). Dit is iets wat die missionale kerk ook nie moet vergeet nie. Bevans en Schroeder (2011:loc2098) beskryf liturgie se funksie van die Lutheran Thomas Schattauer as volg:

> "*First of all, the liturgy is 'inside and out' whereby it empowers and equips the Christian community on the inside to be a witness and instrument of mission on the outside. Second, the liturgy is also 'outside in' in that the event and people of the neighborhood and the wider world enrich and challenge the Christian community. Finally, the liturgy as 'inside out' recognizes that the liturgy itself - the Word proclaim, meal shared, community formed, and reconciliation offered - is already God's mission in action for both the evangelized and unevangelized in a particular congregation*."

Liturgie dien as ŉ vorm van sending deur mense bewus te maak van hulle ontmoeting met God en so ook om hulle geloof uit te leef binne en buite hulle gemeenskap. Liturgie laat ŉ missionale gemeenskap deel in die teenwoordigheid van God en so word dit ook dienend uitgeleef na ander.

Die manier hoe beide liturgie en gebed deel word van ŉ diens of aanbiddingsgeleentheid, sal bepaal hoe gelowiges na hul konteks kyk. Liturgie het nie net die vermoë om mense dieper te laat verstaan van God nie, maar om hulle bewus te maak van God se hart as sending. Liturgie help nie dat gelowiges uit hierdie lewe kan ontsnap nie, maar dit transformeer gelowiges om meer soos Christus te wees en sy koninkryk te gaan uitleef in die wêreld (Bevans & Schroeder 2004:loc6877). Gebed en liturgie is die kern van ŉ Christelike gemeenskap se aanbidding, maar dit is nie daar sodat mense net op die kern kan fokus nie, maar om vanaf die kern die buitewyke van die lewe te kan sien. As teoloog dra die profetiese dialoog die kern as waarde om mense meer missionaal te laat fokus en nie net ŉ individuele spiritualiteit te vorm nie. Gebed en liturgie verwys na die bokant (God) van die kerk en waar die krag en inspirasie vandaan kom (Bevans & Schroeder 2004:loc8672).

Liturgie en gebed is ŉ middel waardeur mense God se karakter beter kan verstaan en dan ook soos Jesus Christus toe te laat om jou te transformeer. Bolsinger (2004:loc406) skryf dat God se keuse vir die mensdom is om meer soos Christus te word. Binne die



© University of Pretoria

ontdekking van wie God is, begin daar iets vars en nuuts binne elke mens se eie narratief (Greene & Robinson 2008:111). Deur liturgie en gebed openbaar God homself aan die mens, sodat Hy hulle belewings van Hom kan omskep in 'n diensbare aksie. Dit is God wat die verandering binne mense laat gebeur en hulle harte omkeer vir sy koninkryk. Die gesprek rondom die tafel begin dus by die Een wat dit gedek het. Die belangrikheid van liturgie is om gelowiges in 'n konstante dialoog met mekaar, ander en God te plaas. Die liturgie help mens om binne die erediens (konteks) God te kan ontdek en ook weer te herontdek (Wepener en Van der Merwe 2009:11). Die belangrikheid van die erediens en die rol wat liturgie daarin speel, kan nie vergeet word nie. Dit vorm ook deel van die profetiese dialoog in ons huidige konteks.

Liturgie bevat kennis en insigte wat die gemeenskap leer en bemagtig hoe om self ook deel te vorm van die profetiese dialoog. Dit leer mense ook om reg en sinvol te leef binne hulle eie konteks (Bevans & Schroeder 2004:loc8643). Die liturgie is 'n vorm van hoe om mense binne die kerk te ontwikkel. Dit verwys net weer na McNeal se tweede missionale skuif, waar die kerk nie programme nie, maar mense moet ontwikkel (McNeal 2009:89). Liturgie is gefokus op mense en so ook om mense aktief van binne na buite te skuif sodat die verandering wat binne hul eie lewens gebeur, sigbaar kan wees vir ander in hul gemeenskap.

Liturgie help mens om God se hart weer duidelik te maak vir die hele gemeenskap. Liturgie is sending in 'n profetiese dialoog (Bevans & Schroeder 2004:loc8730). Binne liturgie kan die konteks en sy verskeie uitdagings gebruik word om mense vanuit die kerk na die wêreld te help fokus. Die uitdaging van liturgie is om binne die erediens dit so te vorm dat dit verwys na God wat Homself deur Jesus Christus openbaar het (Wepener & Van der Merwe 2009:192,193). Enige liturgie, in watter vorm dit ook al aangebied word, verwys na Christus en hoe sy lewe mense inspireer om sinvol hulle geloof in hul bepaalde gemeenskap uit te leef.

Gebed se rol as profetiese dialoog in ons huidige kontekste moenie ondermyn word nie. As daar een ding in die lewe is wat almal kan doen, is dit om te bid. Enige persoon kan bid en die krag van gebed is iets wat nie onderskat moet word nie. Gebed is verseker 'n missionale daad wat deur almal gedoen kan word (Bevans & Schroeder 2004:loc8772). Alhoewel gelowiges nie altyd dieselfde bid nie, kan hulle saam aanbid. So 'n gebedservaring kan help om hul geloof en ervaring te kan inkultureer met ander gelowiges



© University of Pretoria

(Bevans & Schroeder 2011:loc1363). Gebed inkulturaliseer mense nie net met mekaar nie, maar ook met God se werk op aarde en in gelowiges se lewens. Bennie Mostert (2011:206) skryf in sy boek *Wanneer God mense Nuut maak* dat voor elke groot herlewing of ontwaking, daar eers 'n groot herlewing in gebed plaasgevind het. Gebed is die deur na God se hart en dien as vorm waarna alle gelowiges smag en dit is om in dialoog te kan wees met hul Skepper.

Saam met gebed is refleksie vir mense net so belangrik om deel te vorm van die profetiese dialoog in die gemeenskap. Baie dinge gebeur en soms besef mens nie altyd waarom mens se gemeenskap lyk of optree soos wat dit doen nie. Daarom is dit nodig om oor hierdie dinge te reflekteer. Om te reflekteer is om met 'n missionale verstaan na mens se bepaalde konteks te luister, te kyk en te wag (Bevans & Schroeder 2004:loc8794). Die laasgenoemde aspekte van refleksie is juis 'n vorm van dialoog. Om te wag, luister en kyk help mens om binne jou refleksie in gesprek te tree met die bepaalde omstandighede. Refleksie verwys ook terug na dinge in die verlede waar God 'n verskil gemaak het in die Bybel en ook vandag 'n deel van sy hart aan ons openbaar.

Deur die verstaan van liturgie word daar die nodige kennis oorgedra van hoe 'n gelowige se lewe moet lyk. Bevans en Schroeder (2011:loc1335) beskryf ook dat saam met beide liturgie en gebed vorm mens 'n persepsie oor geregtigheid. Indien mense vrede op aarde wil ervaar, sal hulle moet leef vir geregtigheid in die samelewing. Bevans en Schroeder (2011:loc1327) onderskei tussen twee verskillende geregtighede wat sigbaar moet wees by gelowiges. Die eerste is 'n sosio-ekonomiese geregtigheid wat gefokus is om hoop te skep vir die mense teen wie onreg gepleeg word en ook om die wat onreg veroorsaak, aan te spreek. Die tweede vorm van geregtigheid is gefokus op die natuur wat mense herinner om nie die aarde te vernietig nie en alles wat hulle doen, met bewaring in gedagte, te doen. Daar is slegs een aarde waarop lewe moontlik is en die belang om dit op te pas, moet diep binne elke gelowige gevestig wees.

Liturgie en gebed is 'n vorm van hoe geregtigheid binne elke lidmaat se lewe geïnvesteer word. Wepener en Van der Merwe (2009:232) verwys dat die erediens 'n wyse is van hoe mense God kan ervaar, maar ook opnuut leer wie God is en hoe die mens moet lewe. Binne die erediens kan die liturgie so ingekleur word dat mense meer leer terwyl hulle God op 'n nuwe manier ervaar. Liturgie en gebed is 'n vorm van die gesprekke wat bewustelik en onbewustelik by die tafelgesprek plaasvind.



© University of Pretoria

## 6.4 Opsomming

In die hoofstuk vind die navorser dat deur die metafoor van tafelgesprek te gebruik beeld dit iets uit van die diep, egte verhoudings tussen mense en die wêreld uitbeeld. Dit is nie altyd ʼn fisiese gesprek om ʼn tafel nie, maar dit is ʼn wyse van inkulturasie en om gelowiges te begelei om hul geloof in hul samelewing uit te leef. Die tafelgesprek bring weer die waarde van lewe terug. Daar word ook gefokus op kenmerke van die missionale kerk wat net weer aandui oor die ingestelheid van ʼn missionale kerk en hoe dit in ʼn unieke wyse die wêreld weer opnuut aan God se teenwoordigheid herinner en dit sigbaar, dienend leef. Die wyse waarop kerk plaasvind, kan nie in een beskrywing vasgevang word nie, maar is uniek in elke konteks en gerig daarop om aan almal die hart van God uit te leef. Die missionale kerk is wel sigbaar as gevolg van haar kenmerke.

ʼn Baie interessante realiteit is dat liturgie en gebed nie iets van die verlede is nie, maar opnuut weer plek vind binne die huidige konteks. Bevans en Schroeder se beskrywing van liturgie, gebed en geregtigheid skep weer hoop vir die wêreld waarin ons leef. Dit is ook ʼn wyse waarop gelowiges God kan ervaar, maar ook meer leer oor hulle eie geloof en hoe om meer soos Christus se volgelinge te leef - ʼn leefwyse wat staan vir dit wat goed en reg is vir beide die mens en die aarde waarop gelewe word.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 7

# Gevolgtrekking van Sending as Profetiese dialoog

## 7.1 **Sintese en Konklusie**

*The Acts of the Apostles tells the exciting story of how the Spirit led the early Jesus community to respond creatively and communally in new en surprising situations as it preached the gospel "to the ends of the earth" (Acts 1:8)*
(Bevans & Schroeder 2011:loc104)

Profetiese dialoog van Bevans en Schroeder bring mens tot ŉ nuwe verstaan van God se alomteenwoordigheid en sy steeds aanhoudende werk in mense en gemeenskappe. Daar word werklik weer besef dat Jesus se storie mense vandag nog deur nuwe en kreatiewe maniere aanraak en weer eenheid skep in diegene wat God nie in hul eie lewens kan ervaar nie. Die profetiese stem van die kerk is meer as net woorde, maar dit is om al mens se sintuie so in te stel dat alles terselfdertyd funksioneer en mens bewus te maak van God se werk in alle situasies. ŉ Profetiese stem is nie ŉ toekomsvoorspeller nie, maar dit help om die huidige omstandighede te interpreteer volgens die gebeure in die verlede. Profetiese dialoog is om deel te vorm van die dialoog wat God reeds gevorm het met die wêreld. Die dialoog skep geleentheid vir teoloë om met dankbaarheid en selfvertroue in die wêreld te kan leef.

Die studie is gebou op Bevans en Schroeder se twee boeke, *Constants in Context: A Theology of Missions for Today* en *Prophetic Dialogue: Reflection on Christian Mission Today* met die fokus van hoe lyk sending as profetiese dialoog binne die verstaan van die huidige generasies binne Suid-Afrika. Die werk word in verband gebring met Chang se werk, *New Urban Tribes of South Africa*, om ŉ deeglike konteks te skep waarmee die studie in gesprek tree. In die hoofstuk word ŉ opsommende weergawe gegee van wat die navorser uit hierdie twee werke geleer het van sending as profetiese dialoog in ŉ Suid-Afrikaanse konteks.

Die beskouing van sending waarmee reeds voor die stigting van die kerk begin is maak die stories van Handelinge veel meer relevant as ooit tevore. Hierdie stories is getuie van die eerste volgelinge wat sonder enige struktuur of gebou gefunksioneer het en die belangrikheid van Jesus se lewensverhaal hier op aarde so kreatief as moontlik aan alle



© University of Pretoria

mense verkondig het. Die verhale binne die boek Handelinge getuig van ŉ profetiese dialoog wat plaasgevind het tussen gelowiges en die onbekende konteks. Die stories is getuienis van die eerste momente van ŉ nuwe verlossingsverhaal wat binne elke konteks ingekulturaliseer het. Daar is in die navorsing bevind dat missionale teologie gevorm word uit mense se praktiese ervaringe binne hulle eie en ook onbekende kontekste. Daar word ook gevind dat geen nuwe of aanhoudende proses foutloos gaan wees nie. Bosch (2009:50, 51, 52) se beskrywing in hoofstuk drie van die foute wat die eerste eeuse kerk gemaak het, getuig van ŉ nuwe beweging wat op ŉ nuwe manier deel van die konteks geword het. Daarom besef mens dat saam met nuwe ontwikkelinge daar nuwe foute gemaak word waaruit mens kan leer en daarop uitbou. Die kritiek van Van Wyngaard (2010) skep ŉ bewustheid dat nie alle werk voltooi is of alle aspekte in verband gebring kan word nie, maar kritiek is ŉ wyse waarop mens meer kan leer oor hoe alle studies gapings het wat gevul kan word deur nuwe insigte en perspektiewe. Deur die insig van Bevans en Schroeder se beskrywing van Handelinge kan ons aanneem dat sending as die moeder van teologie beskou kan word en ook so die erns van sending vir vandag op ŉ belangriker agenda sal plaas sodat lidmate die noodsaaklikheid sal besef om hul geloof orals uit te leef. ŉ Kenmerkende realiteit wat geskep is deur die boek handelinge en die verwysing na die sewe fases en watse kreatiewe geleenthede daar geskep is vir gelowiges om hul geloof in nuwe, onbekende gebiede uit te leef. Profetiese dialoog kan lidmate help en leer hoe om hul geloof in die bekende en onbekende omstandighede van die lewe uit te leef.

Alhoewel sending die rede vir die kerk se ontstaan is en beskryf word deur Bevans en Schroeder as die moeder van die kerk, is albei, sending en kerk, vandag ewe belangrik. Sending is iets wat vandag van binne en buite die kerk kan ontstaan en steeds die impak het soos in die eerste gebeure van Handelinge. Binne enige vorming van ŉ missionale ekklesiologiese perspektief speel die direkte konteks ŉ belangrike rol oor hoe die vorming gaan plaasvind. Die vorming kan begelei word deur na sending te verwys as ŉ profetiese dialoog. Binne die vorming vind die navorser dat beide die bekende strukturele vorm van die kerk en die nuwe vorming in ag geneem moet word en dat die een nie die ander bedreig nie, maar positief kan en wil beïnvloed. Die huidige Suid-Afrikaanse konteks lyk heeltemal anders as die van die boek Handelinge en daarom is dit nodig om te erken dat kerk en sending op ŉ nuwe manier ‘n impak gaan maak op die huidige konteks. Dit is belangrik dat die kerk steeds oor die boodskap van God se verlossing, genade, verandering en genesing getuig om kerk te kan wees (Bevans & Schroeder 2001:loc108).



© University of Pretoria

Roxburgh (2011) skryf ook dat die wêreld se konteks orals drasties verander en dat die kerk daarmee saam moet beweeg, sodat mense binne die veranderinge steeds die teenwoordigheid van God in hulle lewens en gemeenskappe kan ervaar. Dit is waar die belangrikheid van sending as inkulturasie ʼn rol speel. Inkulturasie word beskryf as die wyse hoe gelowiges deel van hulle konteks kan raak en hulle geloof daarin kan uitleef (Bevans & Schroeder 2011:loc1378). Handelinge 1:8 raak ʼn vertrekpunt aan van hoe geloof deel moet vorm van gelowiges se daaglikse lewens, asook in tye van nuwe en vreemde omstandighede. Hoofstuk drie beeld die belangrikheid van inkulturasie uit en dat gelowiges hulle geloof deel moet laat maak van hulle gemeenskap binne en buite die kerk gebou. Dit is dus moontlik vir almal om te kan opserweer en hul geloof uit te leef sodat dit die gemeenskap kan transformeer.

Bevans en Schroeder se studie leer mens om eerder ʼn gesprek te begin met die konteks as om met voorveronderstellings in enige konteks in te beweeg. Praktiese ervaring dien as hulpmiddel hoe om ook prakties betrokke te raak in jou eie gemeenskap. Met praktiese ervaringe word daar terug verwys na die belang van hoe om sending as profetiese dialoog in ʼn leefstyl vorming te verstaan soos beskryf in hoofstuk vier. Daarom sal die studies oor missionale teologie altyd verander omdat dit toepaslik sal word vir die konteks waarin dit voorkom. Een kernrealiteit is egter dat Jesus Christus se verlossing die enigste is en dit sal altyd die kerk se fokus bly en sal nooit verander kan word nie. Die manier hoe dit wel verkondig word, is waar missionale teologie ons help om in dialoog te tree en dit prakties uit te leef.

Daar is reeds deur gelowiges begin om, as gevolg van veranderende omstandighede, kreatief te dink oor sinvolle kerkwees in hul gemeenskappe. *3rd Place Church*, *The Icon Tribe, Rhythm of life* en Dialoog Gemeente is almal voorbeelde van sending wat ingekulturaliseer het. Bevans en Schroeder (2011:loc254) se beskrywing van God as ʼn werkwoord, impliseer dat God deel is van sy gemeenskap en in ʼn verhoudingsverband binne elke mens op aarde werk: *"This life in communion spills out into creation, healing and sanctifying calling all of creation, according to its capacity, into that communion, and once in that communion, sending that creation forth to gather still more of it into communion*." Die nuwe ingekulturaliseerde vorm van kerk is tekens van God se verhouding met mense wat saam met Hom aktief betrokke is in hul gemeenskappe. Hirsch (2006:loc297) se beskrywing van die nuwe vorm van kerk is weer aspekte wat lewe



© University of Pretoria

gee aan die kern van die kerk. Die navorser het bevind dat kerk werklik diep gekoppel is aan sending en soos Bevans en Schroeder geskryf het dat sending die moeder van die kerk is, is dit vandag steeds sigbaar net soos in die Handelinge gebeure.

Die beskrywing van Bevans en Schroeder oor God wat verbind is deur middel van verhoudings beeld uit dat gelowiges ook verbind moet wees deur verhoudings te vorm met ander binne hulle gemeenskappe. Bolsinger (2004) sien dit ook as ŉ realiteit omdat mense altyd op soek is na gemeenskap, of anders beskryf, ŉ plek waar mense mekaar aanvaar vir wie hulle is. Die rol van aanvaarding is juis die sleutel wat help hoe om in dialoog te tree met die wat reeds betrokke binne ŉ gemeenskap is of wil wees. Geloof is nie net meer ŉ individuele ervaring nie, maar ŉ aspek van die lewe waar mense besef hulle kort ander se insprake en geloofstories om hulle te bemoedig en iets dieper van God te verstaan. Sending in die lig van die Trinitariese geloofsverstaan, is die roeping en werk van God waar God ŉ menslike gemeenskap vorm wat sy gelykheid is en sy regverdigheid verstaan en uitleef. Die geloofsiening vra van ŉ mens om te besef dat alles aan mekaar gekoppel is in die wêreld (Bevans & Schroeder 2004:loc7184). Die tye waarin ons vandag leef, beeld uit in watse rigting die kerk gefokus moet wees en dit is ook so belangrik vir die kerk om dan ook die tye reg te lees (Niemandt 2007:9). Dialoog stel mens juis oop om na die omstandighede te luister en deur te luister die tye reg te lees en te verstaan. Sending deur middel van ŉ Trinitariese geloofsverstaan bring juis verskeie kontekste en sienings nader aan mekaar, sodat die verhouding tussen God en mens sigbaar geleef kan word.

Wanneer daar gekyk word na sending as profetiese dialoog in die vorming van ŉ leefstyl-teologie kom die realiteit na vore dat sending nie gekoppel is aan ŉ gebou nie. Bevans en Schroeder beskryf sending as die moeder van die kerk. Maar in die era word meeste gelowiges as kerkganger groot en is baie gebind aan die idee van ŉ gebou. McNeal se siening dat sending ŉ wyse van leef is, beeld iets uit wat weer wegbeweeg van die gebou na die verantwoordelikheid van die lidmaat om sendinggefokus te leef. Volgens Bevans en Schroeder se verstaan is kerk nie die allerlaaste belangrikheid nie. Die missionale kerk is ŉ beskrywing van kerk wat sending uitleef en die boodskap van Jesus kontekstualiseer (Bosch 2009:421, 423). Die boodskap word wel verstaan as Jesus wat as Sendeling gestuur is na die mensdom om mense te help anders dink en leef (Bevans & Schroeder 2004:loc2208). Jesus se wyse leer sy gelowiges dat hulle binne elke konteks die boodskap van God se redding sinvol moet uitleef. Die leefstyl van Jesus is ook vandag



© University of Pretoria

die kerk en volgelinge se voorbeeld van hoe om steeds die boodskap van God se redding te verkondig in tye van verandering.

Die missionale kerk is die uitbeelding van God se sending vir die wêreld, ŉ profetiese dialoog wat daar was van die begin af. God stuur sy mense om in die wêreld ŉ verskil te kan maak en sy reddingsboodskap aan almal te kan verkondig (McNeal 2009:20,21). Die mens se ervarings van God in die wêreld help om ŉ teologie te skep wat gemik is op sy werk in die wêreld en betrokkenheid van die mens daarby. Missionale teologie help mens verstaan hoe om betrokke te raak en hoe om te luister na die harte (stemme) van mense waarin God reeds werk. In die vorming van ŉ missionale teologie vind mense God en wat sy hart is vir die mense in alle kontekste waarin ons onsself vind. Missionale teologie se fokus is eerder die storie van God vir die wêreld as die kerk in die wêreld.

Die siening van ŉ profetiese dialoog help die navorser om te verstaan dat om ŉ gesprek te vorm binne ŉ reedsbestaande konteks wat al jare lank in dialoog is, skep geleentheid om die lewenstyl van mense te beskryf en hoe om geloof daarin te laat inkulturaliseer. Elke konteks het ŉ stem en hoe dit gehoor word, sal bepaal of mens missionaal daarbinne kan leef. Die missionale kerk probeer nie iets nuuts vorm van wat sending is nie, maar help mense om te besef dat God reeds besig is en dat mens daarby moet inval (McNeal 2009:23). Missionale teologie skep ook die realiteit dat binne die profetiese dialoog almal welkom is om deel van die gesprek te kan wees. As sending die rede is dat die kerk ontstaan het, moet mens besef dat jy eers deel van ŉ konteks moet word en geloof daarbinne uitlewe, sodat ander weet dit is moontlik.

Sending as leefstylteologie verander die fokus van hoe mens as navorser anders sal kyk na die kerk. Die siening maak die verskuiwing dat kerk nie meer intern gefokus kan wees nie, maar na die buitekant gefokus moet wees. Dit is belangriker om mense te ontwikkel as om hul deel te maak van nog ekstra programme wat niks bydra tot hul eie persoonlike geloofsontwikkeling nie. Die wyse waarop leierskap plaasvind, is nie meer gebaseer op waar jy vandaan kom of aan watter kerk jy gekoppel is nie, maar hoe jy leef onder alle mense. Binne die hoofstuk van sending as lewenstylteologie word daar beksou dat die Trinitariese verstaan van God gekoppel is aan die werklikheid van ŉ God wat belangstel om in verhouding te staan met die mensdom wat Hy gevorm het. Binne die verhouding sal die waarheid altyd dieselfde wees, maar die manier hoe dit sigbaar vir ander mense geleef



© University of Pretoria

moet word, sal so gefokus wees dat hulle die waarheid van God se boodskap sal verstaan en deel vorm van die verhouding. Missionale teologie sal altyd transformeer en toepaslik word vir die konteks waarin die Evangelie verkondig word.

Generasies het elkeen unieke eienskappe en in die hedendaagse Suid-Afrika word daar orals nuwe en verskillende generasiegroepe gevind. Bevans en Schroeder se studie dui baie duidelik daarop dat die konteks waarin mens leef, verstaan en bestudeer moet word voor daar net aksie geneem word. Die Suid-Afrikaanse konteks is multikultureel en het ook ʼn baie jong populasie. Deur gebruik te maak van Chang (2012) se studie van die verskeie unieke groepe mense in Suid-Afrika, besef die navorser hoe belangrik dit is om die mense binne ʼn konteks te verstaan en ook te weet hoe mense binne elke konteks funksioneer en die lewe aanpak. Die verskeie "*Tribes*" soos waarna Chang verwys, is insiggewend, omdat dit die navorser se verstaan van die multi-kulturele land verbreed. Dit help ook hoe om die kerk deur middel van sending as profetiese dialoog binne die "*Tribes*" sinvol te inkultureer. Elke generasie het hul eie manier van kommunikeer en verstaan die lewe op hul eie unieke wyse. Dit is vir die navorser nodig om dit te verstaan want dit help om in dialoog te tree met ʼn onbekende konteks. Deur dialoog word gesien en beskryf hoe diep betrokke God, wat sending is, werklik in elke konteks is en nie net van ʼn afstand af daarna te kyk nie (Bevans & Schroeder 2011:loc268).

Kerk het dalk na sending ontstaan volgens Bevans en Schroeder, maar kerk is deel van die uitbeelding van God se dialoog met die wêreld en die boodskap wat sending aan die wêreld gebring het is sigbaar deur die kerk as verteenwoordiger van die werk. Die meerderheid van die jonger generasies het dalk wel van hul ou kulture af weggegaan, maar dit beteken nie dat hulle ʼn verkeerde besluit geneem het nie. ʼn Profetiese dialoog skep hoop uit alle plekke en ook deur alle mense wat die hoop uitleef, al is dit deur ʼn kerk, organisasie, uitreik of net ʼn individu. ʼn Belangrike vraag wat ontstaan het uit die missionale teologie, is of die kerk soos wat dit vandag lyk, nog steeds toepaslik is en word dit sinvol uitgebeeld. Die vraag is nie of die kerk nog nodig is nie, maar of die boodskap wat die kerk oordra, nog steeds sinvol oorvertel word vir die huidige konteks waarin dit leef. Dis belangrik sodat hulle weer ʼn plek kan vind waar hulle geloof kan bly groei. Die kerk is nodig en sal altyd wees omdat dit deel is van God se hart vir die wêreld, maar hoe dit lyk en sigbaar word, kan altyd verander.



© University of Pretoria

Die kerk moet nie so insmelt in die konteks dat dit nie meer sigbaar is nie, maar moet so geleef word dat mense altyd weet die teenwoordigheid van God deur sy kerk is met hulle. Kerk is nie suksesvol as bloot die kerktorings in ŉ dorp of straat sigbaar is nie, maar of God se teenwoordigheid sigbaar is en die kerk deel is van die realiteit. Die koninkryk is meer sigbaar deur dit aan jou lyf te voel, en nie om dit van vêr af te sien nie. Vir die kerk om as ŉ getuie van die Evangelie op te tree is om sensitief met die konteks om te gaan en leer ook hoe om saam met die konteks te verander soos wat die konteks daagliks verander (Bevans & Schroeder 2004:loc8488). Die sensitiewe verstaan van ŉ konteks wat verander, begelei die kerk in ŉ wyse van hoe sending as profetiese dialoog sinvolle veranderings binne ŉ konteks maak, eerder as om daarteen op te staan en jare later eers te verander.

Wat die navorser persoonlik geleer het is om eerder te vra wat is God se plan vandag en hoe leef mens saam met die plan, as om net te dink hoe hy die kerk beter kan laat lyk vir die huidige konteks. Die kerk is deel van God se kreatiwiteit op aarde van hoe mense sy hart uitleef na mense wat hulle nie ken nie, tot die mense wat jou die beste ken.

Profetiese dialoog word nie geskep om ander verkeerd te bewys nie, maar om die transformasie van die kerk en die wêreld te dien. Die dialoog is nie beperk tot plek en tyd nie en dit kan mense enige tyd en plek beïnvloed tot ŉ beter verstaan van die kerk en die boodskap van Jesus. Die fokus van sending as profetiese dialoog bring die moontlikheid na vore om die verskeie "*Tribes*" in die Suid-Afrikaanse konteks beter te verstaan en daarbinne die kerk se profetiese dialoog te inkultureer sodat mens en kerk weer bymekaar kan uitkom op ŉ manier waar God se sending weer sigbaar kan wees vir beide die kerk, lidmate en die wat buite die strukture leef.

God se hart strek uit na die mens en so vorm missionale teologie deur om God se hart na te volg. Sending is die rede dat die Christelike geloof ontstaan het, maar dit het die plek geword waar mense kan leer en die belangrikheid van sending verstaan. Kerk het mense meer bewus gemaak van God se hart en het die herder geword vir sendingwerk. Die kerk is deel van sending omdat dit deur middel van genade vasgevang is in die *missio Dei* (Bevans & Schroeder 2004:loc6855). Missionale teologie word geskep deur gesprekke en ervaringe van God, sodat mense se denke kan skuif en vernuwe. Sendingwerk is nie iets wat gebeur as mense God na ŉ nuwe gebied bring nie, want Hy is alreeds daar, maar die



© University of Pretoria

manier hoe ons oor Hom praat, kan dalk anders klink. Daarom moet ons altyd nuut dink oor teologie, kerk en sending (Niemandt 2007:68). Die rede vir die nuwe denke is sodat die nuwe generasies God kan verstaan in hulle taal en so ook verstaan dat Hy ook vir hulle lief is.

Missionale kerk is die groot nuwe verstaan van kerk, maar dit bly kerk en die rede daarvoor is dat God betrokke is by die mens. God was en is nog altyd reg vir die mens se veranderende konteks. Dit is egter die mens wat sukkel om by sy eie verandering te bly. Om missionaal gefokus te wees, is om die plan van God uit te leef sodat die wêreld vry kan wees van sonde en gebrokenheid (McNeal 2009:21). Hierdie is ŉ stuk waarheid wat nooit verlore mag gaan in enige verandering nie. Missionale teologie se veranderings kenmerk ŉ varsheid in mens se gedagtes om te besef dat God reeds betrokke is en die betrokkenheid van God kan elke dag anders lyk. Sending in die vorm van ŉ leefstyl, beteken ook dat mens nie elke dag dieselfde gaan lyk of met dieselfde dinge betrokke gaan wees nie. God lei nie die mens in ŉ bepaalde roetine in nie, maar in ŉ lewende verhouding waar dialoog elke dag plaasvind.

Profetiese dialoog as ŉ tafelgesprek is een van die plekke waar nuwe denke en generasies kan gesels oor die veranderinge. Verandering kan vandag nie deur ŉ piramiedestruktuur gebeur waar die meerderheid moet luister na die minderheid nie. Die navorser het bevind dat die metafoor van Bevans en Schroeder na profetiese dialoog as ŉ tafelgesprek verwys, iets uitbeeld oor watter tipe verhouding daar gevorm is tussen die kerk en die wêreld. Die tafelgesprekmetafoor is ŉ wyse waarop die kerk meer in dialoog kan tree met die huidige generasies in Suid-Afrika. Die navorser verstaan dat die tafelgesprek ŉ metafoor is wat geleentheid skep vir dialoog en ook so nuwe denke vorm oor hoe die kerk vandag sal lyk in die huidige konteks. Om ŉ tafelgesprek kan mense van binne en buite die kerk meer leer oor God se sending en hoe om meer geïnkultureer te leef onder nuwe omstandighede. In alles wat alreeds gesê is, kom dit duidelik na vore dat indien mens sinvol wil getuig, is die werklike verstaan van ŉ mens se konteks baie belangrik.

Die kenmerke van ŉ missionale kerk is gebind aan die eienskappe van ŉ missionale kerk. Niemandt (2007) se voorbeeld van hoe ŉ missionale kerk lyk en die kenmerke daarvan, beeld uit hoe die missionale kerk rondom die tafelgesprek in dialoog tree binne die konteks waarin dit bestaan. Die nuwe styl van kerk is as gevolg van God se kreatiewe



© University of Pretoria

werk binne die mens en sy insprake om die tafelgesprek. Die kerk help mense ontwikkel tot ŉ beter verstaan van God, maar dit is ook ŉ plek waar mens besef God se teenwoordigheid strek oor die hele wêreld. Die missionale verstaan van kerkwees is iets wat ook binne die strukturele kerk geskep kan word en ander help om deel te vorm van die verandering. Sodoende word ook God se hart beter leer ken, eerder as om net een styl van kerk en die lewe te verstaan. Niemand word weggewys van die tafelgesprek nie en daarom vorm dit juis ŉ dialoog vir almal om na die tafel te kom en hul verstaan van sending en kerk te deel. Die kerk is God se hande en voete in die wêreld en sending is die hart van God wat uitgeleef word. Die ontwikkeling van mense vind plaas deur middel van verhoudings. Die kerk is nie net ŉ plek waar mense kom om te ontvang nie. Dit word ŉ plek waar mense besef dat die lewe wat aan hulle gegee is, met ander gedeel moet word (Niemandt 2007:84). Missionale teologie probeer die dade van mense in woorde omskep, sodat mense kan leer en ook so beter verstaan wat dit beteken om sinvol te leef binne die bepaalde konteks. Die kerk is een van die beste plekke waar mense die sinvolheid van verandering kan leer en so ook deel vorm van die profetiese dialoog.

Gebed en liturgie is aspekte wat soms nie te ernstig opgeneem word nie en die navorser het bevind dat dit belangrike aspekte is in die groei van mense se geloof en verstaan van sending. Bevans en Schroeder (2004:loc 6877) se beskrywing van liturgie help mense om te verstaan dat gelowiges nie uit hierdie lewe moet ontsnap nie, maar moet transformeer om meer soos Christus te wees en sy koninkryk te gaan uitleef in die wêreld en in hulle huidige konteks. Profetiese dialoog skep ruimte vir almal se sieninge, maar lei altyd terug na die hart van God. Soms is die maniere hoe ons dit dan uitbeeld ŉ koue gevoel en het dit waarde verloor, maar gebed en liturgie is vorms van hoe gelowiges iets van God binne en buite die strukturele kerk kan ervaar en ook deur goeie vormende liturgie gelowiges meer kan leer van God se sending.

Teoloë se grootste taak vandag is om seker te maak dat alle generasies die Evangelie sal verstaan en beleef soos wat God dit voorgeskryf het. Die jonger generasies wat nie sigbaar is in die kerk nie, is dalk wel sigbaar buite die kerk. Om egter te dink dat mens die jonger generasies terug in die kerk sal kry, is dalk die grootste fout wat ons vandag kan maak. Die feit bly dat kerk belangrik is en dat mense aanklank vind daarby, maar indien nie, beteken dit nie hulle het hulle geloof verloor nie, maar eerder dat hul nodig het om op ŉ nuwe manier hul geloof uit te leef in hulle konteks. Liturgie en gebed kry nuwe betekenis in die huidige konteks en die navorser het geleer dat mense al hoe meer neig



© University of Pretoria

na 'n spirituele ervaring van God. Deur middel van liturgie en gebed herleef mense weer die teenwoordigheid van God.

Gebed en liturgie skep die geleentheid vir mense om saam met God te lewe en in gesprek met Hom te tree. Dit skep juis 'n wyse van hoe mense deel kan vorm van die dialoog en ook so help liturgie mens om dieper begelei te word in die teenwoordigheid van God. As daar een ding in die wêreld is wat mense kort, is dit gebed en dit is ook iets wat almal in staat is om te kan doen. Woorde beeld die hart van die mens uit, maar gebede bind mense in die soeke na God in hul lewens en die wêreld.

Gebede help die mensdom om ook te reflekteer op hulle eie lewens. Daarom vorm mens ook nuwe teologie, omdat ons refleksie ons 'n dieper verstaan van die lewe gee. Om meer missionaal te lewe is om 'n egte spiritualiteit te vorm. Spiritualiteit in die hedendaagse konteks raak al hoe belangriker en daarom vind mense dit noodsaaklik om met God in 'n verhouding te kan wees .

Die diepte van God se hart en sending kan nie beperk word nie, maar dit moet ook toegelaat word dat ander se sieninge oor waar God betrokke is, erken word. God is saam met mense in hul publieke, sosiale en persoonlike lewe en hulle moet leer om Hom daagliks daarin te vind. God maak ons nie blind vir Hom nie, maar ons voorveronderstellings van waar God is en by wie God is, maak ons blind vir sy alomteenwoordigheid. As teoloog lei mens ander om God raak te sien in hulle alledaagse lewe, anders word hulle harte koud vir God se teenwoordigheid. Missionale teologie impliseer ook om God aan ander te openbaar en nie om Hom na ander te neem nie. Missionale teologie help ons om ons siening van God te verander van 'n God wat vêr was na een wat by ons is. Die koninkryk van God is alreeds hier en die profetiese dialoog was nog altyd aan die gang. Daar is niks wat enige mens kan doen om dit te keer nie.

Om as teoloog sinvol te lewe in die huidige konteks, is nie om alles aan almal te openbaar en al die antwoorde te hê nie, maar om saam met ander te lewe. 'n Mens se naaste is nie om die draai nie, maar is die persoon vir wie jy 'n naaste word. Die vorming van 'n missionale teologie is nie om ander te leer nie, maar om hulle te dien en daaruit saam te ontdek. Die konsep van iemand wat 'n sendeling is, het sy perke, maar iemand wat besef dat diensbaarheid die hart van God is, sal nooit anders leef as om ander te dien nie. Alhoewel daar verskeie denominasies oor die jare gevorm het, sal die kerk in die toekoms



© University of Pretoria

geken word as mense wat mekaar bedien en bystaan. Die kerk is nie ʼn plek nie, maar daar waar almal welkom is en toegelaat word.

Dialoog skep geleentheid vir generasies om in gesprek te tree met mekaar en so ook die verskeie wêreldperspektiewe met mekaar te deel. Die rol van ʼn profetiese dialoog is nie om die beste perspektief te kies nie, maar om die waarheid in alle perspektiewe na vore te bring en seker te maak dit draai om die waarheid van God se boodskap aan die wêreld. Missionale teologie laat mense juis besef dat die kerk steeds nodig is in die wêreld. Alhoewel dit anders kan lyk, bly die teologie by Christus as die Redder en Verlosser vir die mensdom.

Integriteit staan uit bo alles wanneer dit kom by die waarheid wat gepraat en geleef word. Die Evangelie het geen bymotiewe nie en daarom kan mens nie die waarheid verdraai nie. Die toekoms van die kerk kan nie gemeet word aan hoeveel nuwe mense daar by ʼn diens was of hoeveel kollekte ingesamel is nie. Teoloë moet oppas om nie agter die suksesse van die wêreld aan te loop nie, maar eerder te fokus om dit wat hulle het, te gebruik met ʼn dienende en nederige gesindheid. Die stories van die eerste volgelinge het nie die impak van hulle werk altyd besef nie maar vandag is daar miljoene Christene wat oor die wêreld leef en bedien as gevolg van hulle gehoorsaamheid. Hulle werke is ʼn getuienis dat dit wat die kerk vandag ook doen veraltyd onthou sal word deur generasies wat nog nie eers van die kerk se bestaan weet nie. Profetiese dialoog help gelowiges om die realiteit te harte te neem en steeds die reddings boodskap van God vir die wêreld te bly verkondig.



© University of Pretoria

## Literatuurlys

Barna, G. & Dallas, B., 2009, *Master Leaders, Revealing conversation with 30 leadership greats,* Christian Art Publisher, Vereeniging.

Belcher, J., 2009, *Deep Church: A third way beyond emerging and traditional,* InterVarsity Press, Downers Grove.

Bevans, S.B. & Schroeder, R.P., 2004, *Constants in context: A theology of mission for today,* Orbis Books [Kindle], New York.

Bevans, S.B. & Schroeder, R.P., 2011, *Prophetic dialogue: Reflections on Christian mission today*,Orbis Books [Kindle], New York.

Bohm, D., 1996, *On dialogue,* Routledge, New York.

Bonhoeffer, D., 1998, *The cost of discipleship*,  Broadman & Holman Publishers [Kindle], Nashville.

Bolsinger, T. E., 2004, *It takes a church to raise a Christian: How the community of God transforms lives,* Brazos Press [Kindle], Grand Rapids.

Bosch, D.J., 2009, *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission,* Orbis Books, New York.

Breedt, J.J., 2012, *Relational leadership and the challenges faced by the Missional Church,* PhD proefskrif by die Universiteit van Pretoria, beskikbaar by http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05072013-110227/unrestricted/00front.pdf *[toegang op 2013/08/05].*

Chang, D., 2012, *New urban tribes of South Africa,* Flux Trends [Kindle], Johannesburg.

Claiborn, S., 2006, *Irresistible revolution: Living as an ordinary radical,* Zondervan, Grand Rapids.

Dialoog Gemeente, 2012, *Tuis,* beskikbaar by http://www.dialoog.co.za/2.0/ [toegang op 2013/07/29].

Dulles, A., 1976. *Models of the Church,* Doubleday, New York.

Easum, B., 2000, *Leadership on the other side: No rules, just clues,* Abingdon Press [Kindle], Tennessee.

Flux Trends, 2012, *About Dion Chang*, beskikbaar by: http://fluxtrends.co.za/about-dion-chang/. [toegang op 2014/02/05].

Gibbs, E., 2005, *Leadership next: Changing leaders in a changing culture*, Inter Varsity Press [Kindle], Downers Grove.

Goodreads, 2013, *Quotes About Faith,* Beskikbaar by: http://www.goodreads.com/quotes/tag/faith, [toegang op 2013/09/03].



© University of Pretoria

Greene, C. & Robinson, M., 2008, *Metavista: Bible, church and mission in an age of imagination, the church after postmodernity*, Authentic Media, Colorado Springs.

Hirsch, A., 2006, *The forgotten ways: Reactivating the missional church*, Brazos Press [Kindle], Grand Rapids.

Hirsch, A. & Ferguson, D., 2011, *On the verge: A journey into the apostolic future of the church,* Zondervan , Grand Rapids.

Jones, T., 2001, *Postmodern youth ministry: Exploring cultural shift, cultivating authentic community, creating holistic connections,* Zondevan, Grand Rapids.

Joubert, S., 2012, *Ontsluit die Nuwe Testament,* Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Joubert, S., 2013, *Leiers werk uit hul swakhede,* Beskikbaar by: http://www.beeld.com/opinie/2013-05-12-leiers-werk-uit-hul-swakhede [toegang op 2013/05/14].

Kinnaman, D., 2011, *You lost me: Why young Christian are leaving the church*, Baker Books, Grand Rapids.

Kothari, C.R., 2004, *Research Methodology: Methods and Techniques,* New Age International (P) Limited., New Delhi.

McLaren, B.D, 2007, *Everything must change: Jesus, global crises, and a revolution of hope,* Thomas Nelson, Nashville.

McLaren, B. D., 2010, *A New kind of Christianity*, Hodder & Stoughton, London.

McManus, E.R., 2005, *The barbarian way: Unleash the untamed faith within,* Thomas Nelson, Nashville.

McNeal, R., 2009, *Missional renaissance: Changing the scorecard for the church,* Jossey-Bass, San Francisco.

Miller, D., 2003, *Blue like jazz,* Thomas Nelson [Audio Book], Nashville.

Mostert, B., 2011, *Wanneer God mense nuut maak: Herlewings wat nasies verander het,* Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Myer, J.R., 2003, *The Search to belong: Rethinking community, and small groups,* Zondervan [Kindle], Grand Rapids.

Nel, M., 1994, *Gemeentebou,* Orion Uitgewers, Johannesburg.

Newbigin, L., 1989, *The gospel in a pluralist society,* Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids.

NG Kerk, 2011, *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk*, beskikbaar by http://www.ngkerk.org.za/AS2013/wp-content/uploads/2013/09/A.12.7-MISSIONALE-AARD-EN-ROEPING-VAN-DIE-NG-KERK.pdf. [toegang op 22/01/2014].



© University of Pretoria

Niemandt, N., 2007, *Nuwe drome vir nuwe werklikhede: Geloofgemeeskapppe in pas met ŉ postmoderne wêreld,* Lux Verbi.BM, Wellington.

Niemandt, C.J.P., 2010a. 'Five years of missional church: Reflections on missional ecclesiology', *Missionalia* 38(3), 397-413.

Niemandt, C.J.P., 2010b, 'Acts for today's missional church', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 66(1), Art. #336, 8 pages. DOI: 10.4102/hts.v66i1.336

Osmer, R.R., 2008, *Practical Theology: An Introduction,* Wm. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids.

Peterson, E. H., 2006, *Eat this book: The art of spiritual reading*, Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids.

Rhythm of life, 2014. *What we do,* beskikbaar by http://www.rhythmoflife.co.za/about/what-we-do/, [toegang op 2013/07/25].

Roxburgh, A.J., 2011, *Missional: joining God in the neighbourhood*, Baker [Kindle], Grand Rapids.

Schoeman, K., 2010, *Tien sterkpunte wat die spieël ons wys,* beskikbaar by http://gemeentes.co.za/kruisgewys/kruisgewys-junie-2013/223#.UcQMRL4biLo.facebook, [toegang op 25 Junie 2012].

Swart, J., 2009, *Handelinge en Gestuurde Gemeentes,* beskikbaar by http://communitas.co.za/blogs-communitas/tussenin/handelinge-en-gestuurde-gemeentes/ [toegang op 2014/04/20].

Sweet, L., 2004. *Summoned to Lead*, Zondervan [Kindle], Grand Rapids.

Sweet, L., 2010, *Nudge, Awakening each other to the God who's already there*, Published by David C. Cook [Kindle], Colorado Springs.

The Icon Tribe, 2011, *Home,* beskikbaar by http://theicontribe.co.za [toegang op 2013/07/29].

Tickle, P., 2012, *Emergence Christianity, What it is, Where it is going en Why it matters,* Baker Books [Kindle], Grand Rapids.

Van Wyngaard, G.J., 2010. *Response to Roger Schroeder: Reflecting on prophetic dialogue in the context of South Africa, beskikbaar by:* http://www.academia.ed65900/Response_to_Roger_Schroeder_Reflecting_on_prophetic_dialogue_in_the_context_of_South_Africa, [toegang op 03/09/2013].

Verschuren, P. & Doorewaard, H., 2012. *Designing a Research Project, Second edition,* Eleven International Publishing, The Hague.



© University of Pretoria

Viola, F. & Barna, G., 2002, *Pagan Christianity, Exploring Roots of Our Church Practice* , Tyndale House Publisher [Kindle], Carol Stream.

Wagner, P.C., 2008, *The Book of Acts*, Regel, Ventura.

Wepener, C. & Van der Merwe, J., 2009, *Ontdekings in die erediens,* Lux Verbi.MB, Wellington.

World Council of Churches, 2012, *Together towards life: mission en evangelism in changing landscapes*, beskikbaar by http://www.oikoumene.org/en/resources/documents/wcc-commissions/mission-and-evangelism/together-towards-life-mission-and-evangelism-in-changing-landscapes, [toegang op 2014/04/20].

Wright, N.T., 2011, *How God Became King, The Forgotten Story of the Gospels,* Pan-American Copyright Conventions [Kindle], HarperCollins Publishers, New York.

3rd Place Church, 2007, *Home,* beskikbaar by http://3rdplace.co.za/love/, [toegang op 2013/0729].



© University of Pretoria